

AFRIKAANSE IDIOME, SPREEKWOORDE EN SEGSWYSE

HOOGENHOUT, P.I.

439.3631

HOO

AFRIKAANSE IDIOME,
SPREEKWOORDE
EN SEGSWYSES.

DEUR

P. I. HOOGENHOUT, B.A.

EN

J. J. A. SCHOEMAN. B.A., LL.B.

(TIENDE DRUK)



MASKEW MILLER BEPERK
KAAPSTAD

Afrikaanse Idiome; Spreekwoorde en Segswyses

A

Hy het a gesê en sal ook b moet sê : hy sal moet voortgaan, soos hy begin het.

Van a tot z : van begin tot end ; tot in die fynste besonderhede.

So glad soos 'n aal (paling) : iemand wat altyd 'n uitweg kry ; op wie mens nooit 'n vat kry nie.

Altyd op dieselfde aambeeld slaan : altyd op dieselfde saak terugkom ; altyd oor dieselfde onderwerp praat.

Aan wees : dronk wees. Vgl. ook : hoog aan wees : baie dronk.—Die jong is hoog aan.

Daar nie op aankom nie : nie saak maak nie.—Hy kan my nie betaal nie, maar dit kom daar nie op aan nie.

Iets van aan : waar. Meesal met die oñtkenning : na grondige ondersoek het dit geblyk dat daar niks van aan was nie.

Sy aand- en môrepraatjies kom nie ooreen nie : hy bly nie altoos by wat hy gesê het nie ; hy hou nie altyd woord nie.

Aangeklam wees : so effentjies dronk wees.

Iemand met twee aangesigte ; 'n huigelaar ; 'n vals persoon.

Goed (sleg) by iemand aangeskrewe staan : (nie) in iemand se guns staan (nie).

Êrens aangewaaï kom : êrens onverwags en toevallig aankom.

Aanhou(er) wen : deur vol te hou bereik jy op die-ou-end jou doel.

Iemand skeef aankyk : afkeuring van sy woorde of sy gedrag te kenne geë. Vgl. Nedl., waar die uitdrukking die betekenis het : hom beny of wantrou.

By 'n dame aanklam(p) : 'n Dame se hart probeer wen.

Iemand nie skeef mag aankyk nie : nie die geringste van hom mag sê nie.

By iemand aanlé : Kyk by „aanklam.”

Groot aanloop hê : druk.besoek word ; ook van 'n winkel, ens. wat 'n groot aantal klante het.

In aansien wees : geag wees.

Sonder aansien van persoon : g'n onderskeid maak

Iemand met die nek aansien : hom met minagting behandel.

Iemand tot iets aanspoor : aanmoedig.

Aanspraak maak op 'n ding : Sy reg laat geld ; eis.

'n Aanspraak hê aan 'n persoon : van iemand se geselskap hou ; die genot van sy geselskap besit.

Aanstálte maak : begin klaarmaak, toebereidsels maak.

'n Steen des aanstoots : iemand of iets wat ergernis veroorsaak. So 'n rondskuiwery in die kerk is vir die predikant 'n steen des aanstoots.

Hom iets aantrek : hom kwel oor iets ; sleg voel oor iets.

Iets aanvoer : 'n begin daarmee maak.

Al dra 'n aap 'n goue ring, hy bly tog maar 'n lelike ding : uiterlike opskik verhoog nie die innerlike waarde van 'n persoon nie.

Daar kom die aap uit die mou : daar blyk sy eintlike bedoeling ; sy geheime oogmerke kom voor die dag.

Dink dat jy 'n aap aan die stert beet het : dink dat jy iemand enig iets kan wysmaak ; jou verbeel dat jy iemand alles vir soetkoek kan laat opeet.

Iemand aapstert gee : hom onder die sambok steek.

'n Aartjie na sy vaartjie : van 'n kind wat na sy pa aard (gewoonlik in ongunstige betekenis).

Sy lyf aasvoël hou : net op etenstyd êrens aankom en dadelik na ete weer vertrek.

Die aasvoëls het hom beet gehad : sy klere is baie stukkend ; hy sien daar erg gehawend uit.

As die Here 'n land straf, is die aasvoëls by : daar is altyd mense wat munt slaan uit ander se ongeluk.

Jy ken nog nie eers die abc nie : Jy is nog baie dom (onkundig).

Dis vir my somaar nes abc : dis vir my glad te maklik.

In Abraham se skoot sit : In 'n genoeglike toestand verkeer ; 'n aangename, rustige lewe lei.

Die Achilles-hiel van 'n saak : die kwesbare punt.

Iemand nie van Adam af ken nie : hom glad nie ken nie.

Die ou Adam aflê : hom verbeter.

Familie van Adam se kant : baie ver familie : (ook) heeltemal nie familie nie.

- Aan iemand se adres :** bedoel vir iemand : daardie aanmerking was aan jou adres.
- Homself adverteer :** met sy eie voortreflikhede te koop loop.
- Soos 'n advokaat praat, (pleit) :** gevat en glad met sy tong wees.
- Ek wil daarvan af wees :** dit het my ontgaan ; ek kan nie met sekerheid sê nie.
- 'n Huis vir afbraak verkoop :** om dit te laat afbreek.
- Afbreuk doen aan iemand of iets :** benadeel ; skade berokken.
- Op die afdraend wees :** sy ondergang vinnig tegemoet gaan, met die bygedagte dat dit deur eie skuld is ; (ook) liggaamlik swak word.
- 'n Afgedankste loesing :** 'n kwaai pak slae.
- Afgerem lyk :** moeg en afgemat lyk ; (ook) siek lyk.
- Van iemand of iets 'n afgod maak :** hom as wat wonders beskou ; hom buitensporige eerbied betoon : oordrewe met iets ingenome wees.
- Iemand afhaal :** hom beledig ; slegsê ; hom op sy plek sit.
- Iemand afjak :** hom 'n kortaf antwoord gee ; hom afsnou.
- Op iemand afklim :** hom slegsê.
- Iemand van iemand anders afkonkel (afrokkel) :** op onderduimse manier van hom af wegkry, b.v. : My bure het nou solank gesukkel tot hulle my bediende van my afgekonkel het (deur hom b.v. 'n groter maandgeld te betaal).
- Iemand iets afleer :** van 'n slegte gewoonte genes ; sien dat hy dit nie weer doen nie.
- Met mekaar afmaak :** na 'n rusie, ens., weer vriende maak.
- Met iemand afreken :** hom betaal wat 'n mens skuldig is ; (by oordrag) hom sy verdiende straf gee.
- Êrens afsaal :** êrens kom om te vry ; daar anker gooi.
Vgl. ook : **êrens donkie vasmaak.**
- Van iets afsien :** dit opgee, laat vaar (sy regte, ens.).
- Iemand afskeep :** hom nie gee wat hom toekom nie ; hom onbillik behandel.
- Iets aan iemand afsmeer :** iets aan hom verkoop waar hy geen nut van het nie ; wat hy nie weer van die hand kan sit nie.
- Iemand afsnou :** kyk by „afjak.”

- Agies hoort in die wolwehok :** as teregwysing vir iemand wat nuuskierig is. Vgl. „nuuskierige Agie.”
- Agter iets kom :** die waarheid te wete kom.
- Iets agterkom :** dit gewaar word.
- Iets agteraf doen :** iets stilletjies doen.
- Agteraf wees :** nog nie 'n hoë trap van beskawing bereik het nie : In daardie deel van die land is die mense nog 'n bietjie agteraf.
- Agterbaks te werk gaan :** op 'n skelm.manier iets doen.
- 'n Agterdeurtjie oophou :** 'n uitweg oophou.
- Agtermekaar :** in orde, in die haak. Ook van persone ; 'n **agtermekaar boer :** 'n boer op wie se plaas alles in die haak is.
- Ons twee sal agtermekaar hardloop :** ons twee sal rusie kry.
- Agteros kom ook in die kraal :** die laaste een kry ook 'n kans ; die stadigste bereik ook op die ou-end sy doel ; die domste kom ook eindelijk sy eksamen deur.
- Agterstevoor :** verkeerd : agterstevoor te werk gaan.
- Aispaai (aspaai) speel :** wegkruipertjie speel. Engels, I spy.
- 'n Akkeltjie maak :** iets besonder knap doen.
- Alkant selfkant :** daar nie op aankom nie ; nië saak maak nie. B.v., Growwe brood of wit brood, dis vir my alkant selfkant.
- Twaalf ambagte en dertien ongelukke :** Gesê van iemand wat gedurig van werk verander. (Vgl. Engels : Jack of all trades, master of none.)
- Amen sê op alles :** alles beaam ; alles goedkeur.
- Amper maar nog nie (stamper) :** dit het byna geluk.
- Anderland-toe gaan :** oorsee gaan (gewoonlik Europa-toe).
- Êrens anker gooi :** kyk by „afsaal.”
- Apie maak van iemand :** hom vir die gek hou.
- Met die ronde appels gooi :** baklei.
- Iets vir 'n appel en 'n ei verkoop :** goedkoop ; spotgoedkoop.
- Die appel val nie ver van die boom nie :** 'n kind se geaardheid is gewoonlik baie soos dié van sy ouers.
- Appel aanteken teen iets :** in hoër beroep kom : Die prokureur het dadelik teen die vonnis van die magistraat appel aangeteken.

- 'n Appeltjie met iemand te skil hê :** 'n onaangename saak met hom af te handel hê.
- 'n Arige vent :** 'n nare, bot, sturse vent.
- Sy arm lig :** te veel drink.
- 'n Stuiwer in die armbeurs gooi :** ook saampraat (van 'n kind gesê tussen grootmense).
- As is verbrande hout :** tot iemand wat allerhande veronderstellinge maak, besware opper en sodoende sy sinne met die woordjie „as ” begin.
- Iemand se hand in die as slaan :** hom in iets oortref ; (veral) hom sy nôi afvry ; hom daar stukkend loop.
- In die as sit :** verslae wees of berou hê : pas op vir te jonk trou : 'n mens sit gou-gou in die as.
- Uit die as geskop wees :** niks beteken nie.
- Sy asem ophou :** vir die uitslag vrees.
- 'n Regte ou asjas (askoek) :** 'n arme ou sukkelaar ; 'n niksbeduidende vent.
- Hy kan regtig die askoek slaan :** hy kan baie goed dans.
- So suur soos asyn :** 'n onvriendelike persoon.
- 'n Augias-stal reinig :** 'n groot opredderingswerk verrig.

B

- Iemand op sy baadjie gee (kry) :** hom 'n pak slae gee ; hom in bekwaamheid of vaardigheid oortref.
- Iemand op sy baadjie takseer :** hom na sy uiterlik oordeel.
- Sy baadjie uittrek :** hard begin werk.
- Sy baadjie vir iemand uittrek :** klaar maak om met hom te baklei.
- 'n Baan opskop :** baie lawaai maak ; moleste maak.
- Op die lang baan skuiwe :** onbepaald uitstel.
- Baar :** onervare ; teëstelling van „oorlams.”
- Eers Baas en dan Klaas :** eers die meerdere en dan die mindere.
- Êrens baas speel :** daar doen wat hy wil.
- Baas bo baas :** elkeen kry sy meerdere ; elkeen kry sy moses.
- Iemand baas raak :** iemand oorwin ; sy meerdere word.
- Sy eie baas wees :** onafhanklik wees.
- Bafta-blou :** (van kleure) — donkerblou ; ook in die uitdrukking : iemand bafta-blou slaan, d.w.s. hom bont en blou, pimpel en pers slaan.

- Bak en brou :** werk so op 'n manier doen ; dit verknoei ; (ook) onder mekaar knoei.
- Voorbeelde : 1. Hy gaat kort-kort dorp-toe en laat die volk op die plaas maar bak en brou.
2. By sy aanstelling is heelwat gebak en gebrou.
- Môre bak ons koekies, gehoor! :** om 'n kind te troos as hy aanhou oor iets wat hy nie mag kry nie.
- Gou by die bak, lui by die vak :** gesê van iemand wat graag eet maar te lui is om te werk.
- Iemand van bakboord na stuurboord stuur :** van die een na die ander ; van Pontius na Pilatus.
- Jy sal moet bak staan :** jy sal al jou kragte moet inspan ; baie hard moet werk.
- Iemand in die bak werk :** iemand by die werk verby strewe ; hom wen.
- Baken steek :** van die perd afval.
- Op die bakoond sit :** te oud wees om te trou.
- Die bal mislaan :** hom vergis.
- 'n Kruisie aan die balk maak :** spesiaal opteken. B.v.,
 Ons kan gerus 'n kruisie aan die balk maak dat Jan vandag so soet was.
- Balsem in die wond giet :** 'n woord of 'n daad om iemand se leed te versag.
- Uit die band gesprong wees :** baie stout of onwettig wees.
- Iemand bandvat :** kortvat ; invlieg ; goed op die vingers tik.
- Beter bang Jan as dooie Jan :** beter te versigtig as onverskillig te wees.
- Deur die bank :** sonder uitsondering ; almal : Sy skape is deur die bank vet.
- Bankrot speel :** sy boedel as insolvent oorgee.
- Al bars die bottel :** al gebeur wat ook al : Gaan sal hy moet, al bars die bottel.
- Iemand op sy bas gee :** hom 'n pak slae gee.
- Basta (tussenwerpsel) :** hou op (met) ! B.v., Basta (met) julle gehardloop hier deur die huis.
- Iemand baster maak :** hom onterf.
- Dit sit my in die bed :** verbaas my in hoë mate ; slaat my dronk.
- Met die verkeerde been uit die bed (kooi) klim :** 'n slegte bui hê.

Van tafel en bed geskei : gedeeltelike egskeiding.

'n Bedorwe brokkie : 'n stoutgemaakte kind.

'n Beeld van 'n mens : 'n baie mooi mens.

Weer op die been kom : van 'n siekte herstel ; (ook) geldelik weer vooruitgaan.

Net vel en been : baie maer.

Been-af wees op iemand : verlief wees op iemand.

Sy beste beentjie voorsit : sy uiterste bes doen.

'n Bees van homself maak : hom onfatsoenlik gedra deur b.v. te veel te eet of te drink.

'n Beesbak : van iets wat uitermate groot is : 'n beesbak van 'n spinnekop ; 'n beesbak van 'n hoed.

Begaan wees oor (met) iets : baie van iets hou ; geesdriftig wees oor 'n saak.

Klein begin, aanhou win : deur vol te hou bereik jy op dié ou end jou doel, hoe gering die eerste kraginspanning ook al is.

'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig : Aan iemand wat gou is om iets te begryp, hoef jy nie die hele storie haarfyn te vertel nie. Gewoonlik toegevoeg aan iemand wat nie gou iets vat nie.

Bek-af wees : doodmoeg wees ; nie op jou stukke wees nie.

Vir die beker : geweldig veel : dit reent vir die beker.

Sy bekoms hê van iets : daar heeltemal genoeg van hê.

'n Bekprater : 'n grootprater ; ook iemand wat ander heuning om die mond smeer ; 'n vleier.

Beloofte maak skuld : wat jy beloof, moet jy doen. Gewoonlik word daaraan ironies toegevoeg : „En wie daarvoor wag, raak gekuld.”

Sy bene dra : vinnig weghardloop ; (ook) sy knieë dra.

Baie bene gekou hê : baie moeilikhede gehad hê.

Op eie bene staan : vir homself sorg ; onafhanklik wees.

Ou bene kou : 'n onaangename saak wat reeds halfvergeet is, weer oprakel ; ou koeie uit die sloot haal.

Op sy laaste bene wees : naby sy dood wees.

Nie ou bene maak nie : nie lank lewe nie ; nie oud word nie.

Die Benjamin van die huis wees : die jongste ; die lieveling wees.

Geen benul van iets hê nie : daar glad geen begrip van hê nie.

Iets te berde bring : dit ter sprake bring ; dit op die lappe bring.

'n Berg van 'n molshoop maak : iets erg oordryf; 'n geringe sakkie as uiters gewigtig voorstel; van 'n klein werkie 'n reusetaak maak.

Iemand goue berge belooft : hom die pragtigste beloftes maak, gewoonlik met die bygedagte dat van al die mooi beloftes niks kom nie.

Berge versit : groot dinge ten uitvoer bring.

Van sy sinne beroof : mal.

Berou kom altyd te laat : 'n mens kry spyt van 'n verkeerde daad, ens., as daar niks meer aan te verhelp is nie.

Nuwe besems vee skoon : by die aanvaarding van 'n betrekking word daar om voldoening te gee groot ywer aan die dag gelê, met die bygedagte dat die ywer gaandeweg verslap.

Onder die besemstok staan : die vrou speel baas oor die man.

Besin voor jy begin : moenie oorhaastig te werk gaan nie; dink eers goed na voor jy 'n saak aanpak.

• **Beskimmeld (verskimmeld) wees** : skaam, bedeesd wees in geselskap van vreemdelinge.

Beslag lê op iets : die goed onder hom neem in naam van die wet; (ook) in besit neem.

Tot iemand se beswil : in sy eie belang.

Teen sy beterwete praat : iets beweër, ofskoon 'n mens goed weet dat die teengestelde waar is.

Iemand of iets betrek : bekruipt (wild); 'onverwags en op gemene wyse aanval.

Betrekking hê op iets : daar sin in hê; daar mee te doen hê.

Iets ('n perd) bevange ry : styf ry.

Aan die bewind sit : beheer hê oor: die regering vorm.

'n Bewysie van iets : gewoonlik met die ontkenning: gister het die weer mooi opgesteek, maar vandag is daar weer nie 'n bewysie van reën nie—nie die minste teken nê.

Alle bietjies help : die skynbaar nietige dinge het ook waarde; die geringste poging tot hulpvaardigheid het waarde.

Meer biltong sny as wat jy kan opeet : meer sê as wat jy kan verantwoord of bewys, meer aanpak as jy kan voltooi.

Op sy binnevet teer : van sy kapitaal lewe.

- By iemand in 'n goeie blaadjie staan :** in sy guns staan.
- 'n Nuwe blaadjie omslaan :** sy plig beter vervul ; 'n beter lewe begin lei.
- Die aftog blaas :** terugtrek, retireer.
- Warm en koud blaas :** vir homself teësprek.
- Op die tou blaas :** die osse aanspoor om vinniger aan te stap. Ook : „Blaas op die touketting.”
- Die perde laat blaas :** die diere 'n bietjie laat rus ; stilhou om die perde te laat asem skep.
- Blad steek (stoot) :** mekaar die hand gee, as teken dat hulle dit oor iets eens is ; (ook) met die hand groet.
- Sonder om te blik of te bloos :** sonder enige tekens van skaamte.
- Laaste sien van die blikkantien :** van iemand wat stil verdwyn, gewoonlik met agterlating van skuld.
- In die land van die blindes is éénoog koning :** onder 'n klomp dommes word iemand wat 'n bietjie meer weet as die ander, as wat wonders beskou.
- Soos blits iets doen :** baie gou iets doen.
- Bloed is dikker as water :** 'n mens het meer oor vir jou eie familie as vir vreemdes.
- Kwaad bloed sit :** twis veroorsaak.
- Bloed uit 'n klip tap :** van iemand die onmoontlike eis.
- 'n Blok aan sy been hê :** nie vry wees in sy handelinge nie.
- Bloots ry :** sonder 'n saal ry ; sterk drank drink sonder water by te gooi.
- Iemand (die vyand) blouboontjies gee :** hulle onder die koeëls steek.
- 'n Blou Maandag :** 'n dag waarop alles verkeerd loop.
- Elke blou Maandag :** kort-kort. Elke blou Maandag het die klas 'n ander onderwyser.
- 'n Blou skeen kry :** die nec-woord kry (van 'n nôi).
- Praat tot jy blou word :** tevergeefs praat.
- Dis 'n blouperd van 'n ander kleur :** dis presies eners.
- Sy blus is uit :** hy is kragteloos ; dit is klaar met hom ; hy is totaal uitgeput.
- Die meisie bleik haar :** bly in die huis (met die oog op die a.s. aanneming).
- Bo water wees :** 'n moeilikheid baas wees ; 'n onbesorgde bestaan hê.
- Bobaas wees in iets :** die beste, die bekwaamste.

- Die bobbejaan agter die bult gaan haal :** moeilikhede halfpad tegemoet gaan.
- Bobbejaanstuipe kry :** erg ontstel oor 'n kleinigheid ; (ook) geveinsde ontsteltenis.
- Nie hoe of ba sê nie :** nie 'n stomme woord ; heeltemal niks sê nie.
- Boedel oorgee :** bankrot gaan.
- Hom boeglam skrik :** totaal lam. Vgl. ook : 'n perd trek hom boeglam.
- Soos 'n boek praat :** vlot en logies gesels.
- Dis 'n boek! :** Dit is ongetwyfeld so ; dis seker.
- Ander se boeke is duister om te lees :** 'n ander se sake is moeilik om te verstaan.
- Boeke vat :** huisgodsdienst hou.
- Sy boekie is vol :** hy het genoeg kwaad gedoen en moet nou van al die verkeerde dinge rekenskap gee.
- Baie op sy boekie hê :** baie kwaad gedoen het ; baie op sy gewete hê. Vgl. Baie 'op sy kerfstok hê.
- Êrens boer :** êrens herhaaldelik kom ; 'n groot deel van sy tyd daar deurbring. Die beste boer vandag weer in die mielielande.
- Die boer die kuns afvra :** probeer om agter iemand se geheime te kom.
- Bof(fie) speel :** wegkruipertjie speel.
- Hom 'n boggeltjie lag :** baie lekker lag ; hom 'n ongeluk lag. Ook : hom 'n boggel met 'n skuifraampie lag.
- Bohaai (pohaai) maak :** onnodige of oordrewe lawaai maak oor 'n nietige saak.
- So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael :** baie bang.
- Bok in die wingerd laat loop :** iemand te veel vertrou.
- 'n Bok skiet :** 'n flater, 'n growwe fout begaan.
- Bok-op-die-muur wees :** 'n afwagtende houding aanneem om te sien hoe 'n saak gaan afloop voor jy jou daarin meng.
- 'n Ou bok lus ook wel 'n jong blaartjie :** 'n ouman hou ook nog van jong meisies. (Ook gesê van 'n ouman wat met 'n jong vrou trou).
- Bokerf (bo-kerf) trek :** dit baie swaar kry ; dit hot-agter kry.
- Boknieë hê :** van 'n broek wat voor by die knieë uitstaan ; (ook) van 'n perd met krom voorbene.

- Bokkom braai** : as teken van bekwaamheid. Hy kan nog nie bokkom braai nie—hy beteken totaal niks. Hy is nog onbekwaam in sy vak.
- Boksprong (het geboksprong of bokgesprong)** : rondsprong van 'n dier. By oordrag : enige moontlik ekskuus maak om hom uit die moeilikheid te red.
- Bokveld-toe wees** : dood wees.
- Iemand 'n pas gee na die koue Bokveld toe** : hom doodskiet (vir spionering, verraad, ens.).
- Bokwagter word** : die hubare leeftyd verbygaan ; ou-jongnoui se kant-toe gaan.
- Bolmakiesie slaan** : by oordrag : skielik van standpunt verander ; die teengestelde politiek van sy vroeëre volg.
- Die bom te gou laat bars** : Die saak (grap) deur oorhaastigheid of voortvarendheid bederwe.
- Bombarie (bombalie) maak** : lawaai maak.
- In die bone wees** : in die moeilikheid sit.
- Sy bont varkie is weg** : hy is nie heeltemal reg nie.
- Tussen die boom en die bas wees** : kyk by „Vis nòg vleis” (ook) middelmatig goed. B.v. : „Hoe gaan dit met die sieke ? — So, tussen die boom en die bas, —nie te sleg nie, maar dit kan beter.”
- 'n Mens moet 'n boompie buig solank as hy nog jonk is** : 'n mens moet iemand in sy jong jare in die regte rigting opvoed, al moet jy daartoe geweld gebruik ; die slegte karaktertrekke uithaal as die kind nog jonk is.
- Die hoogste bome vang die meeste wind** : Hoe hoër iemand geplaas is, hoe meer word hy gekritiseer.
- Dis boomskraap(-sel)** : dis die laaste.
- Boontjie kry sy loontjie** : elkeen kry sy verdiende loon.
- Iets oor boord gooi** : opgee ; dit laat staan.
- Teen die bors stuit** : 'n afkeer van iets hê ; mishag.
- Om die bos draai** : nie dadelik met 'n saak voor die dag kom nie ; daaromheen praat.
- Iemand om die bos lei** : hom bedrieg.
- Agter elke bos uitskop** : oorspronklik van wild, as dié in oorfloed êrens te vind is. By oordrag ; van persone (gewoonlik met die ontkenning) : Sulke mense kan jy nie agter elke bos uitskop nie, — mense met soveel bekwaamheid is skaars.
- Geld soos bossies** : baie ryk ; skatryk.
- Al bars die bottel (al breek die fles)** : kom wat wil, dit moet gebeur.

- In die botter val :** 'n groot-geluk tref, veral van persone wat tot 'n betrekking met 'n vet salaris aangestel word, of wat ryk trou.
- Dis botter op sy brood :** water op sy meul; dit sterk hom in sy kwaad.
- 'n Mens sou sê botter smelt nie in sy mond nie :** 'n mens sou hom as doodonskuldig en -bedoord beskou, terwyl hy tot allerhande katekwaad in staat is.
- Botter by die vis :** kontant betaling.
- 'n Botterkop :** 'n persoon of dier wat kleiner is as die gewone; (ook) 'n domkop.
- In die brand sit :** in moeilikheid wees.
- Die koeie het in die brand geloop :** skertsend gesê wanneer swart koffie geskink word.
- Iemand 'n brander stuur :** per brief skerp berispe.
- Dis vir my net 'n brekfis :** 'n kleinigheid; ek doen dit baie maklik; b.v., Daardie werk is vir my net 'n brekfis.
- In die bres spring vir iemand :** iemand verdedig.
- Briek (Eng. „brake ") aandraai :** iemand daartoe bring om minder haastig en voortvarend te werk te gaan; hom aanraai om hom minder kras oor iets uit te laat.
- Sy briek is los :** kyk by „Hy is op die afdraand.”
- Anderman se briewe (boeke) is duister om te lees :** iemand anders se sake of handelwyse is moeilik om te verstaan.
- Iemand 'n bril op die neus sit :** hom bedrieg; (ook) 'n lelike gebou vlak voor sy voordeur oprig.
- As 'n mens op jou broek slaan, loop hy :** hy is 'n uiterste lafaard.
- Dit sit nie in jou broek nie :** jy kan dit nie doen nie.
- Broekskeur gaan :** baie swaar gaan : Jy kan my glo, dit het vir die osse broekskeur gegaan om die vragwa daardie bult uit te trek.
- Ek sal dit nog op sy brood smeer :** hom goed die waarheid sê; met hom afreken.
- Dié een se dood is die ander se brood :** kyk by dood.
- Iemand se brood uit sy mond neem :** hom sy middele van bestaan ontroof.
- Mooi broodjies bak :** 'n nederige toon aanslaan; mooi-praat.
- Broodrug maak :** van 'n perd wat sy rug krom maak om die ruiters af te gooi.

- Die bruid is in die skuit, nou is die mooipraatjies uit :**
 as 'n dame eers getroud is, maak die man haar nie
 meer so baie komplimente as voor hulle huwelik nie.
- 'n Buffel :** 'n onbeskofte vent.
- Buikvol vir iets wees :** daar sat van wees ; daarvan walg.
- Hom te buite gaan :** hom gruwelik vererg ; aan oormaat
 skuldig maak.
- Soos 'n bul in 'n glaskas :** op 'n plek waar hy nie tuis
 hoort nie.
- Die bul by die horings pak :** 'n geleentheid te baat
 neem ; (ook) nie vir 'n moeilike taak terugdiens nie,
 hom fluks aanpak.
- Oor die bult wees :** verdwyn, verlore wees. As gevolg van
 die droogte is my mielie-oes oor die bult.
- Lyk of iemand 'n Bybel ingesluk het :** hom baie gods-
 dienstig voordoen.
- Iemand bydam :** hom voorkeer en goed die waarheid
 vertel.
- 'n Bywoner êrens wees :** daar nie veel gesag hê nie.

C

- 'n „Cum ” kry :** 'n eksamen „cum laude ” (met lof) aflê.

D

- Iemand slaan tot by oom Daantjie in die kalwerhok :**
 hom 'n geweldige pak slae, 'n kafferpak gee.
- Daarnatoe wees :** daar nie op aankom nie ; goed wees.
- Daar sal dadels van kom :** daar sal niks van kom nie.
- Iemand dadels gee :** 'n pak slae gee.
- So klaar as die dag :** heeltemal duidelik.
- Soos dag en nag verskil :** in hoë mate verskil.
- Met iets voor die dag kom :** iets openbaar.
- Môre is nog 'n dag :** moenie te haastig wees nie.
- Daar is 'n dak op die huis :** tot iemand wat met die
 hoed op die kop die huis inkom.
- Iets van die dakké verkondig (preek) :** Dit oral rond-
 vertel.
- Eers te erg en dan te danig :** Van 'n persoon wat by
 die begin baie vriendelik en toegewend is, maar nader-
 hand niks verdra nie.
- Nou sal die poppe dans :** nou sal die moeilikheid (lawaai)
 begin.
- Na 'n ander se pype dans :** net maak soos hy sê.

- Met Dapper en Stapper gaan :** tevoet loop.
- Weet waar Dawid die wortels gegrawe het :** op die hoogte van iets wees ; daar alles van weet. Hollands : „Weten waar Abraham de mosterd haalt.”
- Die twee is Dawid en Jonathan :** hulle is' troue vriende.
- Onder die dekmantel van :** as voorwendsel (gewoonlik met ongunstige betekenis).
- Die deler (heler) is so goed as die steler :** deur gesteelde goed te ontvang en te bêre maak jy jou ook skuldig aan diefstal.
- 'n Derdegelui wees :** 'n drel wees ; altyd laat wees ; baie tydsaam wees.
- Derdemannetjie speel :** iemand wat 'n verliefde paartjie deur sy teenwoordigheid in die pad staan of hinder.
- 'n Ander duintjie (deuntjie) sing :** anders praat ; sy eise laer stel. .
- Vee eers voor jou eie deur :** maak eers reg wat by jouself verkeerd is.
- Met die deur in die huis val :** sonder omweg met die rede van sy koms voor die dag kom.
- Wie agter die deur staan, soek 'n ander ook daar :** foute en gebreke waar jy self aan mank gaan, soek jy ook by 'n ander.
- Die deur oopsit vir iets :** die geleentheid daartoe gee.
- Iemand deur loop :** hom 'n pak gee.
- Iemand die deur wys :** hom wegja.
- Die deurslag gee :** die saak beslis ; afdoende wees.
- 'n Deurtrapte dief :** 'n dief wat sy werk ken.
- Elkeen is 'n dief in sy nering :** kyk by “ nering.”
- Iemand iets diets maak :** iemand iets wysmaak.
- Hou maar dig :** moenie aan ander vertel nie ; hou die saak geheim.
- So dig as 'n pot :** van iemand wat niks meedeel nie ; iemand wat 'n geheim goed bewaar.
- Deur dik en dun (steun) :** onder alle omstandighede ; in voor- en teenspoed.
- Daar dik in sit :** ryk wees.
- Vir iemand dik wees :** moeg wees vir sy geselskap ; kwaad wees vir hom.
- Iemand disnis loop (hardloop, ens.) :** hom ver oortref.
- Êrens doekies om draai :** nie ronduit met die waarheid daaromtrent voor die dag kom nie.

Sy doel bereik : sy sin kry ; uitvoer wat sy oogmerk was.
Die doel heilig die middele : enige slegte daad is geregverdig solank die doel maar goed is.

Iemand ('n meisie) doepa gee : haar op hom verlief maak.

Iemand dokkies gee : hom met 'n albaster op die kneukels skiet.

In die doliwarie wees : spoggerig wees.

Te dom om voor die duiwel te dans : uifers dom.

Donkerwerk is konkelwerk : wat jy in die donker doen, verknoei jy.

Donkie êrens vasmaak : Kyk by „Êrens afsaal.”

'n Donkie skop gouer as 'n perd : jy word eerder deur 'n onopgevoede as deur 'n opgevoede persoon beledig.

Donsies op sy bolip hê : begin baardkry.

Goed om die dood te gaan haal : baie stadig en tydsaam.

Hy wil om die dood nie kom nie : hy weier beslis om te kom.

Wat nie dood maak nie, maak vet : as jy nie daarvan doodgaan nie, dan sal dit jou vet maak. (Gebruik as iemand nie seker is van iets wat hy moet eet of drink nie.)

So dood as 'n mossie (slaan ens.) : morsdood.

Die dood moet altyd 'n oorsaak hê : dis baie maklik om 'n ekskusie te kry.

Die een se dood is die ander se brood : die een se ongeluk is die ander se geluk.

Jou perde dood ja om 'n kwagga te vang : baie moeite doen vir 'n saak wat dit nie werd is nie ; groot onkoste maak vir 'n kleinigheid.

Iemand die dood op die lyf ja : iemand baie groot laat skrik.

Die dood is in die pot : alle lewe, handeling, vrolikheid is verdwyn.

So doof as 'n kwartel : stokdoof.

Ek is nie doof nie : moenie so hard praat nie.

Voor dooimansdeur kom : die mense nie tuis kry nie ; (ook) êrens tevergeefs om hulp of ondersteuning aanklop.

'n Doorgestoke kaart : 'n afgesproke saak.

Uit die ou doos : outyds ; ouderwets.

Iemand dop hou : hom in die oog hou ; vir hom oplet.

In 'n eksamen dop : druipe ; onderdeur wees.

'n Goeie dop steek : taamlik veel van sterke drank hou.

- Jy is nog skaars uit die dōp :** jy is nog somaar 'n bog-kind ; nog onervare.
- Dis doppie in die emmer met hom :** dis klaar met hom.
- 'n Doring :** 'n flukse kêrel ; 'n grootman.
- 'n Doring in iemand se oog :** 'n saak wat vir iemand uiters hinderlik is.
- 'n Dorkas :** 'n weldadige vrou.
- Sy dorsland teëkom :** kyk by „druïwe.”
- Dou-voor-dag opstaan :** baie vroeg in die oggend.
- Sy jare goed dra :** jonger lyk as wat hy is.
- Iemand se draad knip :** iemand kwaad doen ; benadeel.
- Kort van draad wees :** gou kwaad word.
- Iemand se draadwerk opwen :** hom senuweeagtig, opgewonde maak oor iets ; (ook) hom boosmaak.
- Vol draadwerk wees :** vol nukke en grille ; moeilik tevrede te stel wees.
- Êrens draai :** kyk by „afsaal.”
- 'n Draai aan iets gee :** dit verkeerd voorstel ; dit probeer goedpraat.
- Sy draai kry :** voldoende tyd hê om iets af te doen. Gewoonlik met die ontkenning. Ek wou nog by julle kom groet het, maar ek kon regtig nie my draai kry nie.
- Altyd met 'n draai kom :** nooit reguit met 'n saak voor die dag kom nie.
- 'n Kaapse draai maak :** kyk by „Kaapse.”
- Die draak steek met iemand :** hom vir die gek hou.
- Droëbek tuiskom (êrens sit) :** teleurgestel ; sonder te geniet het wat hy hom voorgestel het.
- Sy droefheid op sy mou speld :** te veel uiterlike roubetoon.
- Dit slaan my dronk :** dit begryp ek nie ; dit het ek glad nie verwag nie.
- Iemand droogsit :** sy kansse by 'n dame verydel ; iemand uitoorlê.
- Iemand uit die droom help :** hom reghelp uit sy dwaling.
- Druipstert wegloop :** teleurgestel ; verleë. Ook in die uitdrukking : druiptert êrens aankom,—daar uiters nederig en onderworpe aankom, na hy hom hooghartig gedra het. B.v., Eers wou hy my kastig nie sien nie, maar naderhand moes hy maar weer druiptert aangekruip kom.
- Sy druïwe teëkom ;** iemand kry wat hom baasraak ; sy Moses kry.

(Jakkals sê :) „Die druiwe is suur” : gebruik as iemand met veragting praat van wat hy graag wil hê maar nie kon kry nie.

Druivekar gery het : dronk wees.

Die drumpel stukkend trap : tot vervelenstoe by mense kuier.

'n Druppel aan 'n emmer wees : van min betekenis wees.

Op 'n druppel water : presies eners.

In duie val : misluk.

Op sy duim fluit vir iets : dit nie weer terugkry nie. B.v., Vir die geld wat jy aan hom geleen het, kan jy gerus maar op jou duim fluit.

Vir iemand duim vashou : hom sukses toewens.

Iemand die duim op die keel hou : hom in bedwang hou.

Iets uit sy duim suig : lieg ; uit die lug gryp.

Iets op sy duim(pie) ken : dit uit sy kop ken ; dit deeglik ken.

Duits met iemand praat : reguit met hom praat ; hom kaalkop die waarheid sê.

Onder iemand se duiwe skiet : hom onderkruip ; hom benadeel,—veral met betrekking tot 'n mededinger in liefdesake.

So bang soos die duivel vir 'n slypsteen : baie bang.

Ledigheid is die duivel se oorkussing : kyk by ledigheid.

Die duivel vir sy nuwejaar kry : 'n vreeslike afjak op 'n onskuldige vraag kry.

Die duivel in wees : baie boos wees ; woedend wees.

Hy is 'n duivel om te lieg : hy kan verskriklik lieg.

Die duivel is los : van 'n twis of bakleiere wat losbars ; (ook) woedend wees ; ook gesê as alles jou teë loop en almal jou kwaad maak.

Praat van die duivel : as iemand onverwags sy verskyning êrens maak terwyl hy net juis die onderwerp van gesprek vorm.

Gee die duivel wat hom toekom : selfs in jou vyand moet jy goeie hoedanighede erken.

Ry (loop) asof die duivel agter hom is : met die grootste haas. Ook : **Duiwels dood en kleintjies groot loop (ry).**

Stille water, diepe grond—Onder draai die duiwe.
rond : skertsend van stil mense, om te kenne te gee dat nieteenstaande hul stil geardheid, hulle agteraf allerhande kattedwaad kan doen.

Altyd ewe dwars wees : onaangenaam wees ; graag argumenteer.

E

'n Eed neem op iets : die waarheid of andersins van iets met 'n eed bekragtig.

Een-twee-drie : in 'n kits ; in 'n oogwenk.

Eenbeentjie spring : 'n sekere kinderspelletjie waarby jy net op die één been rondspring.

Water op 'n eend se rug : gesê van 'n saak waarvan iemand hom niks aantrek nie. B.v., Sy verwyte is vir my soos water op 'n eend se rug (ek steur my daar nie aan nie).

Eendrag maak mag : in eenheid lê krag. Partykeer met die toevoeging : „Tweedrag breek krag.”

Iemand slaan dat hy sy ouma vir 'n eendvoël aansien : d.w.s. so slaan dat hy nie behoorlik uit sy oë kan sien nie. B.v., Pas op ! Hy is 'n baasbakleier en jy kan dalk jou ouma vir 'n eendvoël aansien.

Een-stryk-deur : sonder ophou ; aanmekaar.

Iemand die laaste eer bewys : sy begrafnis bywoon.

Op die veld van eer sterf : op die slagveld val ; sneuwel.

So eerlik as goud : deur-en-deur eerlik.

Eerlik het 'n os (lam) geslag : gesê van iemand wat hom doodgoed voordoen.

Oues dood en kleintjies groot eet : geweldig baie eet ; 'n mens die ore van die kop eet.

Ek eet my hoed op, as dit so is : dis absoluut seker dat dit nie die geval is nie.

Verandering van spys gee eetlus : 'n mens word sat van dieselfde ding aldag te sien of geniet.

'n Egiptiese duisternis : 'n volslae duisternis.

'n Halwe eier is beter as 'n leë dop : iets, hoe min ook al, is beter as glad niks nie ; beter wát as niks.

'n Eierdans uitvoer : in 'n netelige situasie sy woorde uiters versigtig kies.

Loop asof jy op eiers trap : baie stadig en versigtig loop.

Eksie-perfeksie : van iemand wat uitermate noukeurig en sorgvuldig te werk gaan. B.v., Jy is te eksie-perfeksie, daarom kry jy nooit jou werk klaar nie.

- In sy element :** in sy skik ; (ook) hom tuis voel in iets, b.v. die wetenskap.
- Op sy elf-en-dertigste :** so op 'n manier ; (ook) sleg. B.v., Hy het omtrent niks om te doen nie, en die bietjie doen hy nog maar so op sy elf-en-dertigste.
- Ter elfder ure :** amper te laat.
- Die elmboog lig :** te veel sterk drank gebruik.
- 'n Enakskind :** 'n reus.
- Aan die kortste (langste) ent trek :** in die ongunstigste (gunstigste) posisie wees ; die slegste of (beste) daar aan toe wees.
- Erigeld is swerfgeld :** geld en goed wat nie deur eie kraginspanning verkry is nie, raak jy gou-gou kwyt. Gewoonlik met die bygedagte dat jy as gevolg daarvan ontbering ly.
- Ertjies en boontjies êrens deur saai :** van kledingstowwe wat baie yl is.
- 'n Esel stamp hom nie tweemaal aan dieselfde klip nie :** 'n Mens maak nie tweemaal dieselfde fout nie.
- Esse gooi :** kort draaie (oorspronklik in die vorm van die letter S) maak met 'n kar of outo. B.v., Nee, met hom nie weer saam nie : hy gooi te veel esse met die kar.
- Evangelie :** 'n onloënbare waarheid : gewoonlik met die ontkenning. Sy woord is nie altoos evangelie nie (waar nie).
- Dis my om die ewe :** dis vir my alkant selfkant ; dit maak g'n verskil nie.
- Die ewigheid ingaan :** te sterwe kom.

F

- 'n Fariseër wees :** 'n huigelaar, 'n skynheilige wees.
- Iemand fidei-commis (filekommis) maak :** hom laat erf onder verpligting om die erfgoed later op iemand anders oor te dra.
- Fiemies :** aanstellings. B.v., Jy is sómaar vol fiemies : die een dag is die kos te sout en die volgende dag weer te varš.
- Filekondem wees :** kapot, klaar met die wêreld wees.
- 'n Flater maak :** 'n fout ; 'n growwe vergissing begaan.
- Nie 'n flenter omgee nie :** niks omgee nie.
- Flenters :** skreeulelik : Soe, maar daardie meisie is vir jou regtig flenters.
- Flerrie :** koket van die ergste soort ; Eng. „flirt.”

- Fleur** : bloei : in die fleur van sy jare.
- Flikkers** : oorspronklik 'n dans waarby 'n mens die bene teenmekaar slaan, en by oordrag die uitdrukking : **sy flikkers by 'n dame maak** : d.w.s. alles in die werk stel om haar hart te verower.
- Iemand flous** : hom bedrieg.
- Na iets fluit** : dit nooit weer terugkry nie. B.v., Die geld wat jy vir hom geleen het, kan jy maar na fluit.
- Fluit-fluit** : sonder die minste moeite : fluit-fluit het hy deur sy eksamen gekom.
- Moenie sê** : „**Fontejie, ek sal nie weer van jou drink nie**” : as waarskuwing tot iemand wat meen dat hy nie weer van iemand anders se dienste gebruik sal hoef te maak nie.
- Sy fortuin met die voete vertrap** : sy geluk wegskop ; van sy kansse geen gebruik maak nie.
- Frikkadel maak van iets** : dit lelik stukkend slaan, byt ens. Sy hond het van myne frikkadel gemaak.
- So fris as 'n vis** : perdfris ; heeltomal gesond.
- In die fuik wees** : verloof of getroud wees.
- Fyn uitgepiets wees** : netjies aangetrek wees.
- Op die fyn puntjies let** : baie sekuur wees.

G

- Gaaf** : (van persone) aangenaam in die omgang dis regtig 'n gawe man daardie.
- Oor iemand gaan** : hom geneeskundig behandel. B.v., Watter dokter gaan oor jou ?
- Al die tyd sit en gaap** : jou erg verveel.
- Gal spu(ug)** : lug gee aan sy woede, vreeslik boos wees.
- Bo iemand se gal** : bo sy kragte of bekwaamheid. Vgl. „bo sy vuurmaakplek” en „anderkant sy uitspanplek.”
- Sy pen in gal doop** : iets in die bitterste, kwaaieste bewoording op skrif stel.
- Iemand vir die galg-grootmaak** : hom in ondeug laat opgroeï.
- Botter aan die galg smeer** : vergeefse moeite doen om iemand te verbeter.
- Lyk asof 'n mens van die galg geval het** : daar maer en verwese uitsien, veral na 'n langdurige siekte ; (ook) daar soos 'n skelm uitsien.
- So slim as die houtjie van die galg** : geslepe.

- Die galopstuipe kry van iets :** daar iets van oorkom.
B.v., As so 'n skande my moet oorkom, kry ek daar die galopstuipe van. (Na analogie van „galøptering.”)
- Aan die voete van Gamaliël sit :** onderrig ontvang van 'n groot geleerde.
- Sy eie gang gaan :** handel soos hy goeddink, sonder om hom aan die opinie van ander daaromtrent te steur.
- Op 'n gangetjie :** taamlik vinnig, ofskoon dit beter kan.
Vgl. Op 'n draffie. Hoe gaat dit met die werk ? Nee, so op 'n draffie.
- Gans-gaar :** heeltemal : so iets sal ek gans-gaar nie doen nie.
- Ganse sonder vere soek :** na 'n nooi vry ; by 'n meisie kuier om haar die hof te maak.
- Die wind waai van die garsland af :** Die wind waai regtig koud.
- 'n Gat in die dag slaap :** 'n.groot deel daarvan om slaap.
- Iemand 'n gat in die kop praat :** hom iets wysmaak ; hom oorhaal tot 'n stap waar hy later spyt van kry.
B.v., Ek moes my nooit 'n gat in die kop laat praat het nie, dan het ek vandag nog my plaas gehad.
- Gate uit iets doen :** -baie lekker iets doen.
- Met gunste en gawe :** nie volgens verdienste nie maar uit voorttrekkery.
- Kort gebakerd wees :** gou kwaad word ; kort van draad wees.
- Iemand die tien gebooie lees :** hom op sy plig wys ; hom die les lees.
- Onder gebooie staan :** op die punt staan om te trou.
- In gebreke bly :** nalaat, versuim : in gebreke bly om 'n rekening te vereffen.
- Gedaan :** doodmoeg ; uitgeput (van droefheid, b.v.) ; (ook) verbruik.
- Gedaan met iemand wees :** op sy uiterste lê.
- Gedane sake het nie keer nie :** wat verby is, is verby ; aan wat verby is, kan jy niks verander nie.
- Wat 'n gedoente! :** wat 'n opskudding ; wat 'n lawaai !
- Geel vinkies :** goue ponde.
- 'n Geelbaadjie aanhê :** jaloers wees.
- Soos 'n gees lyk :** daar maer en vervalde uitsien.

- Eers gegewe en dan genome, erger as 'n dief gestole** (ook: **Eers gegee en dan geneem, erger as 'n dief gesteel**): deur iets eers te gee en dit daarna weer terug te vat, maak jy jou aan 'n growwer misdaad as diefstal skuldig.
- Nie 'n geheim van iets maak nie**: dit aan almal vertel; daar rondborstig mee voor die dag kom; dit rondbasuin.
- 'n Geitjie**: 'n meisie of vrou met 'n baie skerp tong; (ook) iemand wat jou sonder rede haatlikhede kan toevoeg.
- Elke gek het sy gebrek**: niemand is volmaak nie.
- Iemand vir die gek hou**: met hom die spot drywe.
- Die gekke kry die kaarte**: die sotte is die gelukkigste.
- Alle gekheid op 'n stokkie**: grappe op 'n end! Laat ons die saak nou ernstig behandel.
- Die gelag betaal**: gestraf word vir wat jy saam met ander verbrou het, terwyl hulle vryspring; (ook) gestraf word vir die kwaad wat ander gedoen het.
- Dis geld in die water gooi**: geld roekeloos verspil; geld mors; geld aan 'n saak bestee wat dit nie werd is nie.
- Geld wat stom is, maak reg wat krom is**: geld maak alles reg; geld regeer die wêreld.
- Die geld groei nie op my rug nie**: ek werk swaar vir my geld.
- Geld uit iemand se sak jaag (klop)**: hom laat geld uitgee; (ook) geld maak uit hom.
- Agter geld soos die duiwel agter 'n siel**: erg geldgierig; 'n geldwolf van die eerste water.
- Geld soos bossies**: volop geld. Gewoonlik met die toevoeging: skuld soos sand.
- Hoe geleerder, hoe verkeerder**: van 'n hooggeleerde wat weinig kennis van die alledaagse dingetjies van die samelewing aan die dag lê; skertsend ook van 'n geleerde wat baie min verdra. Verder nog van toepassing op iemand wat sy meerdere bekwaamheid misbruik ten nadele van iemand anders.
- Ook in die gelid wees**: ook saampraat (as kinders in die geselskap van groot mense verkeer).
- Meer geluk as wysheid**: voorspoed wat 'n mens nie aan eie oorleg te danke het nie.
- Die geluk loop hom onderstebo**: besonder gelukkig en voorspoedig wees.

So gemaak en so (ge-) laat staan : aan sy opvoeding is nie veel sorg bestee nie,—veral van iemand wat uitermate ongemaniërd is.

Genadebrood eet : deur iemand anders onderhou word ; ook van diere wat te oud is om te werk of van diens te wees. B.v., My ou perd, Geduld, eet al drie jaar genadebrood.

Iemand die genadeslag gee : van die laaste ramp, waardeur hy heeltemal uitgeroei word. Kyk ook by „Nekslag gee.”

'n Genant : iemand met dieselfde voornaam. Uiters gewoon by begroetinge : „Dag, genant !”

Kom of jy geroep is : net kom toe jou teenwoordigheid vereis is.

Sy gesangetjie is ook nou uit : hy het nou niks meer te sê nie ; hy het nie meer invloed nie.

Hom nie laat gesê nie : nie na goeie raad luister nie.

'n Geslote boek : van iets waar jy niks van begryp nie.

Iemand iets in sy gesig sê : ronduit sê.

Gesondheid in die rondheid : gebesig by die drink van 'n glasië wyn (bier), gewoonlik met die toevoëging : mooi meisies in die blomtyd.

Gestewel en gespoor : reisvaardig.

Getee wees : dronk wees ; (ook) mal wees.

Ghitaar speel : van kledingstukke, veral 'n ferweelbroek, wat by die loop 'n tjier-tjier-geluid laat hoor. B.v., Nee, 'n ferweelbroek nie weer vir my nie : dit speel te graag ghitaar.

'n Ghwar : iemand wat met die maniere van die beskaafde wêreld nie eintlik op die hoogte is nie ; (ook) „'n Tor,” in dieselfde betekenis.

Ek is nie gister se kind nie : ek weet van alles ; is op die hoogte van sake.

So glad as seep : sonder om te haak (van 'n les) ; sonder die minste vertraging (van 'n stuk werk).

Hom verbeel dat hy van glas is : baie bang wees vir seerkry. B.v., Man, waarom speel jy nie 'n bietjie voetbal nie, of is jy miskien van glas ?

In 'n glashuis woon : kyk by „huis.”

Was jou pa 'n glasmaker : skertsend tot iemand wat in die pad staan sodat 'n mens nie kan sien nie.

Daar is 'n geurtjie (ruikie) aan : die saak is nie heeltemal pluis nie ; daar is bedrog in die spel.

Goeie weet : 'n uitdrukking van onsekerheid, om te kenne te gee dat 'n mens glad niks van 'n saak af weet nie. B.v., Waarom begin hulle nie?—Goeie weet, ek nie! Vergelyk: Nugter weet. (Nedl.: dat mag Joost weten.)

Alte goed is anderman se gek : as jy alte goedhartig is, maak ander daar misbruik van.

Ver van jou goed, naby nou skade : dis beste om self na jou sake te kyk, anders moet jy skade verwag.

Goedkoop (is) duurkoop : goedkoop, en gevolglik minderwaardige artikels, kom jou op die ou end meer uit as duur maar deugdelike goed.

Hom verbeel dat die goewerneur se hond sy peetoom is : hom wat wonders verbeel; (ook) hom verbeel dat die koning se hond sy oom is.

Gogga : 'n skreeulelike persoon.

'n Taal maklik gooi : dit vlot praat: daardie kêrel gooi Sesoetoe maklik (lekker).

Die gort is gaar : die laaste woord of daad wat tot 'n uitbarsting aanleiding gee. B.v., Ek het my nog bedwing, maar toe hy my vir 'n lafaard uitmaak, was die gort gaar.

Te gou wees vir iemand : vinniger, ratser, slimmer wees; hom voor wees in iets.

Sy gewig in goud werd wees : regtig baie werd wees.

Dis nie alles goud wat blink nie : skyn bedrieg.

Elkeen se gouigheid : elkeen neem sy kans waar.

Agter uit die gramadoelas kom : agteraf wees; nie veel van die wêreld afweet nie.

Al deur baie gramadoelas gegaan hê : baie swaar gekry hê.

'n Grap en 'n hali : 'n baie groot grap; (ook) 'n onaangename posisie waaruit 'n mens hom nie op die oomblik weet te rêd nie. B.v., Daar stoom die trein die stasie binne en my keb is nog nie te sien nie; dis nou vir jou 'n grap en 'n half.

'n Mooi grap : om te kenne te gee dat jy nie met iets instem nie; 'n sekere reëling nie as billik beskou nie. B.v., Jy het saamgehelp om die papier op te gebruik en nou moet ek alleen daarvoor betaal?—Dis 'n mooi grap!

Êrens nie gras laat groei nie : dit nie uitstel nie; dadelik daar werk van maak.

- Êrens gras oor laat groei** : daar nie weer van praat nie ; dit vergeet laat raak (veral van iets onaangenaams).
- Daar is 'n slang in die gras** : ek vertrou die saak nie ; dis nie alles pluis nie.
- Die gras voor iemand se voete wegmaai** : die woord uit sy mond neem ; hom in iets voor wees.
- Van die gras af wees** : uit die pad wees ; dood wees.
- In die ou gras wees** : verkeerd, verdwaald wees.
- 'n Grensbalie** : 'n kind wat baie gou huil.
- Grieks wees vir iemand** : daar niks van verstaan nie.
- Groen en geel voor iemand se oë word** : duiselig word ; op die punt staan om flou te word ; (ook) dis alles vaal voor my oë van honger.
- Grond wen** : voordéel behaal.
- Nie meer grond voel nie** : ten einde raad wees.
- Tot in die grond** : totaal.
- Ek dag ek sou in die grond sink** : ek was totaal oorbluf ; uit die veld geslaan ; deur skrik oormeester.
- Sê groetnis** : aan iemand wat om iets aanhou sonder dat dit hom tōgestaan word.
- Eers grootmense en dan langore** : eers volwassene en dan kinders ; kinders moet hul beurt afwag.
- Soos 'n groot speld verdwyn** : (van persone) stil vertrek, sonder om sy nuwe adres op te gee (gewoonlik met agterlating van skuld).
- Na sy grootjie (peet)** : dis totaal verlore.
- Met groudag** : met dagbreek.
- Gunter** : meesal in die verbinding : daar gunter,—daar, op 'n taamlike afstand : daar gunter wei die vee.

H

- Haaitande hê** : 'skewe, vooruitstaande tande hê.
- In die haak** : in orde.
- Iemand haak (aanhaak)** : hom behulpsaam wees ; hom geldelike ondersteuning gee.
- 'n Haakplek** : 'n hinderpaal ; moeilikheid.
- Haaks wees** : met mekaar oorhoop lê ; mekaar nie vriendskaplik gesind wees nie.
- Sy haan moet altyd koning kraai** : hy wil altyd die meeste te sê hê ; hy wil altyd baas wees.
- Elke haan is baas (koning) op sy eie mishoop** : elkeen is sterk op sy eie grond.

- Daar sal nooit weer 'n haan na kraai nie :** daar sal niemand ooit weer van hoor nie ; dit sal geheim bly.
- 'n Haantjie :** 'n bakleierige seun ; 'n klein parmant.
- Twee hane op een werf gaan nie :** twee base in dieselfde besigheid betaal nie ; dubbel beheer gaan nooit nie.
- Op 'n haar na :** dit het baie min geskeel. B.v., Op 'n haar na het ek te laat gekom,—amper.
- Op 'n haar :** presies : sy twee karperde lyk op 'n haar eenders.
- Nie 'n bang haar op sy kop hê nie :** glad nie bang wees nie.
- Haarfyn :** uikers noukeurig : iemand iets haarfyn vertel.
- Hoe meêr haas, hoe minder spoed :** hoe haastiger jy te werk gaan, hoe minder vorder.jy.
- Soos 'n verskrikte haas lyk :** skertsend van iemand wat sy hare baie plat borsel.
- Haasbek :** sonder tande.
- Somaar met hael skiet :** algemene beskuldigings maak.
- Van die hak op die tak spring :** van die een onderwerp van gesprek op 'n ander een oorgaan, sonder dat daar 'n skynbare verband is tussen die twee. Vgl., „Van die os op die esel.”
- Nie by iemand se hakke kom nie :** ver deur iemand oortref word ; nie vir hom kan kers vashou nie.
- Op iemand se hakke (hiele sit) :** kort agter hom wees ; (ook) agter hom staan ; hom maar gedurig aanspoor.
- B.v. 1. Die twee sit met 79 en 80% in Afrikaans kort.op mekaar se hakke.
2. Hy is 'n luitaard : die onderwyser moet heeldag op sy hakke sit (bly), anders kom hy sy eksamen nie deur nie.
- 'n Hakskeenbytertjie :** 'n persoon wat iemand anders agteraf beskinner en nie die sedelike moed het om hom in sy gesig die waarheid te sê nie ; iemand wat by 'n ander man se nooi draai, sonder dat hy 'n kans staan om hom uit te sit.
- Met 'n half-maan loop :** skelm wees.
- Sy broek halfmas dra :** nie kort nie en ook nie lank nie ; so tussenin ; omtrent 'n halfvoet onder kant die knie.
- 'Homself iets op die hals haal :** deur sy eie skuld in 'n lastige posisie verkeer, of in moeilikheid kom.
- Hals-oor-kop te werk gaan :** oorhaastig en sonder oorleg te werk gaan.

- Vir iemand die hamer in wees :** baie kwaad wees vir hom.
- Iets onder die hamer bring :** per publieke veiling verkoop.
- Sy hand in sy eie boesem steek :** sy eie gewete ondersoek.
- Die hand bo iemand se hoof hou :** iemand beskerm.
- Die hand aan die ploeg slaan :** dadelik begin werk.
- Iemand sy hand gee op iets :** hom dit plegtig belowe.
- Die een hand was die ander :** deur mekaar te help word albei partye bevoordeel.
- Iemand se hand in die as slaan :** kyk by „as.”
- Op iemand se hand wees :** aan sy kant wees ; party trek vir hom.
- Voor die hand lê :** vanself spreek.
- Hand en mond belowe :** met nadruk bevestig.
- Net so min as wat ek met my hand aan die hemel kan vat :** as teken van onmoontlikheid. B.v., Die mense sal hier net so min saamwerk as wat ek met my hand aan die hemel kan vat.
- Van die hand tot die mond,**
- Val die pap op die grond :** jy kan nooit seker van jou saak wees nie, want 'n ongeluk is gou. Vgl. Eng. : „There's many a slip 'twixt the cup and the lip.”
- Iemand na sy hand sit :** hom leer soos 'n mens hom wil hê.
- Van die hand in die tand lewe :** elke dag weer uitgee wat 'n mens verdien het ; by die dag lewe.
- Uit die hand verkoop :** privaat, nie per publieke veiling nie.
- Jy moet jou hand diep in jou saak steek :** jy moet baie geld gee ; baie betaal.
- Sy hande van iemand aftrek :** hom aan sy lot oorlaat ; hom nie verder help nie.
- Iemand op die hande dra :** regtig baie van hom maak.
- Met die hande in die hare sit :** nie weet wat om te doen nie ; (ook) bitter spyt van iets hê : hy wou nie leer nie, en nou sit hy met die hande in die hare.
- My hande jeuk :** ek het baie lus (om te slaan).
- Sy hande staan vir niks verkeerd nie :** hy is baie knap.
- In die hande kom :** op iets verkeerds betrap word ; gevang word.
- So oud soos my hande, maar nie soos my tande :** as antwoord op die vraag hoe oud iemand is.
- Sy hande die saligheid belowe :** te lui om te werk.

- Baie hande maak ligte werk :** as almal help, word die werk gou verrig.
- Sy hande in onskuld was :** Alle verantwoordelikheid vir die gevolge van 'n saak van hom afwerp.
- Sy hande tuis hou :** nie oral aan raak nie.
- Handgemeen raak :** begin veg ; slaags raak ; aanmekaar spring met die vuus.
- Dis handjie verbrand :** onwetend 'n fout maak en daarvoor boet.
- 'n Handjievul word :** moeilik om te regeer (van 'n kindjie).
- Iets (iemand) vir handperd gebruik :** as ekstra hulpmiddel ; as orige jukskei.
- Met die handskoen trou :** in 'n vreemde land by volmag trou.
- Vir iemand die handskoen opneem :** hom verdedig.
- Iemand die handskoen toewerp :** hom uitdaag.
- Nie handvol nie, maar landvol :** baie volop.
- Aan iemand se lippe hang :** baie aandagtig na hom luister.
- Sy lier aan die treurwilger hang :** ophou met gedigte skrywe.
- Iets ('n lam) hans grootmaak :** uit die hand grootmaak, as die moer dood is. Ook van persone : as weeskind opgroei.
- Iemand hardepad gee (kry) :** tronkstraf met harde arbeid. B.v., Vir poging tot moord het hy twee jaar hardepad gekry.
- Hare op jou tande hê :** nie gou bang word nie ; 'n pure man wees : brutaal wees. B.v., Om so 'n gevaarlike skelm in die donker te probeer vang, moet jy darem hare op jou tande hê.
- Sy hare het gewaai :** hy het daar sleg van afgekom.
- Sy hare uit sy kop trek :** bitter spyt van iets hê ; daar bitter berou van hê. B.v., Ek kan my hare uit my kop trek dat ek nie na jou geluister het nie.
- Kort van hare wees :** dom wees.
- Iemand in die harnas ja :** hom kwaad maak ; hom vyandig gesind maak teenoor jou.
- Iets op sy hart dra :** daar baie voor voel ; 'n geheim wat hom pla in hom omdra.

Van sy hart af gaan : met teësin van iets skei. B.v., Ek sal jou daardie koei verkoop, maar ek kan jou verseker dit gaan van my hart af.

Iemand 'n riem onder die hart steek : hom moed inpraat.

Waar die hart van vol is, loop die mond van oor : jy praat graag oor 'n saak of persoon waar jy vol van is of wat jy lief het.

Sy hart op sy mou dra : aan almal wys wat in sy gemoed omgaan.

Hart hê vir iets : daarvoor voel.

Die hart hê vir iets : die moed daartoe hê.

Sy hart sit in sy keel : hy is baie bang.

Iets op sy hart hê : behoefte gevoel om iets waaroor jy jou bekommer, aan ander mee te deel.

Na iemand se hart : na sy sin ; net soos hy wil hê.

Sy hart aan iets ophaal : daar lekker en volop van geniet. B.v., Daar op die bruilof kon jy jou hart aan al die lekker koek ophaal.

Sy hart sit op die regte plek : hy is 'n deur-en-deur goeie man.

Iemand se hart steel : jou by hom beminlik maak.

Sy hart sink in sy skoene : hy verloor moed.

Sy hart lê op sy tong : hy sê alles wat by hom opkom.

Van sy hart nie 'n moordkuil maak nie : ronduit sê wat hy dink.

Met hart en siel : geheel en al, met alle kragte.

Die hasepad kies : vinnig wegloop.

Die perd wat die hawer verdien, kry dit nie : van 'n persoon wat nie vir sy dienste beloon word nie, met die bygedagte dat iemand anders wat dit nie verdien het nie, die beloning en lof daarvoor wegdra ; dié wat die swaarste werk, kry nie altyd die grootste beloning nie.

Wilde hawer saai : losbandig lewe.

Iets van hawer tot gort vertel : iets haarfyn meedeel ; al die kleinste besonderhede vermeld.

In 'n heen-en-weertjie : in 'n kort rukkie ; (ook) **heen-en-weertjies :** ek was so heen-en-weertjies daar by hom aan,—'n oomblikkie.

Die groot heer uithang : groot meneer speel ; vir hom verbeel dat hy 'n groot meneer is.

Die hef in die hande hê : die mag in hande hê ; baas wees.

Sy eie heil soek : sien hoe hy regkom ; sy eie weg vind.

Van heinde en ver : van naby en ver ; uit alle oorde.

- 'n Hekel aan iets hê** : daar 'n sterk afkeer voor voel.
- Die hekke is verhang** : omstandighede is verander.
- Hel op aarde hê** : dit bitter swaar kry, gewoonlik as gevolg van die handelwyse van iemand anders.
- Die heler is so goed as die steler** : iemand, wat gesteelde goed verberg (heel), is net so strafwaardig as die dief self.
- Met die helm gebore wees** : in die toekoms kan sien ; dinge kan voorspel.
- Hemel en aarde beweeg** : alles in die werk stel om sy doel te bereik.
- 'n Hemel op aarde hê** : 'n baie lekker lewe lei.
- In die sewende hemel wees** : buite homself van geluk ; opgetoë van vreugde.
- As die hemel val, het ons algar blou musse op** : skertsend gesê aan 'n persoon wat allerhande veronderstellings maak.
- Die hemp is nader as die rok** : elkeen sorg maar vir homself eers.
- 'n Hen wat kraai, word die nek omgedraai ;**
- 'n Meisie wat fluit, die agterdeur uit (word die huis uitgesmyt)** : 'n rympte om afkeurig oor die gefluit van meisies uit te druk.
- Tussen die hen en die nes wees** : in gevaar verkeer.
- 'n Hen met spore** : 'n vroumens wat haar lyf man hou.
- 'n Eiewys hen lê die eier opsy** : wie nie na raad wil luister nie, berokken skade vir homself.
- Vir iemand hendsop** : sy meerdere bekwaamheid erken.
Eng. : „Hands up.”
- 'n Saak herkou** : dit deeglik oordink ; (ook) dit gedurig herhaal.
- Op sy herrie kry** : slae kry.
- 'n Hes** : 'n ongemanierde mens.
- Op hete kole staan** : baie ongeduldig of onrustig wees omtrent iets.
- Op heter daad betrap** : iemand vang terwyl hy nog besig is om iets te doen (gewoonlik in ongunstige betekenis).
- Iets teen heug en meug doen** : erg teen sy sin : teen wil en dank.
- Heuning om iemand se mond smeer** : hom vlei.
- Iemand die heuningkwas deur die mond trek** : iemand vlei.
- 'n Heuningvoëltjie** : iemand wat baie van soetgoed hou.

- Iemand hiet en gebied :** hom links en regs order.
- Die hinkende perd kom agteraan :** die moeilikhede volg later.
- Op twee gedagtes hink :** besluitloos wees.
- So hittete :** ternouernood ; op die kântjie af. B.v., Dit was so hittete of ons het nie die trein gehaal nie,—dit het nie veel geskeel nie.
- Sy hoed vir iemand afhaal :** sy meerdere kennis of bekwaamheid erken.
- Sy hoed agternagooi :** as teken van blydskap oor 'n goeie slag wat hy geslaan het. B.v., As jy daardie pragtige huis vir £500 kan kry, kan jy jou hoed agternagooi.
- Hy het moet hoed vasdruk :** vinnig op die loop gaan.
- Sy hoed onderstebo ophê :** 'n verkeerde opvatting van die saak hê.
- Hoed êrens ophang :** êrens kom om te vry ; daar afsaal.
- Sy hoed toon :** van pure spoggerigheid sy hoed skeef, parmantig op sy kop sit.
- Van hoeka se dae af :** kyk by toeka.
- Iets om die hoekie doen :** dit in die stilte, skelmpies doen.
- In 'n hoekie ja :** met argumente in verleentheid bring.
- Hoenderkop wees :** dronk wees ; hoog in die takke wees.
- Hoenderpote skryf :** lelike, sleggevormde letters skryf.
- Die hoenderspoor op die rug dra :** in die tronk sit.
- Saam met die hoenders gaan slaap :** baie vroeg gaan slaap, as die son skaars onder is.
- Dit lyk of die hoenders sy kos afgeneem het :** verwese lyk ; verleë staan.
- Iemand na die hoenders laat gaan :** hom sy eie kop laat volg ; hom sy eie koers laat gaan ; jou nie langer om hom bekreun nie. B.v., Ek sukkel nou al vyf jaar om hom van die drank af te kry, maar nou kan hy na die hoenders gaan.
- Die hoenders-in wees :** kwaad wees ; die Josie-in wees.
- Maljan onder die hoenders :** kyk by „Maljan.”
- Dis nog maar eerste hoepel :** die voorraad is nog volop.
- Nie hoër of laer kan nie :** Daar is heeltēmal niks aan te doen nie ; verplig wees. B.v., Dit kon nie hoër of laer nie : ek moes saam.

Moenie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie :
(d.w.s. as waar jou vlerke sterk genoeg voor is) : moenie
meer geld uitgee as wat jy verdien nie ; moenie te
weelderig vir jou inkomste lewe nie.

Ope hof hou : gasvry wees.

Die hoi-polloi (Grieks) : die gespuis ; die skorrie-morrie.
Ook as byvoeglike naamw. : 'n hoipolloi-voetbalspan,
—'n span wat bymekaar geraap en geskraap is en
gevolglik uit swak spelers en „ou-kroks” bestaan.

In die hok wees : in die tronk sit ; in die skool, onder
toesig wees.

Iemand hok slaan : Eintlik van 'n kalf wat by die melk
weggeslaan word, en vandaar op persone toegepas :
'hom die genot van iets belet.

Iets ('n argument, b.v.) holrug ry : daar tot vervelens
toe van gebruik maak ; (ook) „seerrug ry.” B.v., Jy
kan gerus 'n ander argument probeer aanvoer, want
hierdie een is regtig al holrug gery.

'n Homeriese gelag : 'n uitbundige en aanhoudende gelag.

Hond se gedagte kry : agterdogtig word. B.v., Op weg
kerk-toe kry ek hond se gedagte, draai toe dadelik om
en vang drie van die kwaaijongens in my vrugteboord.

Iemand hond maak : hom sleg behandel.

Elke hond kry sy dag : elkeen kry sy beurt (goed of sleg).

Die hond in die pot kry : tuiskom as etenstyd reeds
verby is.

Kom jy oor die hond, dan kom jy oor sy stert : as jy
die grootste moeilikhede te bowe is, dan sal jy wel ook
die kleinere oorwin.

Nie 'n hond kan haar-af maak nie : nie in staat om
iets uit te rig nie.

**As jy 'n hond wil slaan, kan jy gou genoeg 'n stok
kry :** as jy op iemand wil vit („fout vind” met hom),
kan jy maklik genoeg aanleiding daartoe kry ; as jy
iemand wil sleg behandel, kry jy maklik 'n oorsaak om
dit te doen.

Êrens aankom soos 'n hond wat vet gesteel het :
skuldbewus en gevolglik diep onderdanig êrens aankom.
B.v., Hy het sonder rede van ons af weggebly en ons
beskinner, maar op die ou-end moes hy weer terugkom
soos 'n hond wat vet gesteel het.

- 'n Haastige hond verbrand sy mond :** wie hals-oor-kop te werk gaan, sal daar die nadelige gevolge van ondervind.
- Moenie slapende honde wakker maak nie :** moenie 'n saak wat vir jou onaangename gevolge kan hê, aanroer nie.
- Van sy eie honde gebyt word :** deur sy eie familie-betrekkinge of bediendes beskinner of benadeel word.
- Sy eie honde kommandeer en self blaf :** as teregwyding vir iemand wat jou iets beveel, maar nie op jou gehoorsaamheid kan aanspraak maak nie.
- Baie honde is 'n haas se dood :** teen baie vyande kan niemand dit op die duur uithou nie.
- 'n Hondelewe lei :** 'n ellendige lewe ; dit uiters onaangenaam maak vir iemand.
- Al honderd-en-tien..... :** al is die besware wat jy opper,—die verontskuldiging wat jy maak,—nog so gegronde, tog..... B.v., Al honderd-en-tien, jy kon in al die tyd tog my brief beantwoord het,—in weerwil van alles wat jy sê ter verontskuldiging.
- 'n Man honderd :** deur-en-deur 'n man. Vgl., „'n Man duisend.”
- Nie so seer om die hondjie nie as om die halsbandjie :** nie eintlik om die geselskap van die ouers nie, maar om dié van hul dogter ; nie so seer om die persoon nie as om iets wat hy besit en wat jy graag wil hê.
- Honger is die beste kok :** as jy honger het, smaak die kos die lekkerste.
- Sy hoof bo water hou :** hom staande hou.
- Die hoof bied :** weerstand bied.
- Die hoof in die skoot lê :** ingee ; in iets berus.
- Bo sy hoof hang :** hom bedreig.
- Iets oor die hoof sien :** dit vergeet, daar nie op let nie, dit nie raak sien nie ; (ook) dit vergewe ; dit deur die vingers sien.
- Vurige kole op iemand se hoof hoop :** kwaad met goed vergeld.
- Iemand hoofbrekings kos :** van 'n saak wat hom baie laat nadink en hom veel kommer veroorsaak.
- Soveel hoofde, soveel sinne :** baie mense het baie verskillende ideë, as hulle moet saamwerk.
- Die hoofrol speel :** die vernaamste persoon êrens wees.

- Die skoot hoogdeur hê** : dronk wees.
- Nie hoog vlieg nie** : maar dom wees.
- Êrens hoog en droog sit** : niks vir homself te sê hê nie.
- By hoog en laag sweer** : die stelligste versekering gee ;
by hemel en aarde sweer.
- Hoogmoed kom voor die val** : trotsheid lei tot iemand se ondergang ; op hooghartigheid volg vernedering.
- Die hoogste woord voer** : die meeste te sê hê.
- Op iemand uit die hoogte neersien** : hom verag ; met trots bejeën.
- Te veel hooi op sy vurk neem** : meer wil doen as wat sy kragte toelaat.
- 'n Naald in 'n hooimiet soek** : van 'n onderneming waarin jou kanse om te slaag omtrent nul is.
- Hoor en sien vergaan** : die lawaai was oorverdowend.
- Wat sê Horak ?** watter nuus is daar ? (Ook) skertsend tot iemand as 'n mens die waarheid van sy bewering in twyfel trek, of hom van oordrywing verdink.
- Iemand die horing onder die tou uithaal** : hom 'n diens bewys.
- Die meisie is horing-oud** : sy is stok-oud.
- Die huis op horings neem** : in die huis baljaar ; daar vreeslik te kere gaan. B.v., Nec wag, ek moet loop : hoor hoe neem die kleingoed daar by my die huis op horings.
- Die horings intrek** : die stryd opgee ; bang word.
- Die horings opsteek** : 'n parmantige houding aanneem.
- Horrelpyp dans** : 'n dans van die Hottentotte en matrose waarin baie rondgespring word. By oordrag : iemand laat horrelpyp dans : hom onder die kats kry.
- Dit hot-agter kry** : dit besonder swaar kry ; dit opdraand kry.
- Hot-en-haar (stuur, loop)** : van die een plek na die ander ; kruis en dwars.
- Van hot nog haar weet** : heeltemal onkundig wees.
- Die hotnotsriel dans** : 'n hottentotse dans wat gepaard gaan met handeklap en allerhande fantastiese gebare. By oordrag : kyk horrelpyp dans.
- 'n Los hotnot** : iemand wat nie werk het nie, en op die strate rondloop ; 'n seun wat vir kwaadgeld rondloop ; (ook) 'n persoon van wie die vrou dood is of weg is.

Altyd hot-om wil : oorspronklik van 'n trekdier wat hot-om dwing as hy haar-om moet en by oordrag van, 'n persoon wat altyd anders wil as die meerderheid ; wat altyd teen die stroom op wil.

Vanaand gaan hou slaan : by die nôi gaan kuier ; gaan vry.
'n Dooie hout wees : baie lui wees.

Hulle hout sal nog nat reent : hulle moeilikhede sal nog kom. (Van jong getroudes gesê.)

Uit die ou soort hout gesny wees : na sy pa of voorouers aard ; deeglik wees soos ons voorgeslagte.

Houthakkers en waterputters wees : ondergeskiktes, bediendes wees.

Iets op sy eie houtjie doen : iets doen sonder om deur die bevoegde persoon daartoe gemagtig te wees ; iets doen sonder om die raad van iemand anders te vra.

Sy houtjie verloor het : die kuns om iets te doen, nie verstaan nie.

Êrens soos 'n houtpop sit : daar sit en niks uitvoer nie ; glad niks praat nie.

Iets met huidjie en muidjie opeet : met vel en hare en al : die kat het die muis met huidjie en muidjie opgeëet. Ook in die uitdrukking : met huidjie en muidjie êrens aankom,—met al sy besittinge : met sak en pak ; (ook) met vrou en kinders.

Die huis het 'n dak op : skertsend tot iemand wat sy hoed in die huis ophou.

As jy in 'n glashuis woon, moet jy nie met klippe gooi nie : as daar iets tot jou eie nadeel kan gesê word, moet jy nie op iemand anders aanmerking maak nie.

Daar is nie met hom huis te hou nie : hy is baie stout ; jy kan hom nie regeer nie.

Elke huis het sy kruis : elke gesin het sy moeilikhede. Soms met die tevoeging : en elke hart sy smart.

Êrens (vreeslik) huishou : woes te werk gaan. B.v., Op hul terugtog het die soldate oral vreeslik huisgehou, —verwoes, mishandel, ens.

Dis husse met (lang) ore : as antwoord op 'n nuuskierige vraag ; (ook) dis husse, met jou neus daartusse.

In die huweliksbootjie stap : trou..

I

Die puntjies op die i sit : iets baie noukeurig behandel, uitvoer.

Indaba hou : mekaar raadpleeg ; vergadering hou (Soeloe).

Tot inkeer kom : berou hê van wat jy verkeerd gedoen het ; tot besinning kom.

Iemand inklim : hom goed die waarheid sê ; hom slegsê.

Iemand met iets inloop : op skelmagtige wyse vir hom geldelike skade berokken : sý kastige vriend het hom met £100 ingeloopt.

Iemand iets inpeper : iemand die verkeerde van sy handelwyse goed onder oë bring.

Iemand iets inpraat : hom iets wysmaak. B.v., Wie het nou weer vir jou daardie nonsens ingepraat ?

Iemand iets (sy woorde) weer laat insluk : hom dwing om dit terug te trek.

Iemand inspan : hom werk gee om te doen.

Iemand invlieg : hom heftig met die tong aanval. B.v., Vir haar is ek bang : sy kan jou so maklik invlieg.

Ek het hom goed ingevrywe : goed die les gelees, die waarheid vertel.

Hy is nou tot insig gekom : van opinie verander.

Ipekonders (ipekonde, hipokondrie) hê : hom gedurig verbeel dat hy siek is, terwyl hy perdfris is ; (ook) ipies hê.

'n Isegrim wees : 'n norske, knorrige persoon wees.

J

Ja en amen sê op iets : daar tevrede mee wees ; dit somaar aanvaar ; daarmee saamstem.

In die jaar vroeg : vanmelewe-se-dae.

'n Jabroer : iemand wat met almal saamstem ; (ook) iemand wat maklik iets beloof, maar nie woord hou nie. B.v., Die vent is 'n regte jabloer.

Wie 'n ander jaag, staan self nie stil nie : 'n fout waar jy self aan mank gaan, by 'n ander soek ; wie 'n ander vervolg, ly self daaronder.

'n Jakkals : 'n persoon wat vol skelmstreke is.

Dis bo my jakkals : dis bokant my vuurmaakplek.

'n Tweestert-jakkals : 'n huigelaar : (ook) iemand wat hom nou ten gunste van die één politieke party uitlaat en netnou weer ten gunste van 'n ander party, al na omstandighede.

Hoe kaler jakkals, hoe groter stert : wie die minste besit, wil die meeste spog. Hollands : „Hoe kaler jonker, hoe groter pronker.”

Jakkals prys sy eie stert : skertsend tot iemand wat homself prys.

Jakkalsdraaie maak : enige moontlike ekskuus maak—hoe flou ook al—om hom uit die moeilikheid te red. B.v., Hy het my hand en mond belowe dat hy sou saamgaan, en nou maak hy allerhande jakkalsdraaie om daar uit te kom.

Die jakkalse trou : skertsend as die son skyn en dit tegelykertyd reent.

Die ware Jakob : die regte k rel (veral van ’n meisie); die regte ding.

Jakopewero  : uitpuil-o  : uitpuil-o  soos ’n jakopewervis.

Beter bang Jan as dooi Jan : moenie te oormoedig wees nie. Gewoonlik ter verontskuldiging van iemand wat nie eintlik dapper opgetree het nie.

Jan Rap  n sy maat : die laagste deel, die uitvaagsel van ’n volk.

’n Regte Jan Pampoens : ’n niksbeduidende, dooierige vent.

’n Jansalie : ’n lamlendige vent ; ’n persoon sonder energie.

Met Jan tuisbly s  karretjie gaan : glad nie gaan nie.

Jannie se baadjie aanh  (Jannetjie wees) : jaloers wees.

Soos Januarie-maand se ryp wees : baie ontydig wees.

Sy jas is in die wiel : hy is in die moeilikheid.

Die jawoord kry : toestemming tot verlowing of huwelik van ’n meisie kry.

Watter Jehu kom daar aangery ? : wie kom so vinnig aangeja ?

’n Jeremiade : ’n klaaglied.

Jeuk (om iets te doen) : baie l s h  om iets te doen : my hande jeuk om hom ’n pak te gee.

So arm as Job : brandarm.

’n Jobsbode : ’n ongeluksbode.

’n Jobstrooster wees : deur jou vertroosting iemand nog treuriger stem ; net die ongunstigste kant van ’n saak aan iemand voorhou.

’n Jobstydning : ’n droewige tydning.

Hy is die Jona onder ons : hy is die oorsaak van ons ongeluk.

Jong gewend, oud gedoen : die gewoontes wat jy in jou jong jare aanleer, hou jy dwarsdeur die lewe.

- Die Josie in wees :** baie kwaad wees ; dié hoenders-in wees.
- 'n Judas wees :** 'n verraaier, 'n veinsaard wees.
- 'n Judaskus :** 'n daad van verraad.
- 'n Orige jukskei :** 'n persoon wat by 'n geselskap nie nodig is nie ; iemand wat net in die pad is : jy kan haar nooit alleen te spreke kry nie : haar suster sit altyd soos 'n orige jukskei daarby.
- Hy het jukskei gebreek :** uit die span gespring ; by oordrag : hy het sy party (politieke) verlaat.
- Elkeen staan vir sy eie jukskei :** elkeen moet sy eie laste dra.
- 'n Klein jukskeitjie met 'n groot kop :** oorspronklik 'n jukskei wat jy by enige juk kan gebruik, en by oordrag 'n persoon wat deur sy veelsydige ontwikkeling in enige hoedanigheid van diens kan wees as dié omstandighede dit vereis.

K

- Te diep in sy kaaibakke wees :** te lank na iets soek.
- Iets aan die kaak stel :** die skande van iemand bekend maak ; 'n verkøerde handelwyse bekend stel.
- Èrens kaal afkom :** daar maar sleg afkom (by 'n woorde-wisseling, b.v.).
- Iemand kaal uitskud :** alles van hom wen ; hom niks laat oorbly nie.
- Iemand kaalkop die waarheid sê :** hom ronduit, sonder enige ompad, die waarheid sê.
- 'n Mens kan op daardie mes Kaap-toe ry :** daardie mes is erg stomp.
- 'n Kaapse draai maak :** 'n vinnige, kort draaitjie maak ; (ook) met bnw. **hele :** 'n lang ompad ry,—b.v., Die oupad is toegedraad, en ek moes 'n hele Kaapse draai maak om by sy p्लाas te kom.
- So oud as die Kaapse wapad :** (van kinders) baie ouderwets ; (van dinge) oorbekend.
- Met oop kaarte speel :** niks wegsteek nie.
- In iemand se kaarte kyk :** sy geheime planne agterkom op 'n slinkse manier.
- Kaatjie-van-die-baan :** die eerste by 'n vrolikheid, ens. ; die voorperd.
- 'n Kaatjie-Kekkelbek :** 'n vrou wat baie praat ; wat veral baie skinnerpraatjies verkoop.

- Die hele kaboedel :** (van persone en dinge) almāl, sonder uitsondering ; die hele hoeveelheid.
- Kaduks voel :** siekerig voel.
- Kafloop :** oorwin ; (ook) opeet, klaarmaak.
 B.v.: 1. Napoleon se leërs het 'n groot deel van Europa in 'n paar jaar kafgeeloo (kafgetrap).
 2. Die seuns het die spaanspekkie gou-gou kafgeeloo.
- Iemand met kaf vang :** iemand maklik iets wysmaak.
- Kaf verkoop :** onsin praat.
- Iemand 'n kafferpak gee :** 'n baie groot pak (letterlik of figuurlik).
- Sy kaiings teëkom :** kyk by „Druive teëkom.”
- 'n Ou kalant :** 'n geslepe persoon ; iemand wat hom nie gou laat bedrieg nie. Soms met die toevoeging : lank in die land.
- Die goue kalf aanbid :** aan geld die hoogste waarde heg ; 'n afgod maak van rykdom.
- Met 'n ander man se kalf ploeg :** van 'n ander man se kennis gebruik maak, met die bygedagte dat jy daarmee spog en vir jou eie wil laat deurgaen. Vgl. hiermee die betekenis van die Nedl. uitdrukking.
- Kalifa speel :** allerhande goëltoertjies maak.
- 'n Gesig soos 'n kalkoeneier :** 'n gesig vol sproete.
- Nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie :** nie onnosel nie ; nie meer vandag se kind nie.
- Kalwerliefde :** die eerste, verbygaande kinderliefde.
- Oor dieselfde kam skeer :** almal gelyk behandel ; nie onderskeid maak nie.
- Hy is in Land Kanaän :** hy lei 'n aangename, heerlike lewentjie.
- 'n Kanis :** 'n vuil en morsige vent.
- Sy kans verkyk :** die gunstige oomblik laat verbygaan ; die geleentheid nie te baat neem nie.
- Die beste kant vir die wind gee :** die beste sy van sy karakter vertoon.
- Kant en klaar wees :** heeltemal gereed wees.
- Kant en wal lê :** vol wees.
- Kant nog wal raak :** heeltemal verkeerd wees ; heeltemal onlogies ; nie steek hou nie.
- Iemand van kant maak :** doodmaak ; om die lewe bring.
- Kantoor-toe gaan :** 'n hofsak van iets maak.
- Kaparrangs :** 'n paar groot lomp skoene.

- Iemand kapittel** : hom berispe ; hom die les lees.
- 'n Stem in die kapittel hê** : ook mag saampraat.
- Kapot wees** : stukkend, verslyt, doodmoeg, dood.
- 'n Ou ka(r)nallie** : 'n geslepe persoon ; 'n ou kalant.
- Het die kar jou dan getrap** : aan iemand wat aanhou om iets wat jy nie wil gee nie.
- Kassaterwater** : baie flou tee of koffie.
- Kaskenades maak** : allerhande grappige toertjies uithaal.
- Die kastaiings vir iemand uit die vuur krap** : die gevaarlike werk vir hom doen, terwyl hyself buite gevaar bly ; die vuilwerk vir iemand doen.
- Die kat uit die boom kyk** : wag om te sien hoe 'n saak gaan afloop voor jy jou daarin meng.
- Die kat in die donker knyp** : agteraf kwaaddoen ; stilletjies vry. B.v., Hy lyk of botter nie in sy mond kan smelt nie, maar glo my hy knyp die kat maar goed in die donker.
- Soos kat en hond lewe** : baie met mekaar rusie maak.
- Soveel van iets weet as 'n kat van saffraan** : daar heeltamal niks van afweet nie. Ook : **soveel van iets weet as 'n vark van politiek**.
- 'n Kat in die sak koop** : 'n slegte koop doen ; jou vaskoop.
- Nie 'n kat om sonder handskoene aan te pak nie** : 'n gevaarlike persoon ; 'n kwaai meisie.
- As die kat weg is, is die muise baas** : as die pa (ma) nie tuis is nie, dan maak die kinders wat hulle wil ; as die baas weg is, maak die bediendes wat hulle wil.
- Iemand katkiseer** : hom berispe ; hom kapittel.
- Iemand katswink slaan** : hom bewusteloos slaan ; (ook) van 'n dier.
- Kattekwaad doen** : allerhande kwaaijongstreke uithaal.
- 'n Groot keel opsit** : hard skreeu.
- Kennis is mag** : deur geleerdheid en 'n uitgebreide kennis van sake verkry jy invloed onder jou medemense.
- Kenta (kentag) word** : van iemand wat 'n spel, ens. verloor en as gevolg daarvan kwaad en kort-gebonde word.
- Iets op die keper beskou** : noukeurig ondersoek.
- Dit gaat buite (bo) die kerf** : dit gaat te ver ; dit word te erg.
- Baie op sy kerfstok hê** : baie verkeerde dinge gedoen het ; baie te verantwoord hê.

- In die kerk gebore :** tot iemand wat nooit 'n deur agter hom toemaak nie. Is jy in die kerk gebore ?
- Sy kerk is uit :** sy rol is uitgespeel ; dis klaar met hom.
- 'n Kerkhoidroster wees :** daar maer en verwese uitsien.
- Dis nie elke dag kermis nie :** 'n mens kan nie elke dag plesier hê nie ; 'n mens kan nie altyd sy sin kry nie.
- In die kers vlieg :** hom vasloop.
- Kers vashou vir (by) iemand :** gewoonlik met die ontkenning : ek kan in matesis nie vir hom kers vashou nie,—hy is daarin baie beter as ek ; hy oortref my ver.
- So nimmer as ketang :** 'n verskerpte vorm van die negatief : b.v., Ek sal dit so nimmer as ketang glo nie.
- Sy ketel by 'n ander se vuurtjie sit :** voordeel trek uit 'n ander ; deur 'n ander gehelp word.
- Soos 'n ketter lieg :** gruwelik lieg.
- Moenie „kiep-kiep ” roep nie :** moenie somaar almal beskuldig nie.
- Kierankie braai :** oneerlikheid (by 'n spel veral) blyk uit die gevolge daarvan, as die oneerlike naamlik verloor. B.v., Toe maar, al het jy my gekul, kierankie sal tog op die ou end braai ; (ook) 'kurang.
- Kiet(s) wees :** mekaar niks meer skuldig wees nie ; mekaar vir 'n belediging, ens. afbetaal hê.
- Sonder om te kik of te mik :** sonder die minste teken van skaamte. B.v., Sonder om te kik of te mik kan hy die gruwelikste dinge sê ; sonder om iets te sê.
- Kind nog kraai op die wêreld hê :** hoegenaamd geen familiebetrekkinge hê nie.
- Nie gister se kind nie :** taamlik bejaard ; (ook) geslepe wees.
- Die kind by sy naam noem :** reguit praat : nie doekies om 'n ding draai nie.
- Die kind van die rekening word :** die skuld van iets kry en daarvoor gestraf word.
- As jy met kinders uitgaan, kom jy met kinders tuis :** as jy met kinders omgaan, dan moet jy verwag dat hulle jou as hulle maat sal behandel, en nog bo-op in die skande steek.
- Kinders is 'n seën van die Here : hulle hou die motte uit die klere :** mense wat kinders het, is geseën, maar hulle het maar min kans om ryk te word.
- Dis nie kinderspulletjies nie :** dis 'n ernstige saak ; dit vereis baie bekwaamheid.

- Daar is 'n kinkel in die kabel :** daar het 'n beletsel, 'n hindernis gekom.
- In 'n kits :** in 'n kort oomblikkie : in 'n kits was dit klaar.
- Klaar met iemand wees :** niks meer met hom te doen wil hê. nie, as gevolg van onbillike behandeling, ens. wat jy van sy kant ondervind het : hy het my nou al tweemaal bedrieg, en ek is vir altyd klaar met hom.
- Dis klaar gekom met hom :** hy het sy posisie in die maatskappy verloor ; hy het die agting van sy medemens verbeur ; (ook) dood wees.
- Dis klaar met Kees :** daar is niks meer aan te doen nie ; die saak kan nie meer verhelp word nie ; (ook) hy is dood.
- Klaarpraat met iemand wees :** kyk by „Dis klaar met hom.”
- Klaas Vakie kom :** van persone, veral kinders, as die slaap hul oorman ; as die vaak hul baasraak.
- 'n Klap in iemand se gesig :** 'n growwe belediging.
- Op sy klapperdop kry :** op sy kop kry.
- Erens klawer :** daar vry ; daar hoed ophang.
- Klei trap :** lelik in die moeilikheid sit en worstel om daaruit te kom. B.v., Die Latynse vraestel was moeilik en ek moes lelik klei trap.
- Iemand kleinkry :** hom op sy plek sit ; hom baasraak.
- Hy kan dit nie kleinkry nie :** sluk nie ; begryp nie ; het dit nie verwag nie.
- Iemand kleingeld maak :** iemand wat hom wil grootman hou deur met sy kennis te wil spog, ens., op sy plek sit ; (ook) iemand wat hom parmantig hou, op sy plek sit ; iemand oorwin.
- In die klem wees :** in die moeilikheid wees.
- Die klere maak nie die man nie :** jy kan nie iemand na sy uiterlik oordeel nie.
- Dit raak my koue klere nie :** daar trek ek my niks van aan nie ; dit gaat my glad nie aan nie.
- Dit gaat nie in my (koue) klere sit nie :** my baie ter harte gaan ; my nie onverskillig laat nie.
- Nie sonder klereskeur gaan nie :** met groot moeite en nie sonder gevaar nie.
- Kleur beken :** vir sy opinie uitkom.
- Van iemand klik :** sê watter kwaad hy gedoen het ; nuus aandra van hom : hom verklap, verklik.
- Vir iemand 'n klip uit die pad rol :** hom 'n diens bewys.

- Iemand klits :** hom 'n pak-slae gee.
- Soos 'n klits aan iemand vasklou :** hom altyd vergesel ;
nie van hom af te kry wees nie.
- Iets aan die groot klok hang :** dit oral bekend maak.
- Hy het die klok hoor lui, maar weet nie waar die bel hang nie :** hy het iets van die saak verneem, maar die fyn puntjies daarvan weet hy nie.
- Dit is 'n groot klomp vir 'n klein potjie :** dis moeilik om te glo.
- Hy het nie aan sy eerste kluitjie verstik nie :** hy lieg alweer.
- Met 'n kluitjie in die riet stuur :** met mooi praatjies afskeep.
- Kluitjies bak :** leuens vertel.
- Vir iemand die knie buig :** hom as meerdere erken.
- Sy knieë dra :** vinnig weghardloop.
- Iemand kniehalter :** hom kort vat ; hom op finansiële gebied laat swaar kry.
- Onder die knie hê :** baas raak ; goed ken.
- Knipmes ry (te perd) :** spoggerig ry ; sy perd laat kopspeel.
- Sy lyf knipmes hou :** vir hom vryerig hou : danig wees met 'n nooi.
- Iemand knolle vir sitroene verkoop :** hom met mooi-praatjies fop.
- Knoop :** vloek. B.v., Soe, maar daardie vent kan lelik knoop !
- Daar sit die knoop :** daar lê die moeilikheid.
- Die knoop sit aan die punt van die riem :** as waarskuwing dat die nadraai van 'n onderneming minder aangenaam kan wees.
- Iemand 'n knop draai (sit) :** hom 'n lelike poets bak.
- In sy knoppies wees :** in sy skik wees.
- In die knyp sit :** in groot benoudheid sit.
- Die koeël is deur die kerk :** daar is niks meer aan te doen nie.
- Ou koeie uit die sloot haal :** onaangename sake wat reeds halfvergeet is, weer oprakel.
- Die koek het in die as geval :** die saak het misluk.
- Van Koerland se vleis geëet het :** baie lui wees. („Koerland” is die algemeen-bekende naam vir 'n lui os.)
- Sy koers kwytraak :** die regte rigting verloor ; die draad van 'n toespraak verloor.

- Koffie soos die kan hom skink :** jy moet dit neem soos jy dit kry.
- Die kok en die koksmaat het rusie gekry :** gesê van twee persone wat eers groot vriende was en nou vyande is ; as goeie vriende rusie maak, dan kom hulle skelmstreke voor die dag.
- Die kok is verlief :** skertsend as die kos te sout is.
- Iemand oor die kole haal :** hom berispe ; hom laat deurloop.
- Op hete kole sit :** kyk by „Hete.”
- Onder een kombers slaap (lê) :** kyk by „Kop in één mus.”
- So by die kombuis langs wees :** nie heeltemal wit wees nie ; swart bloed in sy are hê.
- Sy eie honde kommandeer 'en self blaf :** kyk by „honde.”
- Sy kompas staan stil ;** hy weet nie watter kant-toe nie ; sy raad is op.
- Konfyt wees in iets :** daar bedrewe in wees : deur-en-deur daarmee bekend wees.
- Hom verbeel dat die koning se hond sy peetoom is :** hom verbeel dat hy wat wonders is.
- Dit sit my in die kooi :** dit verbaas my ; ek kan dit glad nie begryp nie.
- Kool sonder spek :** kêrels sonder nôiens.
- Die kool is die sous nie werd nie :** dit is nie die moeite werd nie : dit is nie die koste werd nie ; (ook) die saak waaroor hul twis, is belaglik gering.
- Iemand 'n kool stowe :** iemand 'n poets bak.
- By my kool (koliewaar) :** op my woord ; so waar as vet.
- Te koop loop met iets :** dit aan almal vertel ; daarmee (sy geleerdheid, b.v.) spog.
- Sy kop bymekaar hou :** sy onverdeelde aandag aan iets wy ; sy hele denkvermoë bepaal by die saak waarmee hy besig is.
- Sy kop laat hang :** mismoedig word ; neerslagtig word.
- Sy kop krap :** as teken van spyt ; (ook) nie weet wat om te doen nie. B.v., Wag maar, jy sal nog jou kop hieroor krap,—bitter spyt hê.
- 'n Bord voor sy kop neem :** skaamteloos wees.
- Kop in één mus wees :** dit met mekaar volkome eens wees (veral in ongunstige betekenis).
- Sy kop stamp :** nie in sy poginge slaag nie ; hom vasloop.

Sy kop was : hom goed die waarheid vertel.

Van iets nie kop of stert kan uitmaak nie : daar glad niks van begryp nie. B.v., Ontsyfer asseblief hierdie brief; ek kan daar nie kop of stert van uitmaak nie.

Sy kop in die strop steek : hom in 'n saak begewe wat hom niks as nadeel kan bring nie en waaraan hy hom moeilik kan onttrek; (ook) skertsend van iemand wat in die huwelik tree.

Iemand se kop tussen sy ore sit : hom op sy plek sit.

Jy sien 'n man teen sy kop maar nie in sy krop nie : 'n man se ware aard blyk nie altoos somaar by die eerste aanblik nie.

Sy kop in 'n bynes steek : hom met 'n saak bemoei wat groot moeilikheid gaan veroorsaak.

Die spyker op die kop slaan : die regte ding op die regte oomblik sê.

Kop intrek : in sy skulp kruip; skuld beken.

Kop uittek : terugtrek, waar jy eers iets (medewerking, ondersteuning, ens.) beloof het. B.v., Met hom sit ek nooit weer 'n konsert op-tou nie, want hy trek altyd op die laaste oomblik kop uit.

Sy eie kop volg : sy eie insig volg.

Vurige kole op iemand se kop (hoof) hoop : kwaad met goed vergeld.

Sy kop verloor : sy teenwoordigheid van gees verloor.

Twee koppe is beter as één : in 'n moeilike saak is dit die beste om die kwessie met 'n ander te bespreek voor jy 'n besluit neem.

Iemand kopskote gee : hom raak antwoorde gee.

Kopsku wees : bang as gevolg van slegte behandeling; (ook) padgee vir iemand as jy verbrou het en bang is vir 'n skrobbering.

Jou koring staan nog groen op die land : pas op, dieselfde lot kan jou tref.

'n Korrelkop : 'n eiesinnige skepsel; iemand wat hom nie laat gesê nie.

Kort van draad wees : gou kwaad word; kortgespan wees.

Iemand te kort doen : hom nie gee wat hom toekom nie.

Dis hier te kort en daar te lank : allerhande flou ekskusies maak.

Iemand kort hou : nou op hom let; hom nie baie vryheid laat nie.

- Kortgespan wees** : kort van draad wees ; gou op sy perdjie wees.
- Dis ou kos** : jy het die storie al te vore vertel.
- Iemand koudlei** : hom bedrieg ; iemand tevrede stel.
- Koue water op iets gooi** : die onderneming daarvan ontmoedig.
- Met die kous op die kop tuiskom** : na 'n mislukte onderneming teleurgestel en met skande tuiskom.
- Eers die koutjie, dan die vroutjie** : tot troulustiges,—sorg eers vir die onderhoud (huis, ens.) en soek dan 'n vrou.
- Deur die kraaie bespreek wees** : baie maer wees (van diere).
- Dis net so in sy kraal** : net wat hy wil hê ; water op sy meul.
- In iemand se kraam te pas kom** : net wees wat hy moet hê, nodig het.
- Die kreftegang gaan** : agteruitgaan ; agteruitboer.
- Kretie en Pletie** : die uitvaagsel van die volk ; Jan Rap en sy maat.
- Die kreupeles wil altyd voordans** : die mense wat die minste tot iets instaat is, praat daar die maklikste oor.
- 'n Kriek met 'n lang asem** : iemand wat aanhou oor iets ; wat daar gedurig oor neul.
- Aan die krip staan** : 'n vet baantjie in die staatsdiens hê.
- Kroes voel (wees)** : siekerig voel.
- Krokodilrane** : rane van voorgewende droefheid.
- Krom praat** : gebrekkig praat.
- Kromhoutsop gedrink het** : dronk wees ; hoenderkop wees.
- Die kroon span** : uitmunt bokant die ander : hulle oortref.
- Die kroon op iets sit** : die seël daarop sit ; die laaste woord daarvoor hê.
- Iemand na die kroon steek** : met hom wedywer.
- Iemand dwars in die krop steek** : hom glad nie aanstaan nie. B.v., So 'n onregverdige behandeling steek my dwars in die krop.
- Ek kan dit nie krop nie** : ek kan dit glad nie verdra nie.
- 'n Kruidjie-roer-my-nie** : 'n persoon wat niks verdra nie ; (ook) 'n Truitjie-roer-my-nie.
- Voor iemand kruip** : hom op vernederende wyse vlei ; hom uitermate onderdanig wees.
- Hou jou kruit droog** : wees goed voorbereid.

Sy kruit is nat : sy twak is nat.

Het jy dit of kry jy dit ? : aan iemand gesê wat laf is en uitbundig lag.

Vir iemand in die kryt tree : sy saak verdedig.

Êrens kuier : daar vry ; daar vlerk sleep.

Kuikenmoord pleeg : iemand wat nie jou portuur is nie, afknou. Eng. „bully.”

Te kus en te keur : net wat mens begeer.

Op die kussings sit : in die regering wees ; die bewind in hande hê.

Liewer op 'n kussing as op dorings sit : buite gevaar bly.

Van die prins geen kwaad weet : niks van die saak afweet nie.

Vir kwaadgeld rondloop : Niks te doen hê nie en oral rondloop, met die bygedagte dat jy daardeur in die versoeking kom om kwaad te doen.

Iets aan sy kwas hê (kry) : die skuld van iets kry.

Na sy kwas skop : baie bly wees ; opgetoë van vreugde. Oorspronklik van diere wat van uitgelatenheid agterop-skop.

Jy kan kwik of kwak, maar..... : jy kan teëstribbel net soos jy wil maar..... ; watter besware jy nou ook al opper, tog..... B.v., „Jy kan kwik of jy kan kwak, maar in sal jy moet,” soos die Fransman vir die padda gesê het.

Jy is glad te vol kwinte : jy het glad te baie nukke (grille).

L

Iemand die volle laag gee : hom gedug die waarheid sê ; hom goed laat verbykom ; hom heftig beskuldig.

Sy ou laai : sy gewoonte ; dis 'n streek wat hy altyd uithaal. B.v., Dis sy ou laai daardie om jou in die steek te laat.

Stap of hy 'n laaistok ingesluk het : pen-regop.stap.

Jy is laat! : die saak is al afgehandel ; (ook) jy's verspot.

Is dit so laat met hom ? : staan sake so ? Is dit so gestel ?

Wie laaste lag, lag lekkerste : moet jou nie te gou bly maak nie ; sake kan nog verkeerd loop.

In sy vuus lag : in die stilte hom verheug.

Soos lag oor huil lyk : maar half-tevrede wees.

Die lakens uitdeel : die baas wees ; gesag uitoefen.

- 'n Lamsak :** 'n persoon sonder die minste selfstandigheid.
- Die land aan iets hê :** daar glad nie van hou nie ; daar 'n afkeer voor voel.
- Land en sand aanmekaar (praat, skryf) :** oor alles en nog wat, met die bygedagte dat 'n groot deel van wat gepraat of geskryf word, nie ter sake is nie.
- Iets op die langbaan skuif :** kyk by baan.
- Langsaam maar seker :** stadig maar sekuur ; moenie oorhaastig te werk gaan nie.
- Lang-oog wees :** jaloers wees.
- Met langtande eet :** met teësin eet.
- Lank van draad wees :** hom nie gou erg nie ; 'geduldig wees ; (ook) langdradig, temerig wees.
- Lank in die land wees :** hom nie gou laat fop nie.
- So lank as wat dit breed is :** presies dieselfde.
- Groot lantern, weinig lig :** as 'n vriendelike versoek aan iemand wat in die lig staan, om tog 'n bietjie op sy te gaan ; 'n groot kop met weinig brein.
- Op die lappe bring (kom) :** ter sprake bring.
- Dis larie(s) :** dis onsin ; dis kaf ; dis aanstellings.
- Hoe later, hoe kwater :** hoe langer dit duur, hoe erger (luidrugtiger) gaan dit toe.
- Aan iemand lê :** van iemand afhang.
- Ledigheid is die duiwel se oorkussing :** ledigheid lei tot allerhande kwaad.
- Anderman se leer sny breë rieme :** van iemand wat met 'n ander se eiendom verkwistend te werk gaan.
- Leergeld betaal :** deur skade of skande wys word.
- Iets op dieselfde lees skoei :** op dieselfde manier inrig.
- Skoenmaker, hou jou by jou lees! :** as waarskuwing tot iemand wat hom met 'n anderman se sake bemoei, of 'n opinie uitspreek oor iets waar hy geen verstand van het nie ; laat elkeen by sy vak bly.
- Die leisels vat :** die hoofrol speel ; die voortou neem.
- So reg in die leeu se bek spring :** 'n onverwagte afjak kry na aanleiding van een of ander opmerking ; (ook) onverwags op die gevaar afkom.
- Lekker wees (lekkerlyf) :** halfdronk wees.
- 'n Lekkerbek :** iemand wat graag lekker eet en drink ; wat kieskeurig is.
- Wat lepel lek, moet werk :** almal moet werk.
- Lepel in die dak steek :** doodgaan.

- Êrens sy lêplek maak :** daar tot vervelens toe kom : gedurig êrens wees.
- Iemand die les lees :** hom skerp berispe.
- Les opsê :** berispe word : verbykom.
- Baie letters geëet hê :** baie gestudeer hê ; geleerd wees.
- Leuen om beswil :** 'n leuen om iemand anders of jouself uit die moeilikheid te red.
- Iemand die Leviëte (of die teks) lees :** hom skerp berispe ; hom lelik laat onderdeurloop.
- Te min om van te lewe en te veel om van dood te gaan :** Van 'n inkomste waarmee jy net in die allerdringendste behoeftes kan voorsien.
- Daar 's lewe in die brouery :** hulle word wakker ; daar het lewendigheid in die geselskap gekom.
- Hy is lewendig dood :** besonder stadig.
- Daar het 'n vlieg oor sy lewer geloop :** hy is nie in 'n goeie bui nie.
- 'n Droë lewer :** van iemand wat kort-kort iets wil drink.
- Iemand lie maak :** hom mislei : hy het my met die regterhand net lie gemaak, maar my met die linkerhand op die oog geslaan.
- Altyd die ou liedjie sing :** altyd dieselfde ding sê.
- Iemand 'n ander liedjie laat sing :** hom anders laat praat : hom 'n ander houding laat inneem.
- Die liefde is blind :** as jy iemand liefhet, kan jy sy foute en gebreke nie raak sien nie.
- Ou liefde roes nie :** die liefde wat jy eers vir iemand gevoel het, gaan nooit heeltemal weg nie.
- Lief en leed met iemand deel :** al sy lewenservarings met hom deurmaak.
- Liggerraak wees :** hom gou beledig voel ; gou op sy perdjie wees.
- Die linkerhand moenie weet wat die regterhand doen nie :** as 'n mens wil goed doen, dan moet jy dit nie oral rond uitbasuin nie.
- Nie links wees nie :** nie dom wees nie ; slim, gevat wees ; gou wees.
- Links van die Regering wees :** dwars wees ; teëstribbel ; altyd stroom-op dwing.
- Iemand links laat lê :** glad nie notisie van hom neem nie.
- 'n Lang lip hê :** kwaad, nukkerig, stuurs wees oor iets.
- Iemand aan die lippe hang :** uiters aandagtig luister na wat hy sê.

- Iemand die loef afsteek** : hom verby strêef.
- Iemand 'n loesing gee** : hom 'n afgedankste pak gee.
- Lont ruik** ; onraad merk.
- Iemand looi (uitlooi)** : hom 'n pak slae gee.
- Die arbeider is sy loon werd** : hy moet kry wat hy verdien het.
- Al die lopies ken** : al die geheime ken ; goed ingelig wees.
- Los en vas lieg** : baie lieg ; land en sand aanmekaar lieg.
- Los voor wees** : die ander ver oortref ; maklik die eerste wees.
- Van Lotjie getik wees** : nie by sy volle verstand wees nie ; onnosel wees.
- Op sy louere rus** : nie langer 'n werksame aandeel aan sake neem nadat jy jou fluks van 'n taak gekwyt het en daardeur roem verwerf het nie. B.v., Die beroemde ou generaal rus nou al 'n paar jaar op sy louere.
- Sy hart lug gee** : uitkom met wat in hom omgaan : hom uitpraat.
- Iets uit die lug gryp** : daar glad nie die minste grond voor hê nie.
- 'n Bietjie lug skep** : 'n endjie gaan loop ; ewe rus.
- Lugkastele bou** : allerhande mooi planne vir die toekoms beraam ; terwyl hy nie met die werklikheid rekening hou nie en sy planne dus later weer in duie moet val.
- As die son is in die weste,**
- Is die luiaard op sy beste** : skertsend tot iemand wat so kort voor sonsondergang groot ywer aan die dag lê.
- Hom luiters (leuters, doodluiters) hou** : hom doodonskuldig hou ; maak asof hy van niks weet nie. B.v., Hy kan die grootste kattedwaad aanvang en hom dan so ewe luiters hou.
- 'n Regte ou lunsriem** : 'n smerige vent.
- Sy lyf bêre (spaar)** : so min doen as wat hy met moontlikheid kan.
- Iemand aan 'n lyntjie hou** : hom nie 'n besliste antwoord gee nie ; hom in die onsekere omtrent iets laat.
- Iemand lynslaan** : hom nie laat doen wat hy wil nie.

M

- Dwars in die maag sit** : erg ontevrede maak ; boos maak ; teen die bors stuit.
- Sy oë is groter as sy maag** : van iemand wat meer kos wil hê as wat hy kan opeet.

- 'n Maag soos 'n volstruis :** 'n maag wat alles kan verdra en verteer. ~
- Van sy maag 'n wolsak maak :** geweldig baie eet.
- Maai onder :** 'n groot aantal doodskiet van. B.v.,: By Bloedrivier het die Boere gemaai onder die Soeloes.
- Maai waar jy nie gesaai het nie :** die vrug van iemand anders se arbeid pluk.
- Sy kop maal :** hy voel duiselig.
- Eerste kom, eerste maal :** wie die eerste êrens sy ver-skyning maak, kom die eerste aan die beurt.
- Aan iemand se kop oor iets maal :** hom oor iets lastig val.
- Aan die maan probeer vat :** probeer om die onmoontlike te doen.
- As die man in die maan (soveel van iets weet) :** heeltemal niks nie ; soveel as 'n vark van politiek.
- 'n Volmaan-gesig hê :** 'n vol, ronde gesig hê.
- Die maan kom op :** skertsend as iemand met 'n kaalkop hom by die geselskap voeg.
- Jy kan na die maan gaan :** jy kan maar heenskeer ; jy kan maar loop. Vgl. „Jy kan na die hoenders gaan.”
- Deur die maan getik :** nie heeltemal by sy verstand nie ; 'n bietjie deurmekaar in sy kop.
- Glo dat dié maan van kaas gemaak is :** hom enig iets laat wysmaak.
- Blou Maandag :** kyk by „Blou.”
- Die maat (van onreg, ens.) is vol :** dit is nou so ver as wat dit kan gaan.
- Met watter maat jy meet, sal jou weer gemeet word :** soos jy iemand anders behandel, sal jy ook op jou beurt behandel word.
- So maer as 'n kraai (riet) :** brandmaer.
- 'n Taal magtig wees :** 'n taal ken.
- Iemand mak maak :** iemand wat onhandelbaar is, op sy plek sit.
- Die kaffer is veels te mak :** hy toon nie genoeg respek vir witmense nie.
- So mak as 'n lam :** hondmak ; erg gedwee en onderworpe (veral van iemand wat eers wou grootman speel).
- 'n Malbaar :** 'n rumoerige persoon ; 'n praatziek mens.
- Maljan onder die hoenders :** die enigste seun onder 'n klomp meisies ; die enigste manspersoon in 'n geselskap dames.

- Malkop wees oor iets** : daar in 'n hoë mate van spanning oor verkeer : daar besonder bly oor wees. B.v., Die dogtertjie is glad malkop oor die pop wat ek haar gegee het.
- 'n Maltrap** : iemand met eienaardige maniere en 'n baie lewendige geaardheid, met die bygedagte dat hy partykeer sulke verspote dinge kan doen.
- Die Mammon dien** : wêreldsgesind wees.
- Met man en muis vergaan** : met almal aan boord vergaan.
- Sy man staan** : vir niemand pad gee, bang wees, nie ; sy sê sê.
- Iemand iets op die man af vra** : hom dit reguit, sonder omweë, vra.
- As die nood aan die man kom** : as dit nie anders kan nie ; as dit absoluut noodsaaklik word.
- 'n Man van sy woord wees** : sy belofte hou. . .
- Water in 'n mandjie probeer dra** : die onmoontlike probeer doen ; (ook) 'n werk aanpak waarvoor jy glad nie die nodige kennis of bekwaamheid besit nie.
- Deur die mandjie val** : nie geslaag nie ; gesak.
- 'n Mandoor onder die volk** : van 'n kaffer of gekleurde wat deur sy meerdere kennis 'n groot sê het onder sy stamgenote, waar hy as 'n soort van orakel optree.
- Mank gaan (ly) aan dieselfde kwaal** : dieselfde sedelike gebrek hê.
- Mans genoeg wees** : voldoende krag, bekwaamheid, manlikheid besit.
- Onder die mantel van iets (godsdien, ens.)** : onder die skyn van ; onder voorwendsel van.
- A. se mantel het op B. geval** : B. sal A. se opvolger wees (met die bybedoeling dat hulle geesverwante is).
- 'n Manteldraaier** : iemand wat hom na die omstandighede skik ; veral iemand wat van politieke kleur verander net wanneer dit vir hom raadsaam lyk.
- Deur die mat val** : 'n dom fout begaan.
- Met twee mate meet** : almal nie eenders behandel nie.
- Sy maters is dood** : hy het sy gelyke nie ; sy moes is dood.
- Waar meerdere kom, moet mindere wyk** : die swakkere moet padgee vir die sterkere.
- Van meet af aan (begin)** : van voor af aan.
- Onder ons meisies gesê** : hou geheim wat ek nou gaan meedeel !

Heelwat in die melk te brokkel hê : heelwat te sê hê.

'n Melkkoeitjie : 'n besigheid waar 'n mens baie voordeel uit trek ; (ook) 'n persoon wat uitgesuig word, uit wie ander voordeel trek.

Die inwendige mens versterk : iets eet en drink.

Die mes sny na albei kante toe : die saak het twee kante.

Sy mes sny aan albei kante : hy en sy vrou verdien altwee geld.

Iemand die mes op die keel sit : hom tot iets dwing deur hom te dreig.

Voor jy mes kan sê : in 'n oogwenk.

So oud as Metusalem : stokoud.

Kort mette met iets maak : 'n saak kort behandel.

Teen heug en meug iets doen : baie teen sy sin iets doen.

Dis water op sy meul : dit bevorder sy saak ; dis net so na sy smaak.

In die middel (van die wêreld) wees : nie weet watter kant-toe nie ; ten einde raad wees ; in die nood wees.

'n Mieliepapper of 'n pitboer : iemand wat met mielies boer.

Iets in der minne skik : iets op vriendskaplike wyse bylê.

'n Misoes (mis-oes) - : iemand wat nie aan die verwagtinge omtrent hom beantwoord het nie ; 'n mislukking (van 'n onderneming).

Moedersiel-alleen : stokalleen. Vgl. die versterking : stoksiel-salig-alleen.

Iemand se moesoep (moesoek) : iemand wat hom baas-raak ; wat hom oortref : sy moes.

Moleste maak : opskudding veroorsaak deur hom sleg te gedra. B.v., Natuurlik was hy met sy dronk lyf ook op die vergadering en moes daar allerhande moleste maak.

Met die oop mond (na iets luister, kyk) : baie aandagtig ; (ook) vol verbasing.

Na die mond praat : vlei ; altyd gelyk gee.

Sy mond oral insteek : oral saampraat met die bygedagte dat die saak hom nie raak nie.

Van sy mond 'n skoorsteen maak : skertsend van iemand wat rook.

Iemand die mond snoer : hom die stilsweye oplê.

Die mond vol van iets hê : daar baie oorpraat.

Met die mond vol tande staan : nie weet wat om te antwoord nie.

- Sy mond verbrand of verbypraat :** sê wat hy nie moes gesê het nie.
- Met twee monde praat :** homself teësprek ; vals wees.
- Sy mond verbypraat :** sê wat hy nie moes gesê het nie.
- Nie op sy mondjie geval nie :** hom goed met die tong kan verdedig ; altyd klaar wees met 'n raak antwoord.
- 'n Goeie mondslag kan slaan :** goed kan eet.
- Mooiweer speel met iemand :** hom uiters vriendelik behandel, sonder dat hy dit opreg meen.
- Mooiweer speel met iets :** dit verkwis ; op groot voet lewe. B.v., Die kêreltjie speel mooiweer met sy pa se geld.
- Moord en brand skree :** hard skree : vreeslik te kere gaan ; homself erg bekla (oor 'n werklike of vermeende onreg).
- Van die hele moord niks afweet nie :** niks kwaads vermoed het nie ; van die saak heeltemal niks afweet nie.
- Die moord steek :** doodraak ; omkom.
- 'n Mosdoppie ophê :** 'n verspote hoedjie dra.
- Sy Moses is dood :** hy het sy gelyke nie.
- Sy Moses kry :** iemand teëkom wat hom baasraak ; wat hom in bekwaamheid oortref.
- Dood is die mossie :** kyk by „Dis klaar met Kees.”
- Leef soos 'n mossie in daggasaad :** 'n gelukkige, onbesorgde lewe lei.
- Hom oor 'n dooie mossie verheug :** hom verniet bly maak ; hom oor iets denkbeeldigs verheug.
- Mosterd na die maal :** van iets wat te laat kom ; hulp wat te laat aangebied word.
- Iemand deur die mosterd trek :** hom 'n skrobbering gee.
- Goed die hande uit die mou steek :** fluks werk.
- Aan iets nie 'n mou kan pas nie :** daar niks uit wys word nie ; daar niks van verstaan nie. Vgl. die betekenis van die Hollandse idioom.
- Iemand iets op die mou speld :** hom iets wysmaak.
- Iemand moveer :** hom sonder enige aanleiding daartoe beledig ; hom pla ; hom hinder. B.v., Waarom moveer jy die mense wat hier stil en rustig verbyloop ?
- Van 'n muggie 'n olifant maak :** kyk by „'n Berg van 'n molshoop maak.”
- As die muis vol is, is die meel bitter :** as 'n mens voldoende geëet het, is die kos skielik nie meer lekker nie.

Kleine muisies, 'grote ore : as waarskuwing vir iemand om iets wat nie gehoor moet word nie, in die teenwoordigheid van kinders nie te sê nie.

Die muisie sal 'n stertjie hê : die saak sal sekere gevolge hê.

Sy kop vol muisneste hê : sy aandag nie by sy werk bepaal nie, veral van iemand wat trouplanne in die kop kry en as gevolg daarvan afgetrokke word.

Iets vir goeie munt aanneem : dit as waar beskou.

Met dieselfde munt betaal : hom op dieselfde wyse behandel.

Munt slaan uit iets : voordeel trek uit iets.

Die mure het hier ore : dis nie geraai om te veel hier te praat nie.

Tussen vier mure sit : in die tronk sit.

Murg in sy pype hê : baie sterk wees.

Oor die muur wees : stukkend (dood) wees.

Baie myle lê tussen doen en sê : daar is 'n baie groot verskil tussen iets doen en sê jy sal dit doen.

N

Iemand te na kom : hom beledig.

Iemand deur 'n naald kan trek : van iemand wat baie netjies aangetrek is.

'n Draad vir elke naald hê : altyd 'n antwoord klaar hê.

Op naalde en spelde sit : haastig wees om te vertrek ; ongeduldig wees.

Iemand se naam : Kyk by „voorland” : 'n pak slae is jou naam.

Naberou is galberou : berou kom altyd te laat en veroorsaak dan groot wroeging.

Naelskraap wees : kyk by „so hittete.”

Sy is so lelik soos die nag : sy is skreeulelik ; sy is erg lelik.

Op die nagras kom : iets van die oorskiet kos kry.

Met die nagtrein gekom het : daar erg verwaarloos uitsien,—hate deurmekaar, das skeef, klere gekreukel, ongeskeer, ens., omdat passasiers met die nagtrein gewoonlik nie tyd het om hulle 'n bietjie reg te trek nie !

Die nasleep van iets ('n siekte, b.v.) : al die onaangename gevolge daarvan.

- Lekker nat wees** : dronk wees ; lekkerlyf wees; hoenderkop wees.
- Die tol aan die natuur betaal** : sterf ; die weg van alle vlees gaan.
- Iemand in die nek kyk** : hom bedrieg.
- Op iemand se nek lê** : hom oorlas veroorsaak ; op iemand anders se koste by hom inwoon, met die bygedagte dat dit hom nie aanstaan nie. B.v., Met hulle drie stuks lê hulle nou al meer as 'n jaar op die arme ou man se nek.
- Sy nek dik maak** : in verset kom.
- Deur sy nek praat** : oor iets praat waar hy nie die minste verstand van het nie ; onsin uitkraam ; kaf verkoop.
- Die nekslag gee** : die laaste slag wat hom heeltemal onderstebo gooi ; wat hom totaal ten gronde rig ; die genadeslag gee. B.v., Die groot droogte van verlede jaar het hom die nekslag gegee.
- Op die nerf na** : dit het nie veel geskeel nie : op die nerf na was die perde met die kar die wal af.
- Elkeen is 'n dief in sy nering** : elkéén is selfsugtig in sy eie sake.
- Die tering na die nering sit** : die uitgawe na die inkomste reël.
- Nes skop** : hulle klaarmaak om te trou deur huis te koop, ens.
- Agter sy neus aanstap** : doelloos rondloop.
- Sy neus orals in steek** : hom met alles bemoei.
- Moenie sê jy sal nie jou neus byt nie : dit kan daarna groei** : die skynbaar onmoontlike gebeur soms.
- Teen sy neus vaskyk** : iets wat vlak voor hom lê, nie raaksien nie ; onoplettend wees.
- Op sy neus kyk** : verleë, teleurgestel wees.
- Wie sy neus skend, skend sy aangesig** : wie van sy nabestaandes kwaadpraat, benadeel homself.
- Nie verder kyk as wat sy neus lank is nie** : baie min deursig hê.
- Iemand by die neus lei** : hom bedrieg ; (ook) met hom doen wat jy wil.
- Onder die neus vrywe** : verwyf ; slegsê.
- Iets in die neus kry** : dit agterkom ; daar lug van kry.
- Die snuif in die neus kry** : iets in die neus kry ; dit vermoed.

Sy neus vir iemand (iets) optrek : hom minag; dit geringskat.

Die neus in die wind steek : ondersoek, navors.

Dis neusie verby! : van iets wat jy nie kry nie, hoe jy dit ook al begeer het.

Iets nie om dowe neute doen nie : dit nie verniet doen nie; daar baie voordeel uit trek; (ook) iets doen met 'n vooropgestelde doel.

'n Harde neut om te kraak : 'n moeilike werk om te verrig.

Op die nippertjie : so hittete.

Uit Noag se ark kom : baie oud, baie outyds wees.

Van Noag se sop gedrink het : dronk wees.

Nommer-pas wees : van klere, skoene, ens. wat die regte grootte het; net die regte ding wees.

Nood breek wet : in die nood steur jy jou nêrens aan nie; as jy in die nood is, raak dit jou nie wat die gewone opvatting van reg of verkeerd is nie.

As die nood op sy hoogste is, is die uitkoms naby : as die moeilikheid op sy ergste is, daag daar hulp op.

Van die nood 'n deug maak : hom na die omstandighede skik.

Nood leer bid : wanneer jy in die nood is, kry jy gouer 'n plan as anders; as jy nie 'n ander uitweg sien nie, dan leer jy om te vra (bid).

In die nood leer jy jou vriende ken : as jy in moeilik-hede of in armoede verkeer, dan leer jy eers wie opreg in sy vriendskap is.

Sy nood by iemand kla : sy moeilikhede (behoefte) aan iemand meedeel met die doel om van hom hulp te ontvang.

As die nood aan die man kom : as daar moet gehandel word; as dit nie anders kan nie; as daar regtig gevaar is.

So nooit of te nimmer : verskerpte vorm van die negatief; b.v., Ek sal dit so nooit of te nimmer doen nie; vergelyk ook "**So nimmer as ketang.**"

Ou noot in die psalm! : skertsend tot iemand wat altyd wil saampraat, of hy kennis van die saak het of nie.

In sy noppies : in sy skik.

Baie note op sy sang hê : baie te sê hê.

Werk dat hom die kromme note haal : baie hard werk.

Nou-strop trek : dit baie swaar kry ; dit hot-agter, dit opdraand kry.

Op sy nugter maag : nog voor hy iets geëet of gedrink het.

Nugter weet : kyk by „Goeie weet !”

'n Nul skiet : nie sukses hê nie.

'n Groot nul wees : 'n onbeduidende persoon wees ; niks te sê hê nie.

Dis ou nuus : dis al lank al bekend.

Geen nuus, goeie nuus : as jy van iemand nie tyding kry nie, dan is dit 'n teken dat dit met hom goed gaan.

Nuwejaar hou : dronk wees ; lekkerlyf wees.

O

Iemand op sy oë speel : hom met die vuis op sy oë slaan.

Iemand na die oë sien : afhanklik wees van hom. B.v., Gelukkig is my inkomste so dat ek niemand na die oë hoef te sien nie.

Iemand die oë uitsteek : hom baie jaloers of afgunstig maak. B.v., Met daardie nuwe hoed wil sy nou weer haar buurvrou se oë uitsteek !

Iemand iets onder vier oë sê : hom iets sê waar daar nie 'n derde persoon by is nie ; hom dit in vertroue meedeel.

Sy oë is groter as sy maag : hy vra meer kos as wat hy kan eet.

Iets ('n gevaar, 'n moeilikheid) onder die oë sien : daar nie bang voor wees nie.

Oë soos 'n tjokkerbekaasvoël hê : baie skerp, goeie oë hê.

Iemand sand in die oë strooi : iemand bedrieg ; iemand opsetlik mislei.

Ek kon my oë nie glo nie : ek was baie verbaas ; dit was ongelooflik.

Oes (ww.) : oorwin : ons voetbalspan het die ander klomp lelik geoes.

Oes (bnw.) : minderwaardig. B.v., Die tentoonstelling was vanjaar maar oes.

Al'ogies maak : na die ander sekse begin kyk ; vryerig word.

Olie op die water gooi : die vrede bewerkstellig ; die hartstogte tot bedaring bring.

Dis 'n wit olifant : beantwoord dit nie aan sy doel nie, (hoewel daar baie geld aan bestee is).

- In die dae van olim :** lank gelede.
- Met verdriet omgeboor wees :** gesê van dikwels herhaalde uiterlike smartbetoon.
- Iemand omloop :** hom bedrieg.
- In 'n omsientjie :** in 'n kort rukkie.
- Omslag maak vir iemand :** moeite doen om dit vir hom aangenaam te maak.
- Nie omslag maak met iemand nie :** hom kort-af, bot behandel.
- Onbekend maak onbeminde :** iemand (iets) wat jy nie ken nie, hou jy nie van nie.
- 'n Onbesproke gedrag :** 'n gedrag waarop niks te sê is nie ; waarop niks aan te merke val nie.
- 'n Onbestorwe weduwee (wewenaar) :** 'n vrou of man van wie die ander nog lewe, maar nie by haar (hom) is nie.
- Hom nie onbetuig laat nie :** hom laat sien ; blyk gee van sy teenwoordigheid deur fluks te eet en te drink.
- Iemand onbewimpeld die waarheid sê :** goed die waarheid vertel sonder om iets agter te hou.
- Ondank is wêreldsloon :** die wêreld stel nie iemand se goeie dae op prys nie.
- Oor die onderdeur loer :** na meisies of jongkêrels begin kyk.
- Onderdeur kom :** nie slaag nie ; in 'n eksamen druipe.
- Onderdeur loop :** bestraf word ; berispe word ; slae kry.
- Iemand onderdeur spring :** hom bedrieg ; te slim wees vir hom.
- Sy onderlip hang :** mismoedig wees ; nukkerig wees ; pruil.
- Die onderspit delf :** oorwin word ; die slegste daarvan afkom.
- Ondervinding is die beste leermeester :** deur ondervinding word 'n mens wys.
- Ongenooid gaste hoort agter die deur :** ongenooide gaste is nie welkom nie.
- Onklare trap in (sy argumente) :** in die war raak.
- Onkruid vergaan nie :** niksbeduidende persone leef die langste.
- Onwetend sondig nie :** 'n verkeerde daad uit onkunde gedoen is nie sonde nie.—Gewoonlik gebesig om so 'n daad goed te praat.

- Oog op iemand hê** : hom nie vertrou nie ; hom van iets verdink ; verlief wees op 'n dame.
- Iemand, (iets) in die oog hou** : die aandag op hom gevestig hou ; hom dophou.
- In die oog loop** : die aandag trek.
- Op die oog** : te oordeel na die uiterlike.
- Uit die oog, uit die hart** : as jy weg is, word jy gou vergeet.
- Wat die oog nie sien nie, deur die hart nie** : 'n mens bekommer jou nie oor iets waar jy niks van afweet nie.
- Die oog van die meester maak die perd vet** : die eienaar moet soveel moontlik self na sy goed kyk.
- Weer by die oog gewees het** : weer van die kantien afkom ; weer gedrink het.
- Iemand se oogappel wees** : sy lieveling wees.
- Teen sy oogvelle vaskyk** : baie onoplettend wees.
- Oop-en-toe êrens aankom** : daar in groot haas aankom, sodat die jas of baadjie oop en dan weer toe waai.
- Oor aan die wind sit** : fyn luister ; (ook) gehoor gee aan : Jy is 'n invloedryke man, en hulle sal vir jou eerder oor aan die wind sit as vir my.
- Agter die oor smaak** : baie lekker smaak.
- Die een oor in en die ander oor uit** : van iets wat min indruk maak en dus gou vergeet word.
- Heeltemal oor wees vir iets** : daar aandagtig na luister.
- Hom iets in die oor knoop** : hom iets in die geheue print.
- Oorbluf wees** : suf deur slegte behandeling ; uit die veld geslaan wees.
- Die oorhand kry** : oorwin ; die baas raak.
- Oorgehaal sit vir iemand** : eintlik met 'n oorgehaalde geweer vir hom sit en wag, en vandaar : hom afwag om hom goed die waarheid te sê so gou as hy sy verskyning maak of 'n sekere saak aanroer.
- Oorhoop lê met iemand** : kwaaivrinde wees met hom.
- Oorlams** : teëstelling van „Baar ” ; slim ; (ook) skelm.
- Iemand tot 'n oorlas wees** : hom onnodige moeite aandoen.
- Goed met iemand oorweg kom** : goed met hom klaarkom.
- Oos, Wes ; Tuis, bes** : die aangenaamste plekkie op die hele wêreld is maar jou eie huis.
- Van die oostewind lewe** : niks hê om van te lewe nie. Gewoonlik gesê van 'n man wat geen vooruitsigte het nie en tog trou.

Dit sal hom nog suur opbreek (bekom) : daar sal hy nog baie swaar oor kry ; dit sal vir hom nog bitter gevolge hê.

Hy sal moet opdok : moet betaal.

Iemand lelik opdons : hom lelik slaan ; hom erg toetakel.

Dit opdraand kry : dit baie moeilik kry ; nou-strop trek. B.v., Van die oorlog af het hy dit maar altyd opdraand gehad om in die behoeftes van sy huisgesin te voorsien.

Met iemand (iets) opgeskeep sit : nie weet hoe om van hom ontslae te raak nie ; iemand tot 'n las hê ; iets nie weer van die hand kan sit nie.

Iemand opskraap of opskroef (vir skulde) : op betaling aandring.

Opskuif : trou en sodoende plek maak vir iemand anders. B.v., Wanneer skuif jy eendag op ?

Dat iemand opslae maak (vloek, slaan, ens.) : geweldig. Die bokser het die arme vent geslaan dat hy sulke opslae maak.

Opskep loer : net op etenstyd êrens aankom met die doel om genooi te word om saam te eet.

Nog nie droog wees agter sy ore nie : nog te jonk wees om mee te doen.

Tot agter haar ore rooi word : baie skaam voel ; sterk bloos.

Sy ore hang : hy is terneergedruk, mismoedig.

Iemand die ore van die kop eet : geweldig baie eet ; hom bankrot eet.

Sy ore uitleen : na allerhande praatjies luister.

Tot oor sy ore in die skuld sit : diep in die skuld sit ; skuld soos bossies hê.

Sy ore sal tuit : van iemand van wie daar baie in sy afwesigheid gepraat word.

Orrelstryk gaan : na wens gaan.

Van die os op die esel : om nou weer oor glad 'n ander ding te praat.

Ek is ouer as tien : ek is nie meer 'n kind nie (ervare).

Iets verkoop vir 'n oulap en 'n stuiwer en 'n bokstert : so vir 'n kleinigheidjie ; vir 'n appel en 'n ei.

Oumeide met knopkieries reent : stortreent, (ook) van 'n aanhoudende reent.

My oupa se hond en sy oupa s'n het saam aas weggesleep : hy en ek is familie, maar dis maar baie ver.

In die oupad wees : verdwaald wees ; hom vergis. B.v.,
Nee jong, jy is nou in die oupad : Mafeking lê nie in
die Transvaal nie.

Dit gaan ou-traan : soos gewoonlik ; dit gaan nog soos
altyd.

P

Iemand paai : hom met mooi woordjies en beloftes probeer
tot bedaring bring, tevrede stel.

'n Paaiboelie : iets om jou die skrik op die lyf te ja ; 'n
skrikbeeld om jou 'n ander koers te laat vat.

Die paal nie haal nie : sy doel nie bereik nie ; dit nie
maak nie.

Iets paal en perk stel : iets ('n verkeerde gewoonte, ens.)
binne sekere grense hou.

Die pad fyn deel : vinnig weghardloop.

'n Pad loop : maklik die beste wees ; iets besonder goed
doen. B.v., Sy het in die eksamen 'n pad onder die
ander-kandidate geloop,—ver die hoogste aantal punte
behaal.

Die hele pad is sync : hy is baie dronk.

Iemand in die pad steek : hom wegjaag. B.v., Sulke
lui skepsels steek ek somaar in die pad.

So skurf as 'n padda : baie skurf.

Van 'n padda vere probeer pluk : geld probeer kry van
iemand wat niks besit nie.

So waar as padda manel dra : op my woord ; regtig
waar.

Padlangs loop (handel, ens.) : eerlik en opreg handel.

'n Padloper : eintlik 'n soort skilpad wat graag in die
pad loop, en by oordrag : 'n leegloper.

Iets in pag hê : iets in sy besit hê ; alleen oor iets te
beskik hê. B.v., Hy verbeel hom hy het die wysheid
in pag.

Met pak en sak : met al sy besittings.

Elkeen moet sy eie pakkie dra : elkeen het sy deel van
kommer en sorg ; elkeen het sy eie moeilikhede.

Pal staan : nie vir iets bang word nie ; vastrap.

Hy dra paljas : hy kan toor.

Die palm wegdra : die oorwinning behaal.

Palmietsop : wyn wat nog baie jonk is.

By iemand pamperlang : in sy guns probeer kom ; wit-
voetjie by hom soek ; by hom flikflooi.

Vir koue pampoën skrik : gou skrik.

In die pan hak : almal doodskiet ; nie één laat ontkom nie ; die vyand het die patrollie in die pan gehak.

'n Panise skrik : 'n plotselinge en algemene skrik (paniek).

Onder die pantoffel-regering staan : van 'n man oor wie sy vrou baas is.

Hulle pap is verbrand : die saak is verknoei ; hulle vriendskap is uit.

As dit pap reent, moet jy skep : jy moet jou kans waarneem ; jy moet jou slag slaan as die geleentheid gunstig is.

Praat of hy warm pap in sy mond het : erg onduidelik praat.

'n Papbroek : 'n lamsak.

Papier is geduldig : jy kan enige onmoontlike ding op papier skrywe.

Sy ouma die paplepel leer vashou : iemand wat meer kennis of bekwaamheid as jýself besit, probeer onderrig.

Hom nie parlementêr uitdruk nie : hom onbeleefd uitdruk.

Solank as die lepel in die pappot staan (draai) : solank as daar nog kos is om te eet. Gewoonlik met die toevoeging : „Treuren wij nog niet.”

Almal moenie uit een pappot wil eet nie : twee families moenie te baie onder mekaar trou nie.

Pappellekoors hê : hom siek aanstel om sy werk vry te spring.

Part nog deel hê in iets : daar geen aandeel aan hê nie.

Iemand parte speel : hom fop.

Sy parte volstaan : in elke opsig doen wat van hom verwag word.

Iemand die pas afsny : hom belet om verder te gaan ; hom alle vooruitsigte op bevordering ontnem.

Dit kom goed te pas : dit is net wat ek moet hê ; dit kom net op die regte tyd.

In sy pasoppens trap : versigtig wees ; in sy spoor trap.

Iemand sy paspoort gee : hom uit jou diens ontslaan ; hom in die pad steek.

Hom verbeel dat hy 'n spesiale paspoort hemel-toe het : van 'n Fariseër wat meen dat hy nooit iets verkeerds kan doen nie en oneindig beter is as sy medemens.

Sy passies êrens maak : baie by 'n plek kuier ; daar vry.

- Met die hele mandjie patats (op die lappe kom) :**
alles, net soos dit gebeur het, vertel.
- Pê voel :** gedaan, kapot voel.
- Loop na jou peet! :** loop weg! loop na die hoenders!
- Sy ou peet afwag :** tot vervelens toe wag. B.v., Ek het my ou peet daar afgewag, maar al wat kom is hy.
- Hy sit in die pekel :** hy is in moeilikheid.
- Aan die pen ry (wees) :** in die moeilikheid wees; reken-skap gee van iets wat verkeerd geloop het; (ook) verplig wees om iets teen sy sin te doen. B.v., Hy is glad nie gesteld op sy werk nie en ry gevolglik kort-kort aan die pen.
- In die penarie sit :** in die knyp sit; in die verknorsing sit.
- 'n Penkop :** 'n seun van so twaalf tot agtien jaar.
- Penorent :** penregop; heeltemal regop.
- Dis peper en sout :** dit is presies dieselfde; daar val nie tussen die twee te kies nie; **dis vinkel en koljander.**
- 'n Peperkop :** 'n kaffer of gekleurde; iemand met kroes hare.
- Peperkorreltjies :** die inmekaar gekroesde hare van 'n kaffer of gekleurde.
- Die perd is gesout :** het reeds perde-siekte gehad en sal dit nie weer kry nie.
- Die gewillige perd moet die las dra :** die gewilliges moet al die werk doen.
- Jy kan 'n perd by die water bring maar jy kan hom nie laat suip nie :** dwang het sy perke.
- 'n Gegewe perd moet 'n mens nie in die bek kyk nie :** 'n mens moet 'n geskenk nie alte noukeurig beoordeel nie.
- 'n Verkeerde perd ry (opklim) :** 'n pos aanvaar waarvoor jy nie bevoeg is nie; 'n werk aanpak waarvoor jy nie die vereiste bevoegdheid besit nie.
- Die kar vóór die perde span :** agterstevoor te werk gaan.
- Sodra die perde horings kry :** nooit nie.
- Sy lyf êrens (by 'n nooi) perdeby hou :** daar afsaal; daar kuier.
- Perdgerus wees :** baie op sy gemak wees; doodgerus wees.
- Perdestert-hare hê :** stywe hare hê.
- Oor sy perdjie getel wees :** hoogmoedig as gevolg van oordrewe lof wat hom toegeswaai is.

- Gou op sy perdjie wees :** gou kwaad wees : kortgespan wees.
- Gaan pluk pere :** tot iemand wat jou verveel.
- Met die gebakte pere sit :** in die moeilikheid (verleentheid) wees.
- Pêrels vir die swyne (varke) gooi :** 'n weldaad bewys aan iemand wat jou goedheid nie op prys stel nie.
- Die perke oorskry :** te ver gaan.
- Dis oor met jou perskes :** jy 's laat ; dis neusie verby ; jy sal dit nie kry nie, al soebat jy ook nog so baie.
- 'n Pes van 'n vent :** 'n uiters onaangename kêrel ; iemand wat 'n gevaar is vir die samelewing.
- Peuter :** pla, lol ; (ook) iets verknoei.
- Die piep hê :** hom siek aanstel ; of siekerig lyk.
- Pieperig wees :** kleinsierig wees.
- Laat pik (nael, saai) :** vinnig weghardloop.
- 'n Bitter pil om te sluk :** van iets onaangenaams : 'n moeilike taak : 'n harde tyding ; 'n beledigende woord.
- 'n Pilaar van die kerk :** 'n groot ondersteuner daarvan ; 'n staatmaker.
- Pimpel en pers wees (slaan) :** blou van die kou ; bont en blou van kneusplekke.
- Iets op sy pinkie ken :** dit haarfyn ken ; dit uit sy kop ken.
- Iemand om jou pinkie draai :** hom heeltemal onder jou invloed hê.
- Gee hom die pinkie en hy neem die hele hand :** laat hom 'n ietsie toe en hy wil heeltemal oor jou baaspeel.
- Baie pitte hê :** ryk wees.
- So dun as 'n plank :** baie honger.
- Op die planke kom :** op die toneel (verhoog) verskyn.
- Planke saag :** hard snork.
- Platgooi :** weghardloop ; voet in die wind steek.
- 'n Platjie :** iemand wat allerhande ondeunde streke uithaal ; wat 'n mens allerhande poetse bak ; 'n grapmaker.
- Iets platloop :** oral soek ; ek het die hele dorp platgeloop om 'n paar goeie skryfboeke in die hande te kry.
- Iemand platriem gee :** hom slae gee.
- Platsak wees :** nie meer geld hê nie ; 'n lêë beurs hê.
- 'n Pleister op die wond sit :** deur 'liefdebewyse die verdriet versag.

- Iemand op sy plek sit :** hom skerp tereg wys ; hom sy hoë dunk ontnem.
- Die hand aan die ploeg slaan :** begin werk.
- Die grond ploeg (fig.) :** baie hard val.
- Iemand 'n pluimpie gee :** hom prys oor 'n knap stuk werk, ens. ; hom 'n komplimentjie maak.
- Die saak is nie pluus nie :** dit is nie soos dit behoort te wees nie ; daar skuil iets agter.
- Dieselfde poeding met 'n ander sous :** dieselfde storie effentjies gewysig weer oorvertel.
- 'n Poena (poenskap) :** 'n bees sonder horings.
- Iemand 'n poets bak :** 'n streek ten nadele van hom uithaal ; hom 'n kool stoof.
- Iemand se pols voel :** hom uitvra om sy sienswyse te verneem.
- Iemand van Pontius na Pilatus stuur :** hom heen en weer stuur.
- 'n Poot skrywe :** 'n lelike handskrif hê.
- Poot-uit wees :** doodmoeg wees.
- Die poppe is aan die dans :** die twis het begin ; die duiwel is los.
- Sy positiewe bymekaar hou :** sy teenwoordigheid van gees behou.
- Weer by sy positiewe kom :** weer bykom ; weer tot bewussyn kom.
- Nie by sy positiewe wees nie :** nie by sy volle verstand wees nie ; van Lotjie getik wees.
- Die pot verwyf die ketel en hulle is ewe swart :** mense wat dieselfde foute het, verwyf mekaar daardie gebreke.
- Die pot verteer :** die gelag betaal : jy kan maklik praat, maar ek moet die pot verteer.
- Al is 'n pot nog so skeef, hy kry tog 'n deksel :**
iemand is nooit te lelik om 'n man of 'n vrou te kry nie.
- Op eie pote staan :** nie meer op ander steun nie.
- Sy potjie self kráp :** vir homself sorg ; selfstandig wees.
- 'n Potjie met iemand loop :** met hom afreken ; hom goed die waarheid sê.
- Praatjies vir die vaak (varke) :** onbeduidende praatjies ; twakpraatjies.
- Die proef op die som :** 'n klaar bewys.

'n Profet word nie in sy eie land geëer nie.: 'n verdienstelike man word in sy geboorteplek nie na waarde geskat nie.

Die ou profete is dood en die jonges eet brood : as teregwysing vir iemand wat die toekoms probeer voorspel.

Die prokureur in sy possak kry : 'n dagvaarding kry.
Met anderman se vere (geleende vere) pronk : met iemand anders se werk eer en roem verwerf.

Op die proppe kom : ter sprake kom.

Kort proses maak met iemand : hom sonder omslag sy straf toedien ; hom kortaf behandel.

Nie pruim sê nie : van iemand wat in 'n geselskap nie deelneem aan die gesprek nie.

Iets vir dieselfde prys verkoop : iets presies net so oorvertel sonder om juis vir die waarheid in te staan.

Iets publiek maak : dit oral bekend maak.

Hy het publiek gelieg : hy het sonder die minste twyfel gelieg ; openlik gelieg.

Puntenerig wees : moeilik tevrede te stel wees.

Dis pure verniet : dit help niks nie ; dit bevorder die saak glad nie.

Wie 'n put graaf vir 'n ander, val daar self in : dié wat ander ongelukkig probeer maak, word dit self.

Soos 'n pyl uit die boog : baie vinnig. B.v., Die hond het op die gekweste bok toegeskiet soos 'n pyl uit die boog.

Na iemand se pype dans : alles doen wat hy begeer ; sy wil in alle opsigte volg.

Iemand pypkan : iemand bedrieg ; hom fop.

Pypsteel gebreek : in verleentheid gekom.

R

Hy is ten einde raad : glad nie weet wat hy nou moet maak nie.

Nie raad met iemand weet nie : nie weet wat met hom aan te vang nie.

Kom tyd, kom raad : as dit nodig is, dan kry jy wel 'n plan.

Iemand met raad en daad bystaan : hom nie alleen met woorde help nie, maar ook met daade.

'n Ou raaswater : 'n persoon wat graag raas en lawaai maak.

- 'n Rabbedoe** : iemand wat niks omgee nie ; wat hom nie eintlik bekommer oor wat die mense van hom sê nie.
- Te rade gaan met iemand** : sy advies inwin.
- Op die rak sit** : 'n oujongnoot. (kêrel) bly.
- Uit die boonste rakke praat** : baie geleerd praat.
- Randjies se kant toe staan** : vlug ; veiligheid soek.
- Rapat wees** : rats, vinnig wees.
- 'n Rapsie** : 'n bietjie ; jy skiet 'n rapsie te hoóg.
- Iemand 'n rat voor die 'oë draai** : hom bedrieg ; hom fop.
- Rebels wees** : nukkerig wees ; verkeerd wees. B.v.,
Waarom is jy dan vandag weer so rebels ?—So dwars.
- Iemand in die rede val** : praat as hy praat.
- Rede verstaan** : vir oortuiging vatbaar wees.
- Tussen die reëls lees** : meer verstaan as wat daar werklik geskryf staan.
- Na reent kom sonskyn** : na droefheid kom gelukkige dae ; na swaarkry kom beter tye.
- Op regeringskoste loseer** : in die tronk wees.
- Iemand se regterhand** : iemand wat hom in alles bystaan ; iemand sonder wie hy maar beswaarlik kan klaarkom.
- Reguit praat** : ronduit praat ; sonder omweë sy mening te kenne gee.
- 'n Noot rek soos 'n voorslagriempie** : 'n noot langer aanhou as wat vereis word, veral by die sing van psalms en gesange.
- Die kind van die rekening wees** : die gelag betaal.
- Iets buite rekening laat** : iets nie in aanmerking neem nie.
- 'n Ou remskoen** : iemand wat die vooruitgang van 'n saak in die pad staan ; wat altoos hot-om wil.
- 'n Renons hê in iemand (iets)** : daar 'n sterk afkeer voor hê ; dit verafsku ; hom glad nie kan verdra nie. B.v., Nou dat ek-sy ware karakter leer ken het, het ek somaar 'n renons in die man gekry.
- Nie van iets rep nie** : daar nie 'n woord van sê nie.
- In rep en roer** : in opskudding : die hele stad was in rep en roer.
- Iemand op sy ribbekas gee** : hom slae gee.
- Sy ribbetjie is seer** : hy is verlief.
- 'n Mens kan sy ribbetjies tel** : hy is brandmaer.

- Iemand se ribbetjie-stuk** : sy verloofde ; sy vrou ; sy nôi.
- Iemand in die riem laat trap** : hom bedrieg ; hom in 'n strik laat loop.
- Die rieme bêre (neerlê)** : weghardloop ; die wêreld skeur.
- Sy rieme is los** : hy is verlief ; gaan al by nôiens kuier.
- Breë rieme sny uit anderman se vel** : met 'n ander se goed verkwistend te werk gaan.
- Sy rieme styfloop** : aanhou kwaad doen totdat daar met hom afgereken word ; tot hy hom vasloop. B.v., Jy wou nie luister nie, nou het jy eindelijk jou rieme (riempie) styfgeloop.
- Iemand laat riemspring** : hom 'n pak slae gee.
- 'n Riemtelegram** : 'n blote gerug.
- 'n Riethaan** : iemand wat baie maer is.
- Iemand deur 'n ring kan trek** : van iemand wát baie netjies aangetrek is.
- Rinkink** : baljaar ; 'n vreeslike lawaai maak.
- Iemand rinneweer** : hom te gronde rig. Nederlands : ruïneren.
- Die ritteltits kry** : dit op sy senuwees kry.
- Aan die roer van sake staan** : die leiding, die beheer daarvan hê.
- Hy is so reg soos 'n roer** : hy het die regte gesindheid.
- Sy roes uitslaap** : slaap tot sy dronkheid oor is.
- Ay jy met roet speel, word jy swart** : as jy slegte maats het, kan jy self nie goed bly nie.
- Rome is nie in een dag gebou nie** : goeie dinge kom langsaam.
- Sy goed romp en stomp verkoop** : alles verkoop.
- Die ronde doen** : in omloop wees ; die gerug doen die ronde.
- Rondomtalie maak** : al in die rondte draai.
- Hy het lelik moes rondspring** : allerhande ekskuse moes maak.
- Rondstaan** : allerhande uitvlugte, verontskuldiginge soek B.v., Hy het eers lelik rondgestaan, maar op die ou end moes hy sy skuld beken.
- So rooi as 'n kalkoen** : bloedrooi (van skaamte, ens.).
- Oulap se rooi maak mooi** : gesê van iemand wat iets dra wat rooi is. (Ook **Hoe rooier, hoe mooier.**)
- Die rooi-taal gooi** : Engels praat.

- Daar is 'nooit 'n rokie sonder 'n vuurtjie, nie :** 'n praatjie moet 'n oorsaak hê.
- In rook verdwyn (opgaan) :** niks van gekom nie ; in duie geval.
- 'n Roos tussen twee dorings :** 'n nôi tussen twee kêrels.
- Sy pad gaan op rose :** hy het wat sy hart begeer ; hy is voorspoedig.
- Iets onder die roos vertel :** in die geheim, in vertroue meedeel.
- Rosies op die wange hê :** 'n blos op die wange hê ; rooiwangetjies hê.
- Iemand roskam :** hom skerp berispe.
- 'n Ou rot wees :** hom nie maklik laat bedrieg nie.
- Iemand rot en kaal steel :** alles steel wat hy besit.
- Roukoop betaal :** 'n koop wat reeds gesluit is, weer vernietig deur 'n sekere som geld te betaal. B.v., My broer moes £100 roukoop betaal, wat hom sal leer om nie weer so haastig te wees om te verkoop nie.
- 'n Regte ou rou-riem :** 'n onbedrewe, onervare persoon ; 'n tor ; 'n ghwar.
- Die Rubicon oortrek :** 'n beslissende stap doen.
- 'n Breë rug hê :** in staat om baie te verdra,—gebruiklik wanneer iemand verwyte toegeslinger word.
- Jy kan maar jou rug vétsmeer :** jy kan jou maar vir 'n pak slae klaarmaak.
- Iemand die rug toekeer :** hom met veragting behandel.
- Agter iemand se rug praat :** hom in sy afwesigheid beskinner.
- Geld groei op niemand se rug nie :** dis swaar om geld te verdien.
- Ruik kry van iets :** dit agterkom.
- In 'n slegte (goeie) ruik staan :** ongunstig (gunstig) bekend staan.
- Iets met rukke en stote doen :** dit ongereeld doen ; daar nie egalig aan werk nie.
- Runsagteroor slaan :** regagteroor val.
- Hy het rus nog duur :** hy kan nêrens vertoef nie ; hy het nooit rus nie.
- Iemand ry :** hom geen genade bewys nie ; hom die lewe swaar maak.
- Ryk sit :** agteroor sit in 'n kar ; sit asof die hele wêreld aan hom behoort.

Op 'n rympie lieg : glad lieg.
Ryperd! : uitroep van bewondering.
Ryswater drink : in die tronk sit.

S

„Sa!” skree : die rusie, die bakleiery aan die gang sit, aanmoedig.

Planke saag : baie hard snork.

Wat jy saai sal jy maai : elke daad het sy gevolge.

Toe moes hy saai : toe moes hy hardloop, sy bene dra.

Kwaad saad saai : twis veroorsaak ; onenigheid stig.

Dis nie my saak nie : dit gaan my nie aan nie ; daar het ek niks mee te doen nie.

'n Saak beklink : dit beslis of afhandel.

Nie saak maak nie : daar nie op aankom nie.

'n Saak verbrou : dit bederf ; verknoei.

Iemand uit die saal lig : hom onderkruip ; van sy pos beroof.

Saalboom ry : by die perdry bang wees vir afval en dan voor aan die saal vasklou.

Altyd saamblaf : altyd saampraat, veral van iemand wat te bang is om vir sy eie opinie uit te kom.

'n Hele Sabbatsreis : 'n lang ent pad. Vgl. hiermee die Hollandse betekenis : 'n kort entjie.

Soveel van iets weet as 'n kat van saffraan : daar heeltamal niks van weet nie.

'n Sak sout met iemand opgeëet het : lank met hom saam gewoon het, baie omgang met hom gehad het.

Iemand in die sak hê : met hom maak net wat jy wil ; geen respek vir hom hê nie.

In sak en as sit : in groot droefheid verkeer ; in diepe rou gedompel wees.

Jou hand diep in jou sak steek : baie vir 'n saak gee.

Met sak en pak : met al wat hy besit.

Goeie sake doen : goeie besigheid doen ; met 'n goeie wins handel dryf.

Aan hom is geen salf te smeer nie : jy sal hom nooit reg kry nie ; jy kan niks met hom aanyang nie.

'n Barmhartige Samaritaan : iemand wat hom oor sy medemens ontferm.

Onder één sambreel boer : van dieselfde gesindheid wees ; kop in één mus wees.

Iemand sand in die oë gooi (strooi) : hom mislei ; hom bedrieg.

Op sand bou : op 'n onseker fondament bou ; nie beginselvas wees nie.

Tussen Scylla en Charybdis : tussen twee gevare.

Jy wil nie sê nie! : uitroep van verbasing tot iemand wat iets vertel het wat jy nie verwag het nie:

Dit sê nie : dit maak nie saak nie.

Hy laat hom niks sê nie : hy is baie eiewys; (ook) hy yedra niks nie.

Die see kan hom nie skoon was nie : gesê van iemand wat 'n skandelige daad gepleeg het.

Daar moet nog baie water in die see loop : dit sal nog baie lank duur.

Die seël op iets druk : die laaste en gewoonlik die afdoende woord oor 'n onderwerp van gesprek sê.

Glad soos seep : baie gemaklik ; sonder haakplek.

Seker van sy saak wees : weet wat hy sê of hoe hy moet handel ; oortuig van die waarheid wees.

Seil solank die wind waai : die beste gebruik maak van jou kanse ; die yster smee solank dit gloei.

Sy lewe nie seker wees nie : in lewensgevaar verkeer.

Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou : sleëte geselskap bewerk jou ondergang.

Senuwees soos 'n trapsoetjies hê : baie sterk senuwees hê ; kalm bly in die grootste gevaar.

Dit op sy senuwees hê : in groot opgewondenheid verkeer.

Die septer swaai : gesag uitoefen.

Soos 'n settelaar êrens aankom : onverwags, ongenooid en met al sy aardse goedere êrens aankom.

Hom siek lag : baie hartlik lag.

Met hart en siel : met alle kragte.

'n Goeie ou siel : 'n goeie mens.

'n Siel van potklei : 'n onnosele vent ; 'n stumper.

Iemand se siel uittek : hom gedurig terg.

Met sy siel onder sy arm rondloop : hom verveel ; niks te doen hê nie.

Hoe meer siele, hoe meer vreugde : hoe meer mense in 'n geselskap is, hoe meer pret en hoe groter die opgeruimdheid.

Sigaret-beentjies hê : baie dun beentjies hê.

By my siks (siksewaar)! : waarlik-waar ; by my kool (koliwaar)!

- Soos 'n nuwe sikspens lyk** : daar netjies uitsien.
- Teen sy sin iets doen** : onwillig ; sonder dat hy daar lus toe het.
- Iemand uit die sinagoge werp** : hom die toegang tot sy vorige kring ontsê.
- Van sy sinne beroof wees** : gek wees ; nie goed weet wat hy praat nje.
- Jy sing toe nie!** : skertsend tot iemand wat hom onnodig vererg.
- 'n Toon laer sing** : minder te sê hê ; 'n minder aanmatigende houding aanneem.
- Die pad is sinkplaat** : nie glad en gelyk nie maar geriffeld.
- 'n Sisyphus-arbeid verrig** : vergeefse moeite doen.
- Daar goed in sit** : ryk, welgesteld wees.
- Sito-sito** : gou-gou ; sonder veel omhaal. Sito-sito was hy verloof en getroud.
- 'n Sjibbolet** : 'n herkenningswoord.
- Daar gaan baie mak skape in een hok of kraal** : vrede-liewende mense kan maklik saamwoon.
- Eén brandsiek skaap steek die hele trop aan** : een slegte mens bederf die toon van die hele geselskap.
- Skaapogies op iemand gooi** : verlief wees op iemand.
- 'n Wolf in skaapsklere** : 'n valse vriend ; iemand wat hom alte lief voordoen, maar al die tyd slegte bedoelings het.
- Van wolf skaapwagter maak** : 'n gevaarlike en ongewenste persoon in 'n verantwoordelike posisie plaas.
- Hom êrens skaars hou** : daar nie baie kom nie. B.v., Hoe hou jy jou dan daar by my in die laaste tyd so skaars ?
- Deur skade en skande word jy wys** : deur ondervinding leër jy.
- Sy skade weer inhaal** : deur baie té eet en te drink (slaap) weer goedmaak wat jy verloor het.
- Nie in iemand se skaduwee kan staan nie** : lang nog nie sy gelyke wees nie.
- Soos 'n skaduwee verbygaan** : baie kort duur ; kortstondig wees.
- Iemand (iets) in die skaduwee stel** : hom ver oortref in bekwaamheid ; dit ver oortref in belangrikheid.
- Bang wees vir sy eie skaduwee** : baie bang wees.
- Skape aanja** : dronk wees ; b.v., Hy ja skape aan.

- Die skape van die bokke skei :** die twee klasse van mekaar skei ; b.v., die slegtes van die goeies.
- Nie al sy skape in die kraal hê nie ;** nie heeltemal reg by sy verstand wees nie.
- Hulle skapies bymekaarja :** met mekaar trou.
- Iemand (iets) hoog (lig) skat :** 'n hoë (geringe) opinie van sy bekwaamheid hê ; veel (geringe) waarde aan iets heg.
- Iemand skeef aankyk :** hom verstoord aankyk ; (ook) hom wantrou.
- So skeel as 'n skaap :** van iemand wat baie oormekaar kyk.
- 'n Blou skeen kry :** die neewoord kry van 'n dame.
- Driemaal is skeepsreg :** tweekeer word 'n vergryp oorgesien maar die derde keer word dit gestraf.
- 'n Tong soos 'n skeermes hê :** 'n baie skerp tong hê ; baie spitsvinnig wees.
- So sklem as die houtjie van die galg :** 'n deurtrapte, 'n geslepe skelm wees.
- 'n Bietjie te veel skep :** oormatig drink. Oorspronklik van 'n jong wat te veel kere met die dop wyn uit die emmer skep.
- Agter die skerms sien :** weet wat daar in die geheim aangaan.
- Die wêreld skeur :** loop dat dit kraak ; platgooi ; voet in die wind steek.
- Hom na omstandighede skik :** 'n ding neem soos hy dit kry ; tevrede wees met sy lot.
- Baie in sy skik wees :** baie tevrede wees ; baie ingenome wees met iets.
- Tot 'n skikking kom :** 'n saak vriendskaplik reël ; 'n ooreenkoms tref.
- Iets in sy skild voer :** geheime planne hê (ongunstig).
- Soos 'n skilpad loop :** baie stadig loop.
- Wag tot my skip met geld kom :** wag tot ek 'n fortuin geërwe het. Skertsend tot iemand wat vra wanneer jy dan dit of dat (wat duur kos) gaan koop.
- Skipbreuk ly :** misluk.
- 'n Skobbejak wees :** 'n slegte vent, 'n deugniet wees.
- As dié skoen jou pas, trek hom dan aan :** as jy jou skuldig gevoel, pas-dan maar die woorde op jouself toe.

- Elkeen weet die beste waar die skoen hom druk :**
elkeen ken sy eie moeilikhede die bestè.
- Die stout skoene aantrek :** moed vat ; dit waag.
- Met skoene en kouse in iets inspring :** 'n saak sonder tydverlies en met hart en siel aanpak.
- Moenie ou skoene weggooi voor jy nuwes het nie :**
moenie iets oud (gereedskap, ens.) wat jy nodig kan kry, wegmaak voor jy 'n nuwe in sy plek het nie.
- Hy kan nog sy eie skoenriempie vasmaak :** hy hoef 'n ander nog nie na die oë te sien nie ; geldelik selfstandig wees.
- Nie werd om sy skoenriempie vas te maak nie :** hom geheel en al onwaardig wees.
- Sy laaste skof gery het :** dood wees ; tot sy vadere versamel wees.
- Skoffel :** dans : hulle het die oujaar uit en die nuwejaar in geskoffel.
- Uit die skool klap :** geheime oorvertel.
- Skoolgeld betaal :** dure ondervinding opdoen.
- Jy moet jou skoolgeld gaan terugvra :** Jy het weinig van jou onderwys geprofiteer ; nog net so dom as voorheen wees.
- Iemand soos 'n skoolkind behandel :** hom uit die hoogte behandel ; hom behandel asof hy jou mindere is.
- Skoonveld wees :** totaal verdwyn. B.v., Toe ek weer kyk, was al my maats skoonveld en ek en die leeu bly oor.
- Alles voor iemand skoonveld maak :** hom glad nie kans gee nie ; alles voor hom wegmaai.
- Skoor soek :** rusie soek.
- Mooi skoot! :** fluks gedoen ! Uitroep van bewondering.
- Die skoot hoogdeur hê :** lekker dronk wees ; getier wees.
- Die skouer aan die wiel sit :** hard werk.
- Breë skouers hê :** baie kan dra en verdra.
- Skraalhans by iemand wees :** van iemand wat in be-
hoefte omstandighede verkeer. B.y., Vir die laaste jaar kon hy nie werk nie, en gevolglik is dit by hom maar skraalhans.
- Iemand van jou lys skrap :** hom nie langer erken of groet nie.
- 'n Ou skrebalie :** 'n kind wat vir die geringste oorsake huil.

- Skrifgeleerd wees** : geslepe wees ; hom nie maklik laat fop nie.
- Iemand die skrik op die lyf ja** : hom baie groot laat skrik.
- So elke skrikkeljaar** : so af-en-toe.
- Daar's 'n skroef los** : daar is bedrog in die spel ; die man is nie by sy volle verstand nie.
- Die skuim van 'n volk** : die laagste klas ; die hoi-polloi.
- Iets op die lang baan skuiwe** : dit onbepaald uitstel.
- Gou weer in sy skulp kruip** : gou sy mond hou ; gou 'n minder hoë toon aanslaan.
- Skyn bedrieg** : 'n mens kan nie altyd na die uiterlike oordeel nie.
- Slag hê van iets** : die kunst verstaan om dit te doen.
- Op slag kom** : 'n saak begin verstaan ; daar op koers mee kom.
- 'n Goeie slag slaan** : groot voordeel behaal by 'n transaksie.
- 'n Slag om die arm hou** : hom nie finaal verbind nie ; hom nog 'n uitspringplekkie laat ; geheime oogmerke hê.
- Sonder slag of stoot oorgee (inneem)** : sonder enige teëstand.
- In die slag bly** : gevang word, terwyl dit sy maats geluk om te ontsnap ; (ook) sneuwel.
- Lyk of hy in 'n slaghuis groot geword het** : brandmaer wees.
- Daar is 'n slang in die gras** : daar skuil gevaar.
- Moenie laat slap hang nie** : hou moed ; doen jou uiterste bes.
- Iemand 'n sleepsel trek** : hom 'n poets bak ; (ook) hom bedrieg.
- Iemand op sleeptou neem** : deur gedurig uit te stel hom mislei ; aan 'n lyntjie hou.
- Iemand slegmaak** : hom swart smeer ; alles wat sleg is van hom vertel.
- Die slegste daarvan afkom** : die onderspit delf ; die nederlaag ly ; pak kry.
- Slimpraatjies verkoop** : allerhande onsin praat.
- 'n Sloot (pad) werk** : baie hard werk.
- Iemand van die wal in die sloot help** : iemand uit 'n onaangename posisie help in een wat nog slegter is.
- Agter die slot in** : in die tronk sit ; agter die tralies sit.

Die sluier oplik : iets verklaar.

Dis al 'n hele sluk op 'n bottel : dit help baie ; dit maak 'n groot verskil. B.v., So 'n tjekkie van £20 is vir my al 'n hele sluk op 'n bottel.

Dit smaak na teer : dit smaak baie lekkêr.

Dit smoor kry (hê) : baie swaar kry ; opdraand hê.

Êrens smous : daarheen gaan om te vry.

Met politiek smous : met sy politiek te koop loop om stemme te vang (met die bybedoeling dat die politiek minderwaardig en nie opreg gemeen is nie).

Altyd op dieselfde snaar speel : Kyk by „aambeeld.”

'n Gevoelige snaar ('n teer snaar) aanraak : oor iets praat wat iemand baie verdrietig maak.

Met snaar en stamboel êrens heengaan : te voet ; met ou dapper en stapper. B.v., Die enigste manier vir my om daar te kom, is met snaar en stamboel.

'n Snellertjie stel : 'n vuurtjie maak.

Net 'n snik en 'n snuif : in 'n oogwenk.

'n Snip : 'n meisie wat baie gou met haar tong is ; wat erg spitsvinnig is.

Snuif in iemand se oë blaas : Kyk by : „Sand in sy oë gooi.”

Snuiter ry : drie perde voor 'n kar hê, twee agter en een voor.

So 'n klein snuiter! : uitdrukking van verontwaardiging : so 'n klein sot!—So 'n bobbejaan !

Dis 'n regte Sodom : dis 'n goddelose stad ; 'n stad vol ongeregtheid.

Elke man soen sy vrou op sy eie manier : elkeen het sy eie manier van iets te doen.

Weer soetbroodjies (mooibroodjies) bak : mooipraat en vlei om in iemand se guns te kom.

Alles vir soetkoek opeet : alles glo ; met alles genoeg neem ; met alles tevrede wees.

Soetjies (stadig) oor die klippe : as waarskuwing tot iemand wat te haastig te werk gaan en daardeur die hele saak sou kan bederf ; (ook) moenie so erg lieg nie !

Hy kan nie sien dat die son vir 'n ander in die water skyn nie : hy gun 'n ander geen voorspoed nie.

Die son is vir hom onder : hy is dood ; hy het sy laaste skof gery.

Sy sondagpak aanhê : sy beste pak, sy kisklere aanhê.
Altyd die sondebok wees : die skuld kry van alles wat verkeerd loop.

Onwetend sondig nie : as iemand onskuldig verkeerd handel, moet dit hom nie alte kwalik geneem word nie.

Soort soek soort : persone van dieselfde karakter gaan graag met mekaar om.

In die sop wees : in die moeilikheid wees.

Altyd suur sous moet sluk : 'n ongeluiskind wees.

Aan iets sout : van 'n siekte herstel wees en nie gevaar loop om ooit aan daardie siekte dood te gaan nie.

Sy sout werd wees : iets beteken ; fluks in sy werk.

Soos 'n soutpilaar staan : doodstil staan.

Laat spaander (špat) : vinnig weghardloop ; die wêreld skeur.

Uit die span spring : vir sy party bedank ; van politieke standpunt verander.

Die onderste speek kom ook bo : die man wat vandag die minste mag het, kan môre die meeste te sê hê ; (ook) die armste kan ook ryk word.

Met vuur speel : hom met gevaarlike sake bemoei.

Met spek skiet : lieg ; baie oordryf. (Ook) „Hy skiet nie met spek nie, maar gooi met die vark,” hy lieg of oordryf erg.

Érens vir spek en boontjies bysit : nie saamtel nie ; nie saamspeel nie ; somaar 'n saamloper wees.

Kool sonder spek : here sonder dames, of omgekeerd.

Jy kon 'n speld hoor val : dit was doodstil.

Soos 'n groot speld verdwyn : wegraak sonder dat iemand dit opmerk.

'n Hele spiets : 'n groot grap ; 'n hele gedoente.

Die spil waarom alles draai : die persoon wat vir alles verantwoordelik is.

Die spit afbyt : aan die grootste gevaar blootgestel word ; die vuilwerk doen.

'n Storm in 'n spoeldam : 'n groot lawaai oor 'n nietigheid.

Spitsroei loop : swaar kry ; jou ontgeld ; slae kry.

Spook (ww.) : al sy kragte inspan : die os spook lelik om los te kom.

In sy spoor trap : versigtig wees ; in sy pasoppens trap.

Op iemand se spoor wees : na hom soek ; (ook) weet waar hy is.

Spoorloos verdwyn : vertrek sonder dat iemand weet waar-na-toe.

Uit die vier spore (van die staanspoor af) : somaar by die afsit ; dadelik.

Twee rye spore loop : dronk wees ; lekkerlyf wees. Vgl. „Hy jaag skape aan.”

Sy spore verdien hê : hom op die een of ander gebied verdienstelik gemaak hê.

Spotter se huis brand ook af : spotter kry sy loon.

Mekaar nader spreek : later onder mekaar die saak uitmaak ; later mekaar te woord staan.

Moenie verder spring as wat jou stok lank is nie : moenie jou kragte ooreis nie ; moenie meer onderneem as wat jy kan verrig nie.

Iemand met springteuels ry : hom kortvat ; hom nie veel vryheid laat nie.

Dit loop die spuigate uit : dit is te erg.

Die spyker op die kop slaan : die regte saak aanroer ; die regte ding sê.

'n Spyker aan iemand se doodkis : 'n saak wat sy lewe verkort ; sy dood verhaas. B.v., Die skandelijke gedrag van daardie vent is 'n spyker aan sy ou vader se doodkis.

Al staan jy op jou kop : as teken dat iemand absoluut weier om toe te gee of iemand se sinn te gee.

Uit die staanspoor uit : somaar van die begin af.

'n Ou staatsmaker : iemand op wie jy in geval van nood kan reken.

Stadig maar seker : om jou doel te bereik moet jy nie hals-oor-kop te werk gaan nie.

Stadig oor die klippe(rs) : kyk by „Soetjies oor die klippe.”

Bo sy stand lewe : te hoog lewe ; in kringe beweeg waar hy nie tuis hoort nie.

Stank vir dank kry : beskinner in plaas van geprys word ; ondank pleks van dank ontvang.

Van stapel laat loop : aan die gang sit.

Iemand in die steek laat : iemand jou hulp ontsê as hy dit die nodigste het ; iemand die spit alleen laat afbyt.

Iemand 'n steek onder water gee : iemand so terloops iets onaangenaams toevoeg ; hom in die geheim kwaad doen.

Ek kan geen steek sien nie : ek kan niks sien nie.

- Nie steek hou nie :** nie aanneembaar wees nie ; nie opgaan nie : Daardie redenering van jou hou glad nie steek nie.
- Steeks wees :** onwillig, teësinning wees. B.v., Die mense is al steeks om vir daardie saak by te dra.
- Steen en been kla :** geweldig kla.
- 'n Steen des aanstoots wees :** ergernis veroorsaak.
- 'n Lelike stel aftrap :** 'n onaangename ervaring hê.
- Op stel en sprong :** dadelik, sonder versuim.
- Van die ou stempel wees :** van die goëie ou geslag wees.
- Twee harde stene kan nie maal nie :** twee harde koppe pas nie by mekaar in die huwelik nie.
- 'n Stentorstem :** 'n buitengewoon kragtige stem.
- So sterk soos ou botter :** smalend van iemand wat graag met sy krag spog.
- Hy kan sy sterre dank :** hy kan van geluk praat.
- Op sterwe na dood :** so te sê dood ; (ook) uiters stadig.
- Vier stewels in die lug lê :** onderstebo lê ; (ook) dood lê,—veral van diere wat 'n doodskoot gekry het.
- Iemand stiefmoederlik behandel :** hom afskeep.
- Op twee stoele sit :** maats hou met altweë kante ; hom nie ten gunste van die een of die ander party uitlaat nie.
- Iets nie onder stoele en banke inprop (insteek) nie :** daar nie 'n geheim van maak nie ; daar ronduit mee voor die dag kom.
- Sy stof nie êrens laat sien nie :** daar nie meer kom kuier nie.
- Iemand onder stof loop :** hom onderstebo loop ; hom verbygaan ; hom baasraak.
- 'n Stoftrappertjie :** 'n persoon wat maar kort is van gestalte ; 'n buksie.
- Stofwolke opskop :** baie raas en min uitvoer.
- Iemand 'n stok in die wiel steek :** hom teëwerk.
- Iemand voor stok kry :** hom tot verantwoording roep ; hom rekenskap vra.
- 'n Stokkie voor iets steek :** dit belet ; sorg dat dit nie gebeur nie.
- Stokkies draai :** stilletjies en sonder verlof uit die skool bly (Ndl. „Stukjes draaien”).
- Op sy stokperdjie ry :** oor sy geliefkoosde onderwerp praat.
- Iemand stompoor sny :** wegwys by die katkisašie.

- 'n **Nooi stompoor (skuinsoor) sny** : maak asof sy al aan jou behoort ; (ook) sy is nou op die rak.
- 'n **Stomp puntjie (griffie)** : iemand wat dom is en nie gou iets, vat nie.
- Kwaai stook** : baie drink ; 'n dronklap wees.
- Op iemand se stoppels oes** : by 'n meisie, wat hy afgesê het, vlerk sleep.
- Op stopland sit (stoppeland)** : oujongnoui wees ; bokwagter wees ; (ook) alleen oorbly.
- Stout gepraat die halwe daad** : spottend aan 'n grootprater toevoeg.
- Die straat meet** : dronk wees.
- Iemand streepsuiker gee** : hom slae gee ; hom tamelêtjies gee.
- 'n **Streep (strepie) hê** : nie heeltemal reg wees nie ; idioot wees.
- Iemand 'n streep trek** : hom 'n poets bak.
- In die strik sit** : gevang wees.
- Nie 'n strooi breek nie** : nie die minste werk doen nie.
- Iemand nie 'n strooitjie in die pad lê nie** : iemand nie in die minste hinder of kwaad doen nie.
- Kort voor die strooihuis (struis) omgedraai het** : nie heeltemal wilmens wees nie ; swart bloed in sy are hê.
- Die stroom volg** : met die meerderheid saamgaan.
- Met die stroopkwas bewerk** : vlei ; heuning om iemand se mond smeer.
- Die strop om die nek hê** : kyk by „Die kop in die strop hê.”
- Stryk hou** : bestendig voortgaan met sy werk.
- Op stryk kom met iets** : vaardig of behendig word in iets.
- Van stryk wees** : in die war wees ; (ook) nie heeltemal fris nie.
- Dit stryk nog nie** : dit gaan nog nie soos dit behoort te gaan nie.
- Nie met mekaar stryk nie** : nie met mekaar oorweg kom nie.
- Ook 'n stuiwer in die armbeurs gooi** : ook altyd wat te sê hê ; altyd saampraat. B.v., 'Ons kan oor niks praat nie of hy het ook altyd sy stuiwer in die armbeurs te gooi.
- 'n **Man uit één stuk** : 'n man op wie se woord jy kan staatmaak ; 'n man van beginsel.
- Op sy stukke wees** : op sy plesierigste ; in sy element.

- Iemand stukkend loop** : hom ver wen ; hom maklik baasraak.
- Stukkend wees** : baie dronk wees.
- Van stuurboord na bakboord** : van die een na die ander ; van Pontius na Pilatus.
- Die beste stuurman staan aan wal** : die toeskouer verbeel hom altyd dat hy iets beter kan doen as die persoon wat met 'n taak besig is.
- Iets uit sy duim suig** : kyk by „Duim.”
- 'n Suighans wees** : sy goed ten duurste verkoop.
- Sy suikertande uittrek** : sonder of met minder soetigheid klaarkom.
- 'n Arme ou sukkelaar** : van iemand wat nie in die wêreld vooruit kan kom nie.
- 'n Sult van 'n mens** : 'n doodgoeie, verdraagsame mens.
- 'n Ou suring (suurknol)** : 'n stuurse, onvriendelike vent.
- Iemand suur bekom** : daarvoor moet boet ; onaangename gevolge vir hom hê.
- Iemand die lewe suur maak** : hom die lewe onaangenaam maak ; hom die lewe vergal.
- Daar het suurlemoensop deurgeloop** : daar is geknoei ; daar is oneerlik gehandel.
- Sy hand is swaar** : hy is 'n pure man ; (ook) hy het baie invloed of staan goed aangeskrewe.
- Die swaard van Damokles** : 'n gevaar wat jou gedurig bedreig.
- Die swaard in die skede steek** : vrede maak.
- Die swaard aangord** : gaan veg.
- 'n Swanesang** : 'n digter se laaste gedig ; iemand se laaste werk.
- Iets swart op wit wil hê** : skriftelike bewys vir iets wil hê.
- Die swartspan** : die kerkraad.
- Iemand swartsmeer** : hom beskinner ; hom belaster.
- Baie swawel (swael)** : baie drink.
- Één swaweltjie (swaeltjie) maak nog nie somer nie** : 'n mens kan nie uit 'n alleenstaande geval 'n algemene gevolgtrekking maak nie ; (ook) een persoon of ding kan nie op sigself die gewenste resultaat oplewer nie. B.v., Julle het wel vir Japie in die span, maar één swaweltjie maak nog nie somer nie.—hy alleen kan julle nie die oorwinning besorg nie.
- Sweet des aanskyns** : harde werk.

In sy trane swem : baie droewig huil.

Saam met die swerm vlieg : saam met die meerderheid gaan ; sonder vaste beginsels wees.

Swyg soos die graf : geen woord praat nie.

In swym val : flou val.

T

'n Regte ou ta : kyk by „Ghwar.”

Iemand 'n taai klap gee : 'n harde klap.

So taai as 'n ratel : baie taai.

Iemand taai sê : hom goed die waarheid sê : ' hom goed inklim.

Geen taal of tyding van iemand kry nie : niks van hom hoor nie.

Taalsous brou : 'n taal radbraak ; 'n brabbeltaaltjie praat.

Iemand op sy tabernakel gee : hom 'n afgedankste pak gee.

Iemand se tak : iemand se nooi.

Die takke insit : laat spaander ; op die vlug gaan.

Hoog in die takke : hoog dronk ; hoog veertien.

Iemand (taai) tameletjie gee : hom 'n pak slae gee.

Sy talent begrawe : sy kennis en bekwaamheid nie gebruik nie.

Met sy talente woeker : so goed moontlik van sy kennis en bekwaamheid gebruik maak.

Hulle tameletjie het verbrand : gesê van groot vriende wat 'n uitval gehad het.

Iemand se tande voel : sy kennis of bekwaamheid toets.

Met langtande eet : met teësin eet.

Sy tande vir iets slyp : hom klaarmaak om iets in sy besit te kry en daar heerlik van te geniet. B.v., Nee, oumaat, jy slyp verniet jou tande vir daardie perskes : dit is al klaar weggegee.

Sy tande wys : kwaad word.

Iemand nie met 'n tang kan aanraak nie : te smerig om aan te raak.

Met iets op die tapyt kom : dit ter sprake bring ; daarmee op die lappe kom.

In 'n ander se tee blaas : by 'n ander se nooi gaan kuier om hom uit te sit.

Sy tee was te sterk : hy is dronk.

'n Streep van die teerkwas weghê : kyk by „Strooihuis.”

'n Teertou : 'n smerige vent.

In die tel wees : gereken wees ; geag word ; in aansien wees.

Jy kan sy ribbetjies tel : van iemand wat brandmaer is.

Op sy telle pas : versigtig wees ; in sy pasoppens trap.

In tien tellings (tellens) : in 'n kort oomblikkie ; in tien tellings is ek terug.

Êrens sy tent opslaan : êrens gaan woon ; hom êrens vestig.

Die tering na die nering sit : die uitgawe na die inkomste reel.

Hy kan sy testament maar laat maak : dis klaar met hom ; sy lewe is in gevaar.

Iemand vry teuel gee : hom maar laat begaan ; hom sy gang onbelemmer laat gaan.

'n Thomas : 'n ongelowige persoon.

Dis tien teen een : dis baie onwaarskynlik.

Ou tier! : uitroep van bewondering. Vgl. „Hotnot! ” „Ryperd! ”

Tiermelk gedrink : dronk wees. Vgl. „kromhoutsoep.”

Iemand op die vingers tik : hom 'n misstap onder die oë bring ; hom oor iets berispe.

Tipies wees van iemand : kensketsend : vloek op die veld,—dit is nou tipies van daardie voetbalspan.

Gereedskap in huis spaar die timmerman uit : dis verstandig om voorsorgmatreëls te neem ; **voorsorg is beter as genesing.**

Geen tittel of jota : hoegenaamd niks.

Tjoekie-toe gaan : in die tronk kom.

Tjou-tjou (spul) : minderwaardig ; mislukte. Die danige partytjie was somaar 'n tjou-tjou spul.

Op tog gaan : op reis gaan (om te smous.)

Buiten iemand se toedoen : sonder dat hy daartoe bygedra het ; sonder dat hy hom met die saak bemoei het.

Van toeka se dae af : van lank af ; van vanslewe se dae af ; van die jaar vroeg af. B.v., Nou verkondig jy wat ek al van toeka se dae af volhou,—van daardie tyd af.

'n Man van toet : 'n man wat nie veel beteken nie ; 'n arme ou sukkelaar. Gewoonlik met die toevoeging : Was hy beter, dan was hy goed. (Ook van dinge.)

- Iets toe-oog doen :** op jou dooie gemak ; sonder die minste inspanning.
- 'n Hele toertjie :** van iets wat heelwat moeite kos. B.v., Dit was 'n hele toertjie gewees om die perd weer in die hande te kry.
- Iemand toetrap (toetrek) :** hom fop.
- Toktokkie speel :** aan die deur klop en dan weghardloop as iemand kom om dit oop te maak.
- Natuur die tol betaal :** sterf.
- Op iemand se tone trap :** hom beledig ; hom in sy eer te nā kom.
- Iemand onder die tong kry :** hom goed die waarheid sê.
- Die woord is op my tong :** gebesig as 'n naam jou nie dadelik wil te binne val nie.
- Sy tong verloor het :** van iemand wat nie boe of ba in 'n geselskap sê nie, of op 'n vraag nie antwoord nie.
- Die toon aangee :** ander mense deur sy invloed lei.
- 'n Hoë toon aanslaan :** trots, hooghartig praat ; 'n aanmatigende houding inneem.
- 'n Laer toon sing :** insiklikker word.
- Van top tot teen :** van kop tot voete.
- Iets top :** ('n wingerd) bolangs afsnoei ; ('n glas) 'n bietjie van die inhoud daarvan drink voordat iemand anders dit leeg drink.
- 'n Tor :** kyk by „Ghwar.”
- Oor die tou trap :** iets ongeoorloofs doen ; 'n misstap begaan. B.v., Hy sou hom kastig nooit weer dronk drink nie, en daar het hy alweer oor die tou getrap.
- Iemand onder die tou (ketting) uithelp :** hom uit 'n moeilike posisie help.
- Tou opgooi :** moed opgee.
- Op die tou (ketting) blaas :** kyk by „Blaas.”
- Iets op tou sit :** iets aan die gang sit ; begin ; organiseer.
- Iemand laat touspring :** slae gee.
- Die (voor-) tou by iets vat :** die leiding op hom neem.
- Aan die tou gesels :** lekker en aanhoudend praat.
- Iemand touwys maak :** hom die grondbeginsels van 'n saak leer ; (ook) hom aan tug en reëlmaat gewend maak. B.v., Stuur die klein kwaaijong maar skool-toe ; daar sal hulle hom gou genoeg touwys maak.
- Agter die tralies sit :** in die tronk sit.
- Lang trane huil :** bitter spyt hê van iets.

Op die ou trant : soos gewoonlik : met my gaan dit nog
maar so op die ou trant.

Hoog en laag trap : dronk wees.

'n Ou trap-in-die-water : 'n onhandige skepsel ; 'n ou
sukkelaar.

'n Trapsoeties : 'n stadige, tydsame persoon.

Dis nog nie treintyd nie : tot iemand wat hom onnodig
haas.

Iemand troef : hom goed te woord staan ; hom uitoorlê.

Die Trojaanse perd binnehaal : hom onbewus die ongeluk
op die hals haal.

Iemand tromp oloop : iemand sonder omweë aanpak
oor iets beledigends in sy taal of handelwyse ; nie bang
wees om hom te woord te staan nie. B.v., Die aller-
beste is om sulke skinnerbekke maar tromp op te loop.

'n Trou perd : 'n perd wat vas is in die kar ; 'n perd
wat dadelik vat ; „trou ” as teëstelling van „steeks.”

Trou is nie perde-koop nie : die huwelik is 'n hoogs
ernstige saak.

Tru (troei) staan vir iemand : terugstaan ; sy meerdere
bekwaamheid erken.

Hy is weer in die tuig : hy is weer terug in die werk ;
ook hy is weer in die juk.

Iemand om die tuin lei : hom bedrieg.

Met Jan Tuisbly se karretjie gaan : nie gaan nie ;
tuisbly.

Sy turf sit : hy bereik nie sy doel nie ; hy maak die ding
nie.

Ouer as twaalf wees : hom nie gou laat fop nie ; nie so
onnosel wees as wat 'n mens miskien dink nie.

'n Ou twak : 'n niksbeduidende vent ; 'n ou skepsel aan
wie 'n mens niks het nie ; 'n ou asjas.

Iemand sy twak op sy eie manier laat kerwe : hom
'n ding laat doen soos hy gewoon is ; jou nie met sy
lewenswyse inlaat nie.

Sy twak is nat : sy kragte is nie toereikend nie ; hy maak
dit nie. B.v., Nec, jong, jou twak is nat ; wen sal jy
hom nooit nie.

Twak verkoop : onsin praat ; kaf praat.

Nie 'n pyp twak (dagga) werd wees nie : niks werd
wees nie..

Die tyd uitkoop : die beste gebruik daarvan maak. (Ook
Tyd is geld.)

Sy tyd is verby : hy het nie meer invloed nie ; sy beste jare het hy agter die rug.

U

'n Uil (uilskuiken) : 'n domoor.

Soos 'n uil op 'n kluit sit : stokalleen sit.

Elkeen dink sy uil is 'n valk : elkeen beskou sy eie goed (kinders, ens.) as die beste ter wêreld.

Soos Uilspieël wees : altyd ongerymde dinge doen.

Soos Uilspieël in die maanskyn wees : 'n wit pak klere op 'n yskoue dag aanhê ; buitensporig en ongepas wees in jou kleding en doen.

Uilspieël het sy meel verloor : dit het kliphard geryp.

'n Uiltjie knap : in die middag 'n bietjie gaan slaap.

Iemand uitbetaal : hom met gelyke munt betaal.

Iets uitblaker : iets aan almal sê, met die bygedagte dat dit onverstandig is. B.v., Moenie alles wat jy hoor, altyd uitblaker nie.

Iemand êrens uitboender : hom êrens uitjaag, gewoonlik op onsagte wyse.

Iemand 'n uitbrander gee : hom skerp berispe ; sy kop vir hom was.

Hom êrens uitdraai : sy woord breek ; op 'n slim manier los kom van 'n werk wat hy behoort te doen.

Op sy uiterste lê : ernstig siek lê ; nie veel kans op herstel hê nie.

Van die een uiterste in die ander val : nie in staat om 'n middelweg te hou nie.

Uitgebak wees : onpopulêr wees ; nie meer in iemand se guns wees nie.

Heeltemal uitgeboer wees : alles verloor het.

Die saak het uitgelek : die geheim is geopenbaar.

'n Uitgemaakte saak : klaar beslis.

'n Uitgevrete kêrel : 'n groot, sterk vent, wat darem te lui is om te werk.

'n Uithaler ('n uithaal) : besonder goed in sy soort ; 'n uithaler-perd, 'n uithaal-bakleier.

Iemand uithoor : luister na alles wat hy te sê het en so agter die waarheid, agter 'n geheim, probeer kom.

Die tyd uitkoop : op die beste manier bestee.

Uitkruip : 'al sy kragte inspan. Oorspronklik van 'n perd wat by die hardloop op 'n afstand lyk asof hy stadig onder die ander perde uitkruip. B.v., Jy sal nou moet begin uitkruip as jy nog aan die end van die jaar wil deurkom.

- Iemand uitoorlé :** jou planne knap agtermekaar sit en daardeur te slim wees vir jou teëstander.
- Oor iemand uitpak :** baie ten nadele van hom te sê hê ; baie van hom skinner.
- Iets met wortel en tak uitroei :** dit heeltemal verwyder ; dit vernietig. .
- Iemand uitskud :** hom van sy klere, ens. verlos (veral in oorlogstyd) ; hom al sy geld laat verloor, (deur kaartspel of deur bedrog).
- Anderkant iemand se uitspanplek :** bokant sy kennis, kragte ; bokant sy vuurmaakplek. B.v., Laat maar staan, want daardie werk is tog anderkant jou uitspanplek.
- Ek kan hom glad nie uitstaan nie :** ek kan hom glad nie veel nie.
- Van uitstel kom afstel :** wat 'n mens uitstel, word partykeer glad nie gedoen nie.
- Iemand uitstof :** hom oortref ; hom baasraak.
- Iemand uitsuig :** soveel voordeel as moontlik uit hom maak ; hom die ore van die kop vra.
- Uittrek voor jy gaan slaap :** jou goedere reeds voor jou dood uitdeel.
- Hy sal sy baadjie vir 'n ander uittrek :** hy is baie goedhartig ; hy het alles vir sy medemens oor.
- Van uitvra is die tronk vol :** nuuskierigheid bring jou in allerhande moeilikhede.
- Niks met iemand (iets) uit te waai hê nie :** niks met hom te doen hê nie.
- Iemand uitwiks :** hom 'n loesing gee ; ook uitlooi.
- Sy uurtjie het geslaan :** sy tyd om te sterwe is daar.

V

- Praatjies vir die vaak :** kyk by „Praatjies.”
- In die vaal rys wees :** op pad wees ; op trek ; (vaal rys=sand).
- Iemand (iets) laat vaar :** hom laat staan ; hom laat begaan ; daar niks verder mee te doen wil hê nie.
- In iemand se vaarwater kom :** in onguns raak by hom ; in ongenade val.
- Uit 'n ander vaatjie tap :** anders,praat as vantevore.
- Iemand se vadoek wees :** vuil werk van 'n ander doen.
- Jou vagekierie :** jou vabond !—Jou Platjie !
- In die val sit :** gevang wees ; betrap wees op 'n verkeerde daad.

- Dis net na dit val :** dit hang alles af van wat nog gaan gebeur.
- Kom ek daar vandag nie, dan kom ek daar tog môre :** skertsend van iemand wat baie tydsaam is : wat altyd op sy dooie gemak loop, ry, werk, ens.
- Nie meer vandag se kind wees nie :** taamlik bejaard wees ; (ook) geslepe wees ; 'n ou kalant wees.
- Iemand met sy eie woorde vang :** hom aanlei totdat hy homself vaspraat ; hom sy vroeëre beweringe self laat teëspreek.
- Vanslewe se mense (dae) :** die mense van vroeër dae ; die goeie oue tyd.
- Nie vark kan vang (keer) nie :** baie krom bene hê.
- Soos 'n maer vark skree :** baie hard en skerp gil.
- Soveel van iets weet as 'n vark van politiek ('n bors-hemp) :** daar heeltemal niks van weet nie.
- Nie al sy varkies in die hok hê nie :** nie heeltemal reg wees nie ; van Lotjie getik wees.
- Vasbrand :** sy doel nie bereik nie ; deur ontoereikende hulpmiddels nie verder kan nie. (Eintlik van 'n kar- of wawiel wat droog geloop is.)
- Iemand vaskeer :** hom met sy eie woorde vang.
- Teen sy ooglede vaskyk :** die ding nie raaksien nie, hoewel dit vlak voor hom lê.
- Hom vasloop :** homself fop ; homself in 'n moeilike posisie plaas ; teleurgestel word in sy verwagtings.
- Vastrap :** pal staan ; moed hou ; nie bang word nie.
- Iemand vastrek :** hom vaskeer ; (ook) hom bedrieg.
- Vat hê op iemand :** by magte wees hom tot 'n seker gedragslyn te dwing.
- Vat jou goed en trek (Ferreira)!** : trap ! Maak dat jy wegkom !
- Leë vate maak die meeste geraas :** hoe minder die verstand, hoe groter die mond.
- Nuwe besems vee skoon :** Kyk by „besems.”
- Iemand nie veel nie :** hom nie verdra nie ; niks van hom hou nie.
- Hoog veertien wees :** hoog dronk wees ; hoog in die takke wees.
- Sy lewe veil hê vir 'n saak :** gewillig wees om sy lewe daarvoor op te offer.
- Uit sy vel spring van iets (blydskap, woede, ens.) :** dit in 'n baie hoë mate besit.

Uit sy vel kan bars : spekvat, moddervat wees.

Die vel verkoop voor jy die beer geskiet het : aan iemand iets beloof wat jy nog nie in hande het nie ; onseker beloftes maak. Vgl. vleis braai voor jy die bok geskiet het.

Iemand die vel van die ore trek : hom baie duur laat betaal ; hom die ore van die kop vra.

Iemand vel (op sy vel gee) : hom 'n pak slae toedien ; hom uitlooi.

Uit die veld geslaan wees : verbaas wees oor iets ; dronkgeslaan wees.

Veld wen : hoe langer hoe meer aanhangers kry : toeneem.

Velle sleep : by die drink van 'n vloeistof 'n geraas maak wat laat dink aan die geraas van droë velle as dit gesleep word ; 'n vloeistof opslurp.

Ver van jou goed, naby jou skade : as jy nie self 'n wakende oog op jou besittings kan hou nie, dan moet jy teespoed daarmee verwag.

Baie te verantwoorde hê : baie hê om van rekenskap te gee.

Iets uit sy verband ruk ('n woord, 'n sin) : dit afsonderlik beskou, sonder te let op die betrekking waarin dit tot iets anders staan.

Sy mond verbrand : meer sê in teenwoordigheid van ander as wat verstandig is.

Iemand verdag maak : hom in verdenking bring ; aan sy eerlikheid, opregtheid laat twyfel.

Geld verduister (verdonkerman) : geld wat hom nie toekom nie, vir sy eie doeleindes gebruik.

Die vere maak die voël : jy word na jou uiterlik geoordeel.

Met anderman se vere pronk : kyk by kalf.

Iets verfoes : dit verknoei ; dit bederwe.

Dat hoor en sien vergaan : van 'n rumoer wat so hewig is dat jou kop daarvan draai. B.v., So wanordelik was die vergadering dat hoor en sien partykeer vergaan het.

Onkruid vergaan nie : kyk by „Onkruid.”

In die vergeetboek raak : vergeet raak ; nie meer van gepraat word nie.

Hom aan iets vergryp : hom te buite gaan.

Tot verhaal kom : na 'n siekte weer heeltemal herstel ; (ook) tot besinning, tot bedaring kom.

- 'n Verkeerde vent :** 'n dwars vent; iemand met wie geen mens oorweg kan nie.
- Sy kans verkyk :** sy kans laat verbygaan; 'n gunstige geleentheid nie te baat neem nie.
- 'n Verkleurmannetjie :** 'n manteldraaier; 'n persoon wat kort-kort aan 'n ander politieke party behoort.
- Vir dieselide prys verkoop as wat iemand dit gekry het :** iets presies oorvertel, sonder in te staan vir die waarheid daarvan.
- Verlep lyk :** daar bleek en sieklik uitsien; (ook) terneergedruk lyk.
- Hom nie laat vermaak nie (nie vermaak se kind nie) :** hom nie laat verleë of jaloers maak deur iets wat van hom teruggehou word nie. B.v., Jy kan maar jou ou lekkertjies hou; ek is nie vermaak se kind nie.
- Sy woord verpand :** sy woord van eer gee.
- Met vers en kapittel bewys :** met feite staaf.
- Die versene teen die prikkels slaan :** vrugtelose teëstand bied; met sy kop teen 'n klipmuur loop.
- Hom in sy siel versondig :** hom inniglik erg oor iets.
- 'n Greintjie versigtigheid is meer werd as honderd pond berou :** versigtigheid is beter as naberou.
- Iemand versondig :** hom kwaad, moeilik maak.
- Verspot wees :** dwaas wees; kaf praat; dit nie ernstig bedoel nie.
- Iemand iets aan die verstand bring :** hom iets laat verstaan.
- Iemand na sy verstand laat loop :** hom na die maan, na die hoenders laat loop.
- Sy fortuin onder (met) sy voete vertrap :** sy geluk weggooi; sy kans nie waarneem nie.
- Op die vet van die land lewe :** 'n hoë posisie beklee; 'n groot salaris trek.
- Iemand in sy eie vet laat gaar bak :** hom aan homself oorlaat; hom maar laat begaan.
- Sy lyf vet smeer :** hom vir 'n pak klaarmaak.
- Iemand vet om die oë smeer :** hom bedrieg.
- Hy is weer vet vandag :** hy is weer lekkerlyf (van die idee dat hy waggel soos 'n baie vet persoon.)
- Op sy vet teer :** op sy rente lewe; sy geld op lewe.
- Jaar vier se taal praat :** kinderagtig praat.
- Met die vierperdewa ry :** gaan trou.

- Vierkant teenoor mekaar staan :** Opinies toegedaan wees wat hemelsbreed verskil.
- Die vierskaar span :** regspraak doen.
- Dis Gods vinger :** die Here het dit gedoen.
- Die vinger op die mond lê :** tot stilsweye maan, waarsku, dwing.
- Die vinger op die wond lê :** presies sê waar die fout is.
- Iemand op die vingers tik :** hom berispe ; aanmerking maak op sy handelwyse.
- Lang vingers hê :** steel.
- Iets deur die vingers sien :** maak asof jy niks verkeerds merk nie ; dit oogluikend toelaat.
- Iemand om sy vinger draai :** met hom maak net wat jy wil.
- Nie 'n vinger verroer nie :** niks doen om iemand anders te help of om iets te verrig nie.
- Lekker is maar 'n vinger lank :** plesier is maar van korte duur.
- Vinger alleen wees :** stok-alleen wees.
- Dis vinkel en koljander :** gewoonlik met die toevoeging : die een is soos die ander,—dis presies eners. Ook van persone : hulle geaardheid is presies dieselfde.
- Die eerste viool êrens speel :** daar die meeste te sê hê ; die toon aangee.
- Drink soos 'n vis :** oormatig drink.
- So fris as 'n vis :** baie gesond ; in blakende welstand.
- Vis nog vleis wees :** dubbelhartig wees ; aan geen besondere party behoort nie ; so tussen die boom en die bas wees.
- Sit en visvang :** vaak hê en bygevolg met die kop sit en knik. B.v., Daardie groot kêrel sit Sondag vir Sondag onder die preek en visvang.
- Op droë grond visvang :** verniet by iemand 'n komplimentjie of 'n pluimpie soek.
- Met 'n hoë visier skiet :** sterk oordryf ; baie grootpraat.
- Die wit vlag opsteek :** bang word ; hensop.
- 'n Vlag op 'n modderskuit :** dit gaan nie saam nie ; harmonieer nie.
- Met vlag en wimpel deur 'n eksamen kom :** 'n eksamen met lof aflê.
- Die vlag stryk vir iemand :** hom as jou meerdere erken.

Die vlees is swak : die natuur van die mens is swak ; die mens kan nie altoos aan die verleiding weerstand bied nie.

Vleis braai voor jy die bok geskiet het : jou reeds voor die tyd in iets verlustig ; jou wins bereken voor jy enige sekerheid het.

Goed in die vleis wees : nie maer wees nie.

Verlang na die vleispotte van Egipte : terugverlang na 'n vroeëre toestand van welvaart.

Vlerk sleep by iemand : daar donkie vasmaak ; daar smous ; by 'n mooi kuier.

In sy vlerk skop by iemand : daar afsaal ; daar hoed ophang ; daar vry.

Hoër vlieg as wat sy vlerke lank is : meer onderneem as wat hy in staat is om te doen. Kyk ook by „Hoër.”

Van 'n vlieg ('n muggie) 'n olifant maak : iets kwaai oordrywe ; van 'n miershoop 'n berg maak.

Iemand 'n vlieg afgang : 'n voordeel op hom behaal.

Hy sal nie 'n vlieg kwaaddoen nie : hy is 'n baie goed-gearde mens.

Hoog vlieg en laag val : jou ryker voordoen as wat jy is en tot skande kom ; groot lewe en bankrot raak.

Iemand invlieg : hom slegsê ; hom te lyf gaan.

Twee vlieë in één klap slaan : twee sake inéens afhandel.

Vlieë vang : met sy oop mond sit of staan.

Daardie vlieër gaan nie op nie : daardie saak geluk nie.

So seker as 'n hand vol vlieë : baie onseker. B.v., Rykdom is so seker as 'n hand vol vlieë.

Solank as 'n voël vlieg, mag jy skiet : solank as 'n meisie ongetroud is, mag jy haar hart probeer wen.

Voëls word aan hulle vere geken : mens onderskei persone aan hulle dade.

Voëls van enerse vere : persone van dieselfde soort (gewoonlik in ongunstige betekenis gebruik).

'n Voëltjie hoor fluit : daar loop 'n geruggie ; dit word vertel.

Die beste voet voorsit : so aangenaam moontlik voordoen.

Voet in die wind slaan : baie hard weghol.

Voet by stuk hou : by sy oorspronklike plan bly ; nie ingee nië.

Op groot voet lewe : baie geld spandeer ; soos 'n ryk man lewe.

Op vrye voet stel : loslaat ; iemand die vryheid teruggee.

Op staande voet : dadelik.

Op goeie voet met mekaar wees : goed met mekaar klaarkom ; vriendskaplik met mekaar omgaan.

Iemand die voet op die nek hou : hom onderdruk.

Iemand die voet lig : hom in die geheim kwaad doen ; hom onderkruip.

Iemand met die voet lig : hom êrens uitskop.

Voor die voet : almal, sonder uitsoek.

Met die voet onder anderman se tafel sit : van 'n ander afhanklik wees.

Oor sy eie voete val : baie lomp wees.

Dit het voete gekry : dit het verdwyn ; dit is gesteel.

Voetjie-voetjie speel : met die voete stilletjies onder die tafel mekaar aanraak om die aandag te trek,—veral van twee verliefdes.

Voetjie vir voetjie loop : baie stadig, op sy dooie gemaak loop.

Iemand se voetspore volg (druk) : sy voorbeeld volg.

Iets voetstoots verkoop : iets verkoop soos dit staat, sonder waarborg.

Hou tot die volkies van die land af kom : goed geëet het en nie weer gou om kos vra nie.

Hy 's nes (net soos) 'n volstruis, waar hy kom is hy tuis : hy laat nie veel omslag vir hom maak nie ; hy is tevrede met alles net soos dit kom.

'n Volstruismaag hê : enige iets eet, sonder om daar nadelige gevolge van te ondervind.

'n Volstruispolitiek volg : dwaas te werk gaan.

Uit iemand se vonke bly : jou nie aan belediging blootstel nie.

Alles het sy voor en teë : elke saak het sy goeie en sy slegte kant.

Die voorbok wees : die leier wees (ongunstig).

Iets op die voorgrond stel : die aandag daarop vestig ; dit as die belangrikste voorstel.

Iemand voorhak : hom behulpsaam wees waar sy eie kragte te kort skiet ; hom geldelike hulp verleen waar sy eie middels ontoereikend blyk. B.v., Het my oom my nie voorgehak nie, dan sou ek die skool moet verlaat het.

Iemand se voorland : 'n lot wat hy nie kan vryspring nie ; iets wat seker oor hom moet kom. B.v., As hy nie minder spandabel word nie, is bankrot sy voorland (naam).

Hy is my voorperd : ek kan op hom reken.

Soos 'n voorslag wees : baie vinnig wees. B.v., Jy kan pos-toe gaan, maar jy moet soos 'n voorslag wees.

'n Noot rek soos 'n voorslagriempie : 'n noot lank uitrek, veral by die sing van psalms en gesange ('n voorslagriempie rek baie wanneer 'n mens hom stryk).

Die voortou neem : die saak aan die gang sit ; die leiding op hom neem.

'n Vooruit dorpie : 'n dorpie wat modern is ; wat vorentoe streef.

Die tyd vooruitloop : te haastig handel.

'n Vorentoe boer : 'n boer wat ryk is ; wat vooruitstrewend te werk gaan.

Iets in die beste voue (voeë) lê : dit so mooi as moontlik voorstel.

Vra is vry en weier daarby : daar is geen rede waarom jy nie om iets aansoek sal doen nie, maar daar is ook geen rede waarom dit toegestaan sal word nie.

Soos 'n vraagteken lyk : Lelik en misvormd wees.

Sê groetnis vir die vrate : skertsend tot iemand wat ongemaklik veel eet.

Ek het daar vrede mee : dit gaan my nie aan nie ; het daar geen beswaar teë.

'n Vreemdeling in Jerusalem wees : nie weet wat in sy onmiddellike omgewing gebeur nie ; nie op die hoogte wees van iets wat algemeen bekend is nie.

Hy sal vroeg moet opstaan : hy sal hard moet werk ; hy sal hom moet roer.

Van vrolikheid kom olikheid : uitbundige vreugde het gewoonlik seerkry en huil tot gevolg (veral van kinders) ; te veel vrolikheid het nadelige gevolge.

Aan die vrug ken 'n mens die boom : jou karakter blyk uit jou dade.

Verbode vrugte smaak die lekkerste : dis lekker om ongeoorloofde dinge te doen.

Sy hande vry hê : los wees om te doen wat hy wil.

Iemand iets onder die neus vrywe : hom dit verwyf.

Voor die vuis (praat, vat) : onvoorbereid praat ; sonder uitsoek vat.

In die vuis lag : stilletjies jou verheug.

Tussen twee vure sit : nie weet watter kant-toe nie ; nie weet wat om te doen nie.

Weet hoe die vurk in die steel steek (sit) : weet hoe dinge inmekaar sit; die ware toedrag van sake weet.

Naaste by die vuur sit : die meeste voordeel trek omdat hy nader by die grootbase is.

Met vuur speel : gevaarlike dinge doen.

Toe was die vuur in die gras : kyk by gort.

Vir iemand deur die vuur loop : alles vir hom wil doen ; gewillig wees om alles vir hom op te offer.

Vuur en vlam spung (spoeg) : heftig uitvaar.

Vuur en vlam wees : vol geesdrif wees ; baie kwaad wees.

Sy vuurdoop ontvang : vir die eerste keer aan 'n geveg deelneem ; vir die eerste maal onder die koeëls deurloop.

Bokant iemand se vuurmaakplek : bokant sy verstand of begrip ; bo sy kragte ; anderkant sy uitspanplek. B.v., Hierdie som is nou regtig bokant my vuurmaakplek.

Vuurwarm wees : lekkerlyf wees ; hoog dronk wees ; getier wees ; baie kwaad wees.

Vyeblare gebruik : flou ekskuse maak.

W

Altyd voor op die wa wees : hom gedurig op die voorgrond stel.

Iets in die waagskaal stel : dit aan die geluk oorlaat ; dit op die spel sit.

Iemand 'n waai gee : hom 'n klap gee.

'n Windjie hoor waai : 'n gerug van iets hoor ; 'n voëltjie hoor fluit.

So waar as padda manel dra : regtig waar.

Hy ag dit benede sy waardigheid : hy ag hom verhewe bo so iets.

Soos die waard is, vertrou hy sy gaste : ander mense na jouself oordeel.

Wakker bly : opsit, van 'n verliefde paar gesê.

Van die wal in die sloot raak : kyk by „Sloot.”

Jy is glad in die war : jy vergis jou ; is deurmekaar.

So warm dat die kraaie gaap : baie warm.

Gou warm word : gou kwaad word ; kortgespan wees.

Warmpies daar insit : ryk wees.

Sy hande in onskuld was : kyk by „Hande.”

Sy kop bo water hou : teen ondergang gered word.

Van die eerste water : in 'n hoë graad.

- Gods water oor Gods akker laat loop :** hom oor niks bekommer nie ; die saak sy eie gang laat gaan.
- Hom aan kou water brand :** oral swarigheid in sien ; te versigtig wees.
- Dis water op sy meul :** dit bevorder sy saak ; dit sterk hom in sy kwaad.
- Water by die wyn gooi :** 'n bietjie toegee.
- Water na die see toe dra :** onnodige werk doen.
- Stille water, diepe grond,**
- Onder draai die duiwel rond :** kyk by „Duiwel.”
- Iemand se mond laat water :** hom baie lus maak vir iets ; hom jaloers maak.
- 'n Waterdraer wees :** iemand wat nie sy eie kos verdien nie en op 'n ander se nek lê.
- Wawiel-ore-hê :** baie groot ore hê.
- Die deur is wa-wyd oop :** die deur is baie wyd oop.
- Met iets in die weer wees :** gedurig daarvoor praat.
- Hy is sonder weerga :** sy gelyke bestaan nie.
- Die breë weg bewandel :** in sonde voortlewe.
- Goed met iemand oorweg kom :** goed met hom klaar-kom.
- Die gras voor iemand se voete wegmaai :** kyk by „Gras.”
- Ander wêreld-toe wees :** dood wees.
- Van die ander wêreld :** van 'n besonder hewige aard ; 'n lawaai van die ander wêreld.
- Die wêreld aan brand steek :** groot onrus veroorsaak ; die poppe laat dans.
- Sy wêreld ken :** sy maniere ken ; weet hoe hy hom moet gedra.
- Die wêreld skeur (deel) :** weghardloop ; die rieme bêre.
- Baie werk van iemand maak :** veel ophef van hom maak.
- Buite weste wees :** dronk ; flou ; nie by sy positiewe nie.
- Iemand die wet voorskrywe :** hom gelas wat hy moet doen of laat.
- 'n Wet van Mede en Perse :** 'n vaste, onherroeplike wet of reël.
- Vir iets in die wieg gelê :** daarvoor bestemd.
- Die vyfde wiel aan die wa wees :** heeltetal oorbodig wees en net las veroorsaak.

Sy jas is in die wiel : kyk by jas.

Iemand in die wiele ry : hom teëwerk ; hom probeer onderkruip.

Die mens wik ; maar God beskik : die mens maak planne vir die toekoms, maar dit is alles van die wil van God afhanklik.

Ounôï se wikkeltaal : die trein. Onder „ounôï” moet verstaan word „Koningin Victoria,” onder wie se regering die eerste spoorlyn van die Kaap af gelê is.

Teen wil en dank : teen sy sin.

So wild vir iemand as 'n bok vir 'n skoot hael : baie bang vir iemand ; so bang as die duiwel vir 'n laaistok.

Willens en wetens iets doen : dit opsetlik doen.

Vol wimpies wees : vol draadwerk : vol nonsens.

Wind sny : vinnig weghol ; die wêreld skeur.

Wind sny vir iemand : voor hom ry ; vir hom die pad skoonmaak ; hom behulpsaam wees.

Iets (goeie raad) in die wind slaan : daar nie op let nie ; daar geen gebruik van maak nie.

Windmaak : grootpraat.

Wind maak sonder stof : grootpraat as jy nie rede daartoe het nie.

Deur die wind wees : nie by sy volle positiewe wees nie ; dronk wees ; slaapdronk.

Waai die wind uit daardie hoek ? : staan sake so ?

As jy wind saai, sal jy 'n warrelwind maai : as jy oproer verwek, kan jy maklik die slagoffer daarvan word.

Vir wind en weer laat groot word : die kind aan homself oorlaat om onopgevoed op te groei.

'n Windjie hoor waai dat..... : dit word gesê dat.....

Voor die wind gaan : voorspoedig gaan.

Die wind van voor kry : teëstand, teëkanting ondervind.

Die wind waai van die garsland af : die wind waai baie koud.

Wind-op gaan : met moeilikhede te kampe hê ; dit opdraand kry.

'n Windbuks : 'n grootprater.

Met alle winde saamwaai : met almal saampraat ; met al die partye saamgaan ; die meerderheid dien.

Dit sal hom nie windeiers lê nie : daar sal hy baie voordeel uit trek.

Soos 'n windwolk sonder reent wees : net grootpraat en bluf.

Deur die wingerd geloop het : dronk wees ; tiermelk gedrink het ; hoog veertien wees.

Witvoetjie soek by iemand : in sy guns probeer kom.

Soos 'n wolf eet : gulsig eet.

'n Wolf in skaapsvag : 'n veinsaard.

Vir wolf skaapwagter maak : kyk by „Skaapwagter.”

'n Wolf (Jakkals) verander van hare maar nie van nukke nie : jou ware aard moet altyd weer blyk (ongunstige bet.).

Sy lyf wolhaar hou : verlief wees ; (ook) sy lyf wollerig hou.

Wolhaar-woorde : groot, kwaai woorde, wat bestemd is om jou die skrik op die lyf te ja, maar wat by nader ondersoek blyk nie so 'n gevaarlike inhoud te hê nie.

In die wolke wees oor iets : baie bly wees oor iets ; opgetoë van vreugde.

Met die wolwe in die bos huil : hom na omstandighede skik.

Die Woord : die Bybel ; Gods Woord.

Van woorde tot daade kom : van rusie maak tot baklei oorgaan.

Woorde wek, maar voorbeelde trek : goeie daade het meer invloed as mooi preke.

Die hoogste woord voer : die meeste te sê hê.

'n Man van sy woord wees : iemand wees wat jy kan vertrou ; 'n man uit één stuk ; 'n eerlike man.

Woorde met iemand kry : met hom twis ; rusie maak.

Goed sy woord kan doen : goed sy mond roer ; 'n goeie gesprek kan voer ; 'n goeie toespraak kan lewer.

Altyd die laaste woord wil hê : altyd meen dat hy reg is ; nooit ingee nie.

'n Grootwoord : 'n vloekwoord.

Iets met wortel en tak uitroei : kyk by „Uitroei.”

Weet waar Dawid die wortels gegrawe het : kyk by „Dawid.”

Die wyn het 'n krakie : die wyn word suur.

Goeie wyn prys homself aan : wat goed is behoef jy nie te prys nie.

Hy is 'n regte wynvlieg : hy is baie agter sterk drank ; hy is 'n dronklap.

Wys wees : kwaai ; parmantig ; b.v., 'n wys kind, perd.

Iemand wys : op sy plek sit : leer ; b.v., Pas op ! ek sal jou netnou wys !

Iemand van sy wysie afbring : hom in die war bring.

Van die wysie af wees : in die war wees ; hom vergis.

·Y

Alles is ydelheid : alles is nietig, verganklik ; alles op die aarde is ónbesteëndig.

Die ys breek : 'n begin maak met iets ; die pad skoonmaak.

Die yster smee solank dit gloei : sy kans waarneem.

Yster met hande probeer breek : die onmoontlike probeer doen.

Ysterklou in die grond slaan : al jou kragte inspan.

Met die ysterperd ry : per trein ry ; -(ook) mét 'n rywiel ry.

Te veel ysters in die vuur lê : te veel sake tegelyk aanpak.

Hom yskoud laat : hom heeltemal ongevoelig laat ; hom glad nie raak nie.

